

**RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKE WERKERS OM EMOSIONELE
ONDERSTEUNING AAN KINDERS IN PLEEGSORG TE BIED**

deur

INGEBORG SCHREVE

**voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad**

**MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE-RIGTING)**

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MEV. C. VAN WYK

NOVEMBER 2007

Studentenommer: **810-701-7**

Ek verklaar hiermee dat **RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKE WERKERS OM EMOSIONELE ONDERSTEUNING AAN KINDERS IN PLEEGSORG TE BIED** my eie werk is en dat ek alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het deur middel van volledige verwysings aangedui en erken het.

HANDTEKENING

DATUM

DANKBETUIGINGS

Ek wil graag die volgende persone bedank. Sonder hul ondersteuning en aanmoediging sou hierdie studie nie voltooi kon word nie.

- **Mev. Carlien van Wyk, my supervisor en studieleier**, wat die nodige leiding en ondersteuning vir my gebied het tydens die studie.
- **BADISA-Villiersdorp**, wat toestemming verleen het dat ek pleegkinders vir my empiriese studie kon selekteer en gebruik.
- **Die pleegouers van die respondente**, wat ook toestemming verleen het dat hul kinders by spelterapie kon inskakel sodat ek my empiriese ondersoek kon doen.
- **Amanda Matthee**, wat die taalversorging en proeflees van die voltooide verhandeling gedoen het.
- **My familie en vriende**, wat gedurende my studietyd hul belangstelling in die studie getoon het en aan my die nodige ondersteuning gebied het.
- **My Vader in wie ek glo**, wat aan my die krag gegee het om voluit te gaan sodat ek my studies kon voltooi.

OPSOMMING

RIGLYNE VIR MAATSKAPLIKE WERKERS OM EMOSIONELE ONDERSTEUNING AAN KINDERS IN PLEEGSORG TE BIED

In hierdie studie is riglyne aan maatskaplike werkers gestel wat benut kan word om emosionele ondersteuning aan kinders in pleegsorg te bied. In 'n literatuurstudie is die kind in pleegsorg sowel as die dienste wat aan sodanige kind gelewer word, bespreek. Die beginsels van die Gestaltbenadering is ook bespreek aangesien dit tydens die empiriese studie gebruik is om riglyne vir maatskaplike werkers te bepaal.

'n Kwalitatiewe navorsingsontwerp is gebruik om die empiriese studie te voltooi en gevallestudies is gebruik. Pleegkinders wat tussen ses en twaalf jaar oud is en wat vir minder as twee jaar in pleegsorg verkeer en emosionele ondersteuning nodig, is deur middel van 'n doelbewuste steekproef vir die studie geselekteer.

Die navorsingsresultate het getoon dat pleegkinders wel emosionele ondersteuning nodig. Ten einde emosionele ondersteuning te bied, is riglyne vir maatskaplike werkers saamgestel wat gebruik kan word tydens dienslewering aan die pleegkind. Hierdie riglyne dien as die gevolgtrekkings en aanbevelings vir die studie.

SLEUTELTERME

- PLEEGKIND
- MIDDELKINDERJARE
- EMOSIONELE ONDERSTEUNING
- GESTALTSPELTERAPIE
- TERAPEUTIESE VERHOUDING
- MAATSKAPLIKE WERKER
- RIGLYNE
- VORME VAN SPEL
- TERAPEUTIESE INTERVENSIE

VERKLARING VAN TERME

In die studie word deurlopend na HY en die besitsvorm SY verwys ten einde 'n lomp skryfstyl te voorkom. HY en SY moet egter ook gelees word as om die vroulike vorms SY en die besitsvorm HAAR in te sluit.

SUMMARY

GUIDELINES FOR SOCIAL WORKERS IN PROVIDING EMOTIONAL SUPPORT TO CHILDREN IN FOSTER CARE

In this study, guidelines were developed for used by social workers to provide emotional support to children in foster care. The child in foster care as well as the services rendered in respect of such a child have been discussed in a literature study. The principles of Gestalt therapy were also discussed as these were used as part of the empirical study and as basis for the guidelines for social workers.

A qualitative research design was used to complete the empirical study and case studies were used. Children between six and twelve years who have been in foster care for less than two years and who needed emotional support were selected for the study by means of a purposeful test sample.

The research results showed that children in foster care are in need of emotional support. To provide such emotional support to the child in foster care, guidelines have been developed for social workers which they can apply when providing services to the child. These guidelines also serve as the conclusions and recommendations of the study.

KEY TERMS

- FOSTER CHILD
- MIDDLE-CHILDHOOD
- EMOTIONAL SUPPORT
- GESTALT PLAY THERAPY
- THERAPEUTIC RELATIONSHIP
- SOCIAL WORKER
- GUIDELINES
- FORMS OF PLAY
- THERAPEUTIC INTERVENTION

INHOUDSOPGAWE

1.	ORIËNTERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGS- ONDERSOEK	BL. 1
1.1	INLEIDING	1
1.2	PROBLEEMSTELLING EN RASIONAAL	2
1.3	NAVORSINGSBENADERING	6
1.4	NAVORSINGSMETODOLOGIE	8
1.5	ETIESE ASPEKTE	12
1.6	DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE	14
1.6.1	Pleegkind/pleegsorg	14
1.6.2	Emosionele ondersteuning	15
1.6.3	Gestaltterapie	15
1.6.4	Middelkinderjare	15
1.7	INDELING VAN HOOFSTUKKE	16
1.8	SAMEVATTING	16
2.	DIE PLEEGKIND IN SY MIDDELKINDERJARE	18
2.1	INLEIDING	18
2.2	DIE MIDDELKINDERJARE AS ONTWIKKELINGSFASE	18

2.2.1 Die tydperk van die middelkinderjare	18
2.2.2 Teorieë oor die middelkinderjare	19
2.2.3 Liggaamlike ontwikkeling	20
2.2.3.1 Algemene liggaamlike ontwikkeling	20
2.2.3.2 Motoriese ontwikkeling	21
2.2.4 Kognitiewe ontwikkeling	21
2.2.5 Morele ontwikkeling	22
2.2.5.1 Straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie	23
2.2.5.2 Naïewe hedonistiese en instrumentele oriëntasie	23
2.2.6 Emosionele ontwikkeling	23
2.2.6.1 Vrees	23
2.2.6.2 Liefde	24
2.2.6.3 Aggressie	24
2.2.7 Sosiale ontwikkeling	25
2.2.7.1 Van egosentrisme tot sensitiwiteit vir ander	25
2.2.7.2 Verhouding met portuurgroep	26
2.2.7.3 Spel	26
2.2.8 Persoonlikheidsontwikkeling	27
2.2.9 Terapie met die kind in sy middelkinderjare	27
2.2.9.1 Eienskappe van die kind as kliënt	28
2.2.9.2 Eienskappe waaroor die terapeut moet beskik	28
2.3 DIE PLEEGSORGOPSET	29
2.3.1 Faktore wat tot pleegsorgplasings bydra	29
2.3.2 Faktore wat tydens pleegsorgplasing oorweeg word	31
2.3.3 Terapeutiese dienste aan die pleegkind	33
2.3.3.1 Die maatskaplike werker	33
2.3.3.2 Biologiese ouers	34
2.3.3.3 Pleegouers	34
2.3.3.4 Die kinderhof en die kommissaris van kindersorg	34
2.3.3.5 Departement van Maatskaplike Dienste	35
2.3.3.6 Kerk	35
2.3.3.7 Die Skool	35
2.3.3.8 Die sielkundige/ander professionele persone	35

2.3.4	Aanpassing van die pleegkind	36
2.3.4.1	Behoeftte aan liefde en sekuriteit	36
2.3.4.2	Die behoefte aan nuwe ervarings	36
2.3.4.3	Die behoefte aan erkenning	37
2.3.4.4	Die behoefte aan verantwoordelikheid	37
2.4	SAMEVATTING	37
3.	'n TEORETIESE FUNDERING VAN DIE GESTALT- BENADERING	38
3.1	INLEIDING	38
3.2	GESTALTKONSEPTE	38
3.2.1	Terapeutiese verhouding	38
3.2.2	Holisme	39
3.2.3	Veldteorie	40
3.2.4	Organismiese selfregulering	41
3.2.5	Bewustheid	41
3.2.6	Onvoltooidhede	42
3.2.7	Keuses en verantwoordelikhede	43
3.2.8	Kontakgrense en weerstand	43
3.3	VORME VAN SPEL	45
3.3.1	Sensoriese spel	45
3.3.2	Gedramatiseerde spel	46
3.3.2.1	Handpoppe, vingerpoppe, poppe en papierpoppe	46
3.3.2.2	Rollespel	47
3.3.2.3	Dans en bewegings	47
3.3.2.4	Gebruik van 'n telefoon	48
3.3.2.5	Maskers en kostuums	48
3.3.3	Skeppende spel	48

3.3.3.1 Kleiwerk	49
3.3.3.2 Gebruik van die sandbak	50
3.3.3.3 Tekeninge	50
3.3.3.4 Collage	51
3.3.4 Bibliospel	51
3.3.4.1 Die gebruik van kinderstories	52
3.3.4.2 Die skryf van 'n storie vir 'n kind	52
3.3.4.3 Die lewensboek, dagboek en padkaart	53
3.4 SAMEVATTING	54
4. EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGE	55
4.1 INLEIDING	55
4.2 NAVORSINGPROSEDURES EN WERKWYSE	55
4.3 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, POPULASIE EN STEEKPROEFNEMING	56
4.4 BESPREKING VAN GEVALLESTUDIES	57
4.4.1 Respondent 1: Jack	57
4.4.1.1 Agtergrondinligting en aanmeldingsproblematiek	57
4.4.1.2 Terapeutiese intervensie	58
4.4.1.3 Evaluering van Jack ten opsigte van die terapeutiese intervensie	69
4.4.2 Respondent 2: Anna	70
4.4.2.1 Agtergrondinligting en aanmeldingsproblematiek	70
4.4.2.2 Terapeutiese intervensie	71
4.4.2.3 Evaluering van Anna ten opsigte van die terapeutiese intervensie	82
4.4.3 Respondent 3: Ansie	83
4.4.2.1 Agtergrondinligting en aanmeldingsproblematiek	83
4.4.3.1 Terapeutiese intervensie	84
4.4.3.2 Evaluering van Ansie ten opsigte van die terapeutiese intervensie	93

4.5	ANALISERING VAN DATA	94
4.6	LITERATUURKONTROLE	95
4.6.1	Terapeutiese verhouding	95
4.6.2	Holisme	95
4.6.3	Stel van grense	96
4.6.4	Gebruik van dialoog	96
4.6.5	Aanspreek van bewustheidsvlakke	97
4.6.6	Aanspreek van onvoltooidhede	98
4.6.7	Keuses en verantwoordelikhede	98
4.6.8	Gebruik van projeksies	98
4.6.9	Gebruik van mediums en tegnieke	98
4.7	RIGLYNE	99
4.7.1	Terapeutiese verhouding	99
4.7.2	Holisme	100
4.7.3	Stel van grense	100
4.7.4	Gebruik van dialoog	101
4.7.5	Aanspreek van bewustheidsvlakke	101
4.7.6	Aanspreek van onvoltooidhede	101
4.7.7	Keuses en verantwoordelikhede	102
4.7.8	Gebruik van projeksies	102
4.7.9	Gebruik van mediums en tegnieke	102
4.8	SAMEVATTING	103
5.	SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	104
5.1	INLEIDING	104
5.2	GELDIGHEID VAN DIE STUDIE	104

5.2.1	Geloofwaardigheid	104
5.2.2	Oordraagbaarheid	105
5.2.3	Afhanklikheid/Konsekwentheid	105
5.2.4	Bevestigbaarheid	106
5.3	OORSIG VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK	106
5.3.1	Navorsingsvraag	106
5.3.2	Bereiking van doelstelling en doelwitte	107
5.3.2.1	Doelstelling	107
5.3.2.2	Doelwitte	107
5.4	SAMEVATTING VAN DIE ONDERSKEIE HOOFSTUKKE	109
5.4.1	Hoofstuk 1: Oriëntering ten opsigte van die navorsingsondersoek	109
5.4.2	Hoofstuk 2: Die pleegkind in sy middelkinderjare	109
5.4.3	Hoofstuk 3: 'n Teoretiese fundering van die Gestaltbenadering	110
5.4.4	Hoofstuk 4: Empiriese gegewens en navorsingsbevindings	110
5.5	GEVOLGTREKKINGS	111
5.6	AANBEVELINGS	113
5.6.1	Algemene aanbevelings	113
5.6.2	Aanbevelings oor die navorsingsproses en verdere navorsing	115
5.7	SAMEVATTING	117

BRONNELYS

BYLAES:

BYLAAG 1: TOESTEMMINGSBRIEF

HOOFSTUK 1

ORIËTERING TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSINGSONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) definieer 'n pleegkind as "... 'n kind wat in die bewaring van 'n pleegouer geplaas word" (Swanepoel & Wessels, 1992:17). Die kind word ingevolge Artikel 14 van dieselfde Wet sorgbehoewend bevind as gevolg van maatskaplike omstandighede en uit sy biologiese ouers of versorger se sorg verwyder en in pleegsorg geplaas. Volgens die Psigologiewoordeboek (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1987:277) word pleegsorg gedefinieer as: "die versorging van 'n kind deur ander persone as die natuurlike ouers inge-volge 'n kinderhofbevel".

Die navorser het uit praktykervaring ondervind dat kinders wat weens maatskaplike omstandighede in pleegsorg geplaas word veral in die eerste paar jaar van die pleegsorgplasing emosionele probleme ervaar. Die emosionele probleme kom veral voor waar hulle deur hul ouers of versorgers mishandel of verwaarloos is of waar hulle aan erge gesinsgeweld blootgestel is. Dit word ook ervaar dat waar kinders en pleegouers deur die biologiese ouers gedreig word, die kind nie daartoe in staat is om met die pleegouers te bind nie as gevolg van die trauma wat hy beleef. Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kinder- en Gesinsorg (2000:57) bevestig hierdie stelling, naamlik dat indien 'n kind aan enige vorm van verwaarloosing of mishandeling blootgestel is, hy soms nie oor die vermoë beskik om 'n sinvolle verhouding met die nuwe "ouers" aan te knoop nie. Dit blyk dus dat sommige kinders in pleegsorg emosionele ondersteuning benodig om in hul nuwe situasie aan te pas.

Die navorser is van mening dat die verskillende vorme van spel doeltreffend tydens terapie met pleegkinders aangewend kan word. Van der Merwe (1996:108) bevestig hierdie siening en noem dat die kind byvoorbeeld deur bibliospel in staat gestel kan word om die gevoelens wat hy ervaar na vore te bring. Dit gee aanleiding tot groei en insigontwikkeling in sy unieke situasie of probleem.

Hierdie studie stel vanuit die Gestaltbenadering ondersoek in na die benutting van speltherapie tegnieke tydens die terapeutiese proses sodat riglyne vir maatskaplike werkers saamgestel kan word wat hulle in staat sal stel om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied. Volgens Oaklander (2003:143) word die Gestaltbenadering gesien as 'n mensgedrewe, prosesgeïntegreerde wyse van terapie wat daarop gerig is om 'n gesonde, geïntegreerd-funksionerende organisme daar te stel. Daar word dus sintuiglik, liggaamlik, emosioneel en intellektueel na die organisme in geheel gekyk.

Daar word spesifiek klem gelê op die pleegkinders in hul middelkinderjare (ongeveer ses tot twaalf jaar), dit wil sê laerskoolkinders, asook kinders wat hoogstens twee jaar in pleegsorg is.

1.2 PROBLEEMSTELLING EN RASIONAAL VIR STUDIE

Kinders word volgens Artikel 15(1)(b) van die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983, soos gewysig, onder die toesig van 'n maatskaplike werker in pleegsorg geplaas (Van Niekerk, 1998:86). Volgens BADISA se jaarstatistiek vir 2006/2007 verkeer 7 383 kinders in pleegsorg waarvan 681 gedurende hierdie tydperk deur die statutêre proses in pleegsorg geplaas is. Die organisasie beskik slegs oor 112 maatskaplike werkers. Indien 'n gemiddeld bereken word, hanteer elke maatskaplike werker sowat 66 pleegsorgkinders (BADISA, 2007:1). Volgens die navorser word daar in die diensleweringproses min aandag aan hierdie kinders gegee en gevolglik word hul emosionele ervarings wat met die pleegplasing gepaardgaan, oorgesien. Die navorser is van mening dat dit noodsaaklik is dat maatskaplike werkers moet poeg om genoegsame tyd te spandeer om terapie aan pleegkinders te

lewer en die nodige emosionele ondersteuning aan hulle bied sodat aanpassingsprobleme binne die pleegsorgplasing voorkom kan word.

Hoewel 'n organisasie soos BADISA 'n handleiding vir pleegsorghantering het, word daar nie voorsiening gemaak vir riglyne om die nodige emosionele ondersteuning aan hierdie kinders te bied nie. Dit word as 'n leemte beskou. Die navorser is van mening dat maatskaplike werkers hierdie kinders by speltherapie kan inskakel indien gepaste riglyne aan maatskaplike werkers gegee word. Só kan die kinders deur 'n proses begelei kan word om die sekuriteit van 'n veilige omgewing, waarin hulle wettig geplaas is, te besef. Hierdie maatskaplike werkers kan speltherapietegnieke vanuit die Gestaltbenadering benut en sodoende die pleegkinders bemagtig om hul eie unieke situasie te aanvaar en probleme op te los.

In navorsing deur Hill, soos aangehaal deur Triseliotis, Sellick en Short (1995:3), definieer pleegkinders pleegsorg as: "Something happening to your family and you are then being looked after by another family for a short time or being moved around." Hierdie siening van pleegkinders kom daarop neer dat kinders bewus is dat iets in hul familie of gesin plaasgevind het, dat 'n ander gesin gevra word om hulle tydelik te versorg en dat pleegsorg met verskuiwings en onstabieleit geassosieer word. Dit is dus belangrik om pleegkinders se persepsies oor pleegsorg, onsekerheid oor die toekoms en die angstevoelens wat daarmee gepaardgaan vroegtydig aan te spreek om te verseker dat hierdie kinders die nodige sekuriteit kan ervaar.

In 'n handleiding vir die opleiding van pleeg- en veiligheidsouers, soos deur maatskaplike werkers van BADISA (2005:2-3) opgestel, word pleegkinders beskou as kinders wat dieselfde behoeftes en vrese as enige ander kind ervaar. Die pleegkind kan wel met die statutêre optrede heelwat trauma ervaar. Die verwydering van sy ouers kan byvoorbeeld aanleiding gee tot gevoelens soos hulpeloosheid, weerloosheid en angst. Die kind word in 'n omgewing geplaas wat vir hom onbekend is en hy word gedwing om 'n nuwe roetine aan te leer. Daar word volgens die navorser ook nie in die pleegsorgsituasie genoegsaam

aandag aan terapie vir sodanige kind gegee nie, omdat maatskaplike werkers nie oor riglyne beskik om terapie aan hierdie kinders te bied nie.

Hierdie studie lê klem op die kind wat in sy middelkinderjare (ses tot twaalf jaar). Volgens Louw (1992:325) beskou sielkundiges hierdie tydperk as relatief rustige jare wat die kind se fisieke ontwikkeling betref. Hierdie tydperk is wel van kritieke belang vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling. Die kind in hierdie ouderdomsgroep wat weens omstandighede uit sy biologiese ouers se sorg verwyder moet word en in pleegsorg geplaas word, kan volgens die navorser emosies ervaar wat sy ontwikkeling op genoemde gebied negatief beïnvloed. Indien die maatskaplike werker spelterapie tegnieke tydens terapie met die kind benut, word daar aandag geskenk aan die vrese en angs wat hy ervaar. Hy sal dan bemagtig kan word en die nodige sekuriteit kan ervaar. Cattanach verwys na Gersie (2001:107) wat meld dat die kind byvoorbeeld deur die gebruik van stories die geleentheid gebied kan word om dit wat onbekend is te kommunikeer. Die onnoembare word vir die kind herkenbaar wanneer hy dit kan uitspeel. Só word die emosies wat hy ervaar makliker hanteerbaar.

Welsynsorganisasies het handleidings oor die hantering van pleegsorg en lê klem op die hantering van die kind wat in pleegsorg geplaas word. Daar word ook van die maatskaplike werker verwag om terapeutiese dienste aan hierdie kinders te bied sodat hul emosionele ervaring van die verandering wat in hul lewe plaasvind, deurgewerk kan word (BADISA, 2005:10-15; South African National Council for Child and Family Welfare, 2000:55-79). Die gebrek aan duidelike riglyne vir maatskaplike werkers om wel terapie met hierdie kinders te doen is 'n leemte in hierdie handleidings.

Die navorser wil in hierdie studie 'n bydrae lewer deur aan maatskaplike werkers riglyne te bied sodat hulle emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg kan bied. Op so 'n wyse kan die kind bemagtig word om moontlik meer sekuriteit binne die pleegsorgplasing te ervaar.

Volgens Smit (1993:10) word die probleemformulering van 'n navorsingsprojek in 'n breër lig beskou as net die spesifisering van die probleemarea wat ondersoek of nagevors word. Volgens hom moet die volgende gedoen word om die probleem te formuleer: gee agtergrond oor die navorsingsprojek, baken die navorsingsprobleem af en formuleer dit, stel moontlike hipoteses op, identifiseer veranderlikes en definieer kernbegrippe.

Mark (in De Vos, 2005:116) noem verder dat dit belangrik is dat die navorser seker maak die probleem word duidelik gedefinieer sodat die leser kan verstaan wat die voorgestelde navorsingstudie behels. Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser die volgende hoofprobleem en subprobleme geformuleer:

HOOFPROBLEEM

'n Beperkte aantal maatskaplike werkers beskik oor die nodige kennis om emosionele ondersteuning aan die pleegkind deur middel van die Gestalt terapeutiese benadering te bied.

SUBPROBLEME

- Daar word in dienslewering min aandag gegee aan die emosionele ondersteuning van die kind in pleegsorg;
- Die kind in pleegsorg kry nie die nodige emosionele ondersteuning nie; en
- Maatskaplike werkers beskik nie oor die nodige kennis en riglyne om spesifieke en gepaste terapie aan kinders in pleegsorg te bied nie.

Ten einde hierdie probleem aan te spreek, is 'n doelstelling en doelwitte vir die studie gestel. Volgens Fouché en De Vos (2005:104) word 'n doelstelling beskou as die eindresultaat wat die navorser met sy ondersoek wil bereik. De Vos (2005:104) verwys ook na 'n doelstelling as die breë uitkomst wat die navorser wil bereik. Na aanleiding van die probleemformulering is die volgende doelstelling vir die navorsingstudie daargestel:

Om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel wat gebruik kan word om die kind in pleegsorg emosioneel te ondersteun.

Volgens Fouché en De Vos (2005:104) verwys doelwitte na die meer konkrete en meetbare stappe om die eindresultaat te bereik. Om bogenoemde doelstelling te bereik, is die volgende doelwitte gestel:

- Gee 'n beskrywing van die kind in pleegsorg, die lewensfase waarin die kind homself bevind en emosies wat beleef word om begrip vir hierdie kind te ontwikkel;
- Gee 'n beskrywing van sekere Gestaltkonsepte en die gebruik van speltherapietegniese volgens die Gestaltbenadering om 'n teoretiese raamwerk vir die studie daar te stel;
- Benut ongestruktureerde onderhoude in die verskillende vorme van spel tydens die terapeutiese intervensie om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied;
- Maak gevolgtrekkings en aanbevelings om riglyne daar te stel wat maatskaplike werkers kan gebruik om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied.

Volgens Strydom en Delport (2005:321) moet die navorser, nadat die probleem geïdentifiseer is, spesifieke vrae oor die onderwerp vra. Dit is dus belangrik dat al die vrae verband moet hou met die doelstelling en doelwitte van die ondersoek. Die volgende navorsingsvraag is vir die ondersoek gestel:

Watter riglyne kan maatskaplike werkers volg om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied?

1.3 NAVORSINGSBENADERING

Hierdie is navorsingsonderzoek kwalitatief van aard. Volgens Fouché en Delpont (2005:74) verwys kwalitatiewe navorsing na navorsing wat deelnemers se ervarings of deelname na vore bring. Die kwalitatiewe navorser verstaan die deelnemers se reaksies in plaas daarvan om hul reaksies te verduidelik.

In hierdie navorsingsonderzoek word daar van drie gevallestudies gebruik gemaak. Kinders wat hoogstens twee jaar in pleegsorg is en wat enige vorm van negatiewe emosies ervaar, is by terapeutiese intervensie ingeskakel. Verskillende speltherapie tegnieke volgens die Gestaltbenadering is tydens terapie sessies benut sodat riglyne vir maatskaplike werkers saamgestel kon word om emosionele ondersteuning aan hierdie kinders te bied. Die gebruik van speltherapie tegnieke is verken en beskryf, wat meebring dat hierdie studie kwalitatief van aard is.

- **Soort navorsing**

Hierdie studie behels toegepaste navorsing wat 'n verkennende en beskrywende aard het. Volgens Fouché en De Vos (2005:106) verkry die navorser deur verkennende navorsing insig in basiese feite en skep dit 'n algemene beeld van omstandighede. Die navorser verkry die nodige insig in 'n situasie, fenomeen, gemeenskap of individu: die “wat”-vraag word gestel. In hierdie studie verken die navorser watter wyse speltherapie tegnieke tydens die terapeutiese proses benut kan word ten einde riglyne vir maatskaplike werkers vas te stel om emosionele ondersteuning aan kinders in pleegsorg te bied.

Beskrywende navorsing verwys na die spesifieke detail van 'n situasie of 'n verhouding en fokus op die “hoe”- en “hoekom”-vrae (Fouché en De Vos, 2005:106). Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie bespreek die navorser gevallestudies. Daar word beskryf hoe speltherapie tegnieke tydens die terapie sessies aangewend is. Hieruit het die navorser gevolgtrekkings gemaak om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied.

- **Navorsingstrategie**

Fouché (2005:268) verwys na 'n strategie as 'n ontwerp. Hy verwys na Creswell wat 'n navorsingsontwerp in 'n kwalitatiewe konteks definieer as die totale proses van navorsing, naamlik vanaf die konseptualisering van die probleem tot by die skryf van die verslag. Daar word in hierdie navorsingstudie van gevallestudies as navorsingstrategie gebruik gemaak. Volgens Fouché (2005:272) beskou Creswell 'n gevallestudie as 'n in-diepte ontleding van 'n “gebonde sisteem” of 'n enkele geval of waar verskeie gevalle oor 'n tydperk bestudeer word. Hy verwys na drie soorte gevallestudies, naamlik intrinsieke, instrumentele en kollektiewe gevallestudies. Die navorser maak van intrinsieke gevallestudies in hierdie studie gebruik. Intrinsieke gevallestudies lê klem op 'n beter begrip van die individuele geval (Fouché, 2005:272). Dit het die navorser in staat gestel om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel sodat hulle die nodige emosionele ondersteuning aan kinders in pleegsorg kan bied.

1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE

- **Literatuur**

As navorsingprosedure het die navorser eerstens die nodige literatuur bestudeer wat met die doelwitte van die studie verband hou. 'n Beskrywing is dus gegee van die kind in pleegsorg, die lewensfase waarin die kind homself bevind, asook watter soort emosies deur sodanige kind ervaar kan word. Sekere Gestaltkonsepte en die gebruik van speltherapietegnieke volgens die Gestaltbenadering is ook beskryf.

- **Universum, populasie en steekproefneming**

Volgens Strydom (2005:193) verwys 'n universum na alle moontlike deelnemers wat deel kan uitmaak van die ondersoek waarin die navorser belang stel. Volgens hom verwys die populasie na individue met spesifieke

karaktertreкке binne die universum. Die navorser beskou dus vir hierdie studie die universum as alle pleegkinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar wat hoogstens twee jaar in pleegsorg is en wat emosionele ondersteuning benodig. Die populasie wat in hierdie navorsingstudie gebruik is, word begrens deur die gemeenskap van Villiersdorp en omliggende plase. Dit is ook die werksarea van die maatskaplike organisasie BADISA. Die populasie kan dus beskryf word as pleegkinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar wat hoogstens twee jaar in pleegsorg verkeer en wat emosionele ondersteuning benodig. Die kinders is woonagtig in die werksarea van BADISA-Villiersdorp.

Kerlinger, soos aangehaal deur Strydom (2005:193), beskryf 'n steekproef as enige gedeelte van die populasie of universum wat verteenwoordigers van daardie populasie of universum is. Volgens Strydom (2005:201) kan die navorser van 'n waarskynlike en nie-waarskynlike steekproef gebruik maak. By 'n nie-waarskynlike steekproef word ewekansigheid nie toegepas nie. Die moontlikheid om 'n spesifieke individu te kies is nie bekend nie omdat die navorser nie die grootte van die populasie of lede van die populasie ken nie.

Strydom (2005:202-203) bespreek verskeie nie-waarskynlike steekproewe. Vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie is daar van 'n doelbewuste nie-waarskynlike steekproef gebruik gemaak. Volgens Strydom is sodanige steekproef in geheel op die navorser se oordeel gegrond omdat die steekproef bestaan uit elemente wat die meeste karaktertreкке het, verteenwoordigend is en tipiese eienskappe van die populasie het. Die volgende kriteria het vir die samestelling van die steekproef gegeld:

- Kliënte van BADISA-Villiersdorp;
- Kinders van enige geslag wat hoogstens twee jaar in pleegsorg geplaas is;
- Kinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar;
- Kinders uit die Kleurlinggemeenskap; en
- Kinders wat emosies soos angs, vrees of hartseer beleef.

Die navorser het drie kinders by die studie betrek om die geldigheid van die gevolgtrekkings uit die studie te kon staaf. Al die respondente het aan bogenoemde kriteria voldoen.

- **Data-insameling**

Gevallestudies is benut. Pleegkinders wat emosionele ondersteuning benodig en wat hoogstens twee jaar in pleegsorg is, is by terapeutiese intervensie betrek waartydens speltherapie tegnieke benut is. Die gevallestudies is uit die bestaande gevallelading van BADISA-Villiersdorp geselekteer. Die kinders is ingeskakel by 'n minimum van ses sessies. Data is ingesamel deur die benutting van ongestruktureerde en semi-gestruktureerde onderhoud (tydens laaste sessie) waar speltherapie tegnieke tydens terapeutiese intervensie gebruik is om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied. Volgens Greeff (2005:292-293) verwys 'n ongestruktureerde onderhoud na 'n in-diepte onderhoud wat met 'n persoon gevoer word om 'n doel te kan bereik, naamlik om antwoorde op vrae te kry. Die klem val op die ervaring wat albei partye uit die gesprek kry. Die navorser het ook data deur veldnotas en observasie ingesamel. Volgens Greeff (2005:298) verwys veldnotas na geskrewe notas van al die dinge wat die navorser tydens die onderhoud met die kliënt hoor, sien, ervaar en waarneem.

- **Data-ontleding**

Die navorser het alle data ontleed wat deur die literatuurstudie en gevallestudies ingewin is. Volgens De Vos (2005:333) word data-ontleding tydens 'n navorsingstudie beskou as die proses om orde en struktuur te gee aan al die data wat tydens die ondersoek ingesamel is. Hy verwys ook na sewe stappe wat die navorser kan gebruik om data te ontleed (De Vos, 2005:334-

339). Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser slegs die volgende vyf stappe gebruik om data te ontleed:

- *Beplanning van data-opname:* Dit is belangrik dat die navorser voor onderhoudvoering met die respondente bepaal hoe hy die nodige data gaan verkry, byvoorbeeld of die onderhoud op band of video opgeneem gaan word. Weens die sensitiwiteit van sekere inligting sal die respondente se toestemming vir sodanige aksie verkry moet word. Die navorser het van video-opnames gebruik gemaak en die nodige toestemming van die respondente verkry voordat hulle by terapie ingeskakel het.
- *Data-insameling en voorlopige ontleding:* Dit word as 'n tweeledige benadering by kwalitatiewe navorsing gesien, aangesien data wat ingesamel word reeds van die begin van enige studie ook ontleed moet word sodat die navorser slegs die gepaste inligting vir die studie kan verkry.
- *Organisering van data:* Dit is belangrik dat die navorser al die inligting organiseer wat hy tydens die literatuurstudie ingewin het en tydens die terapeutiese intervensie as veldnotas afgeneem het. Alle data wat tydens die studie ingewin is, is deur die navorser in lêers geliasseer en in veilige bewaring gehou.
- *Die lees en skryf van aantekeninge:* Die aantekeninge bestaan uit kort frases, idees of sleutelemente wat die navorser uit die veldnotas en opnames verkry. Hoe meer die navorser deur alle moontlike inligting lees, hoe meer sal hy vertrouwd raak met al die data wat tydens die studie verkry is. Dit sal verseker dat die navorser tydens die skryf van die finale verslag die belangrikste inligting deurgee.

- *Ontwikkel kategorieë, temas en patrone:* Dit word gebruik sodat die navorser kan bepaal watter soort persone by die navorsingstudie ingesluit moet word. Vir die doeleindes van hierdie studie is daar bepaal dat kinders wat hoogstens twee jaar in pleegsorg is en emosionele ondersteuning nodig het by terapie sal inskakel. Onderzoek is ingestel na hoe die benutting van speltherapietegniese vir sodanige kinders as riglyne vir maatskaplike werkers kan dien sodat emosionele ondersteuning aan die kind gebied kan word.

Nadat alle data verwerk is, het die navorser literatuurkontrole gedoen. Dit is nodig sodat al die data wat ingesamel en verwerk is met die literatuur geverifieer kan word. Aan die einde van die studie is gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak om riglyne aan maatskaplike werkers te verskaf sodat hulle emosionele ondersteuning aan kinders in pleegsorg kan bied.

1.5 ETIESE ASPEKTE

Strydom (2005:69) definieer etiek as 'n stel morele waardes wat wyduiteenlopend aanvaar word. Hierdie morele waardes dien as korrekte optrede waarvolgens eksperimentele onderwerpe ondersoek word. Die navorser moet dus daarna streef om sy navorsing sodanig aan te bied dat dit wetenskaplik is en aan die etiese vereistes voldoen. Strydom (2005:57-67) verskaf die volgende riglyne ten opsigte van etiese vereistes:

- *Vermyding van skade:* Die navorser moet sensitief wees vir die respondente se gevoelens aangesien die onderwerp wat ondersoek word emosionele gevoelens vir die respondente kan meebring en hulle enige deelname as negatief kan ervaar. In hierdie studie het die navorser die respondente en pleegouers genoegsaam inlig oor wat met die studie bereik wil word, naamlik om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel sodat hulle emosionele ondersteuning aan kinders in pleegsorg kan bied. Indien dit nodig sou wees dat enige van die respondente na afloop van die studie verdere terapeutiese hulp

benodig, sou die navorser dit gratis verskaf. Dit was nie nodig gewees nie aangesien die respondente die intervensie positief beleef het.

- *Goedkeuring van respondente:* Dit is belangrik dat die navorser elke potensiële respondent behoorlik inlig oor wat die navorsingstudie en sy deelname aan die studie behels. Vir die doel van hierdie studie het die navorser toestemming vir deelname van die respondente sowel as hul pleegouers (sien bylaag A) verkry. Die nodige toestemming is ook van BADISA verkry om die ondersoek te mag doen. Al die nodige inligting oor deelname is vooraf aan die respondente verduidelik. Video-opnames is gebruik en al die betrokke partye is in kennis gestel sodat die nodige toestemming verkry kon word.
- *Vertroulikheid en respek vir privaatheid:* Alle inligting wat respondente aan die navorser gee, moet as vertroulik beskou word. Die navorser moet ook respondente se identiteit en privaatheid respekteer. Die navorser het vir hierdie studie van gevallestudies gebruik maak, met ander woorde pleegkinders wat by spel terapie inskakel, sodat riglyne vir maatskaplike werkers daargestel kan word om emosionele ondersteuning aan kinders in pleegsorg te bied. Alle inligting is as vertroulik gehanteer. Om die kinders te beskerm word daar in die finale verslag van skuilname gebruik gemaak.
- *Bevoegdheid van navorser:* Dit is die verantwoordelikheid van die navorser om te sorg dat hy emosioneel en intellektueel daartoe in staat is om 'n spesifieke onderwerp te ondersoek. Die navorser is van mening dat hy wel oor die nodige vaardighede en praktyk-ondervinding in maatskaplike werk beskik om die spesifieke onderwerp te ondersoek. Daar is ook onder leiding van 'n studeleier gewerk.
- *Beskikbaarstelling van bevindinge:* Die navorser moet sorg dra dat die verslag wat gepubliseer word, akkuraat en objektief saamgestel is. Vir

die doeleindes van hierdie navorsingstudie het die navorser goed gefundeerde literatuur as onderbou vir die studie gebruik. Speltherapiesessies met die respondente is ook as gevallestudies bespreek om 'n gevolgtrekking te kon maak. Daar is gepoog om alle inligting as korrek in die verslag deur te gee.

- *Ontlonting by respondente:* Dit is belangrik dat die navorser ná afhandeling van die studie 'n sessie met die respondente reël waar tydens elke respondent die geleentheid gebied kan word om die gevoelens te verwoord wat hy tydens die ondersoek ervaar het. Die navorser kan die nodige ondersteuning aan die respondente bied en hulle ook van inligting voorsien van die bevindinge uit die studie. Tydens hierdie studie het die navorser van bestaande kliënte gebruik gemaak. Deurlopende maatskaplike dienste sal ná afhandeling van die studie aan die respondente gelewer word. Die nodige ondersteuning sal dus aan elke respondent gelewer kan word.

1.6 DEFINISIËS VAN HOOFKONSEPTE

Die volgende begrippe wat in die navorsingstudie bespreek word, word as volg deur die navorser omskryf:

1.6.1 Pleegkind/pleegsorg

'n Pleegkind word volgens die Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983, gedefinieer as 'n kind wat in die bewaring van 'n pleegouer geplaas word (Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983).

Volgens Wheal (1995:17) is 'n pleegkind “'n kind (wat broers en susters insluit) wat deur 'n persoon (pleegouer) versorg word en wel in daardie persoon se eie huis”.

Volgens die Psigologiewoordeboek (Plug, Meyer, Louw & Gouws, 1987:277) word pleegsorg gesien as die versorging van 'n kind deur ander persone as sy natuurlike ouers ingevolge 'n kinderhofbevel.

Vir die doeleindes van hierdie studie word 'n pleegkind en pleegsorg beskou as enige kind tot die ouderdom van 18 jaar wat weens maatskaplike omstandighede uit sy biologiese ouer(s) se sorg verwyder word en wat met statutêre optrede in alternatiewe sorg by 'n gesin geplaas word.

1.6.2 Emosionele ondersteuning

Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (Odendal & Gouws, 2000:204) definieer emosies as “ 'n gemoedstoestand soos vreugde, smart, vrees of woede”. Ondersteuning word verwoord as wanneer 'n persoon hulp verleen aan ander (Odendal & Gouws, 2000:1 088).

Vir die doeleindes van hierdie studie word emosionele ondersteuning beskou as daardie ondersteuning wat aan 'n persoon gebied word wanneer hy die emosies en gevoelens wat hy ervaar, verbaliseer.

1.6.3 Gestaltterapie

Volgens Oaklander (2003:143) is Gestaltterapie 'n humanistiese, prosesgeïntegreerde metode van terapie wat gemoeid is met die gesonde en geïntegreerde funksionering van die totale organisme. Daar word dus in totaliteit met die kliënt tydens terapie gewerk, naamlik sensories, liggaamlik, emosioneel en intellektueel.

Thompson en Rudolph (2000:167) beskou Gestaltterapie as die wyse waarop die kliënt gehelp word om in bewustheid te groei, verantwoordelikheid vir homself te neem en van omgewingsondersteuning na selfondersteuning te skuif.

Vir die doeleindes van hierdie studie fokus Gestaltterapie op die kliënt in sy geheel. Daar word dus aandag geskenk aan wat hy ervaar, hoe hy die ervaring beleef en die manier waarop sodanige kliënt self bemagtig kan word om die ervaring op 'n positiewe wyse te kan uit leef. Die kliënt neem dus verantwoordelikheid vir sy eie lewe en groei vind plaas.

1.6.4 Middelkinderjare

Volgens Louw (1992:325) word die middelkinderjare beskou as die tydperk tussen ses en twaalf jaar.

Berk (2002:5) beskou die middelkinderjare as die tydperk tussen ses en elf jaar waartydens die kind vaardighede bemeester om meer verantwoordelik op te tree.

Wanneer hierdie studie na die middelkinderjare verwys, is dit van toepassing op pleegkinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar.

1.7 INDELING VAN HOOFSTUKKE

Die navorsingsverslag word in die volgende hoofstukke ingedeel:

Hoofstuk 1 bestaan uit 'n inleiding tot die navorsingstudie. Hoofstuk 2 gee 'n teoretiese uiteensetting van die kind wat in pleegsorg geplaas word, die lewensfase waarin die kind homself bevind en die emosies wat beleef word. Hoofstuk 3 gee 'n teoretiese agtergrond van die Gestaltbenadering asook 'n uiteensetting van spelterapie tegnieke wat benut kan word. In Hoofstuk 4 word die uitkoms van die empiriese studie bespreek waartydens ongestruktureerde onderhoude in spelterapie tegnieke tydens terapeutiese intervensie benut is. In Hoofstuk 5 maak die navorser gevolgtrekkings en aanbevelings deur riglyne aan maatskaplike werkers te verskaf om emosionele ondersteuning in hul dienslewering aan pleegsorgkinders te bied.

1.8 SAMEVATTING

Maatskaplike werkers moet op 'n gereelde basis statutêr optree deur kinders weens omstandighede buite hul beheer in pleegsorg te plaas. Hierdie kinders beleef die pleegsorgplasing as traumaties en daarom is dit noodsaaklik dat emosionele ondersteuning tydens terapeutiese intervensie aan hulle gebied word.

Die navorsingsprobleem in hierdie studie gee aanleiding tot die doelstelling, naamlik om riglyne aan maatskaplike werkers te bied sodat hulle emosionele ondersteuning aan pleegkinders kan bied. Vervolgens sal daar in Hoofstuk 2 gefokus word op die ontwikkelingsfase van die kind in sy middelkinderjare, op pleegsorg en op die ervaring van kinders in pleegsorg.

HOOFSTUK 2

DIE PLEEGKIND IN SY MIDDELKINDERJARE

2.1 INLEIDING

Hoofstuk 2 en 3 dien as konseptuele raamwerk vir die empiriese studie om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel vir emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg. Die klem in hierdie hoofstuk val op die kind in pleegsorg en gepaardgaande dienslewering aan hierdie kind. Om die situasie waarin die pleegkind homself bevind beter te verstaan, sal die kind in sy middelkinderjare eers bespreek word om 'n oorsig te gee van die spesifieke ontwikkelingsfase van die kind wat in hierdie studie betrek word. Die kind in 'n pleegsorgopset sal ook bespreek word, asook die soort maatskaplike dienste wat aan die kind gebied word.

2.2 DIE MIDDELKINDERJARE AS ONTWIKKELINGSFASE

Die middelkinderjare word as 'n belangrike fase in die ontwikkeling van die kind beskou (Louw, 1998:326). Vervolgens word die volgende bespreek: die middelkinderjare as ontwikkelingsfase, 'n vergelyking van die teorieë van verskillende sielkundiges oor die middelkinderjare, en die verskillende vlakke van die kind se groei en ontwikkeling in hierdie fase.

2.2.1 Die tydperk van die middelkinderjare

Skrywers verskil oor presies wanneer 'n kind in sy middelkinderjare van ontwikkeling is. Volgens Louw (1998:326) word die middelkinderjare beskou as daardie tydperk tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar. Hy beskou hierdie tydperk as 'n rustiger ontwikkelings tydperk wat fisieke ontwikkeling betref. Dit is wel 'n kritieke tydperk waarin patrone gevestig word en waarin kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsepontwikkeling plaasvind. Berk (2002:5) beskou die ouderdomme tussen ses en elf jaar as die tydperk waartydens die kind vaardighede bemeester om meer verantwoordelik op te tree.

Elke ontwikkelingsfase waarin die mens homself bevind, vereis dat hy gedurende daardie ontwikkelingsfase sekere basiese ontwikkelingsstake moet kan bemeester. Louw (1998:326) wys daarop hoe belangrik dit is dat die kind wat in sy middelkinderjare is en in normale omstandighede groot word basiese ontwikkelingsstake moet bemeester. Sy motoriese ontwikkeling word verder verfyn en geslagsrolidentiteit word vasgelê. Konkreet-operasionele denke word ontwikkel terwyl die kind se kennisbasis uitbrei en ontwikkel aangesien hy skool bywoon. Die kind se deelname aan sosiale aktiwiteite word uitgebrei. Hy ontwikkel 'n groter mate van selfkennis, en pre-konvensionele moraliteit word ontwikkel en vasgelê.

Vervolgens word 'n paar teoretici se sienings oor die mens se ontwikkeling bespreek sodat 'n beter begrip verkry kan word oor die ontwikkeling van die kind in sy middelkinderjare.

2.2.2 Teorieë oor middelkinderjare

Teoretici soos Erikson, Maslow en Perls het basiese uitgangspunte en teorieë oor die ontwikkeling van die mens. Uit hul teorieë kan daar duidelike afleidings gemaak word oor die ontwikkeling van die kind in sy middelkinderjare.

Volgens Meyer (1990:156-157, 168-169) is die basiese uitgangspunt van Erikson se *egosiëlekundige teorie* dat die mens oor veelsydige potensiaal beskik. Die wyse waarop die individu ontwikkel, word bepaal deur geneties vasgelegde progressie, die individu se ego en die aard van die sosiale en breër kulturele omgewing. Hierdie

ontwikkeling vind deur sy hele lewe plaas. Elke ontwikkelingstadium word weer gekenmerk deur wat hy noem ontwikkelingskrisisse wat veroorsaak word deur die interaksie tussen die epigenetiese (fisieke) ontwikkeling en sosiale invloede. Volgens Erikson is die ontwikkelingskrisis van kinders in hul middelkinderjare arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid, en dit bepaal of die kind bekwaamheid vir die take ontwikkel. Hy verduidelik dat die kind gedurende hierdie fase ywerig deelneem aan aktiwiteite en verskeie take kan bemeester sodat hy die nodige erkenning kan kry. Dit kan egter gebeur dat die kind onsuksesvol is in die aanleer van vaardighede wat daartoe kan lei dat die kind 'n gevoel van minderwaardigheid ontwikkel. Om 'n gesonde balans daar te stel moet die kind 'n gevoel van bekwaamheid kan ervaar vir suksesvolle deelname binne die gemeenskap.

Volgens Maslow se *selfaktualiseringsteorie* bepaal die bevrediging van basiese behoeftes in watter mate 'n persoon kan ontwikkel. Sy bekende hiërargie van behoeftes – naamlik fisiologiese behoeftes, veiligheidsbehoefte, die behoefte aan affiliasie en liefde, die behoefte aan selfagting en die behoefte aan selfaktualisering – bepaal dat hoe laer die behoefte in die hiërargie is, hoe belangriker is die bevrediging daarvan (Moore, 1990:377).

Die *Gestaltbenadering* van Perls fokus op die mens as geheel ten opsigte van sy verhouding met homself en ander, asook met sy omgewing. Die persoon ervaar gebeure in die hier-en-nou en kan deur so 'n bewuswording met sy eie behoeftes en gevoelens in aanraking kom sodat hy kan leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir wie hy is en wat hy doen (Aronstam, 1992:639).

Na aanleiding van bogenoemde teorieë is dit belangrik om kennis te dra van al die gebiede waarop 'n persoon, en meer spesifiek die kind in sy middelkinderjare, kan ontwikkel en groei. Dit kan bepaal of hierdie kind normaal ontwikkel of nie omdat daar probleme in sekere areas is wat ontwikkeling negatief beïnvloed. Die volgende ontwikkelingsareas word vervolgens bespreek: liggaamlike, kognitiewe, morele, emosionele, sosiale en persoonlikheidsontwikkeling.

2.2.3 Liggaamlike ontwikkeling

Wanneer 'n kind in sy middelkinderjare is, vind liggaamlike ontwikkeling op verskeie gebiede plaas. Daar word vervolgens 'n uiteensetting van die kind se algemene liggaamlike asook sy motoriese ontwikkeling gegee.

2.2.3.1 Algemene liggaamlike ontwikkeling

Gedurende die middelkinderjare word fisieke groei hoofsaaklik deur 'n toename in gewig en lengte gekenmerk. Die kind se liggaam begin die vorm van 'n volwasse liggaam aanneem en fisiese veranderinge vind plaas. Die brein bereik sy volwasse grootte en gewig. Die longe funksioneer meer egalig en asemhaling is meer egalig en dieper. Die sirkuleringsstelsel van die hart ontwikkel teen 'n stadiger tempo. Verder word die kind se melktande vervang deur permanente tande (Louw, 1998:327-328; Mwamwenda, 1996:53-54; Kaplan, 2000:415; Slavin, 1997:87).

Wanneer kinders gedurende hul ontwikkeling, en selfs tydens swangerskap, aan verwaarlosing en/of mishandeling blootgestel word, kan hul fisiese ontwikkeling benadeel word. Van Niekerk (1998:71) noem dat wanneer die jong kind byvoorbeeld aan wanvoeding blootgestel is, dit die normale groei en ontwikkeling van die kind sal vertraag. Die verwaarloosde kind sal korter wees as kinders wat normale voeding gekry het. Voortdurende wanvoeding kan selfs groei stop.

2.2.3.2 Motoriese ontwikkeling

Een van die opvallendste ontwikkelingskenmerke tydens die middelkinderjare is die aanleer en verfyning van 'n verskeidenheid psigomotoriese vaardighede. Die kind is in staat om hierdie nuwe vaardighede te bemeester omdat daar 'n toename in krag, koördinasie en spierbeheer in die liggaam is. Die kind neem aan verskeie aktiwiteite soos hardloop, spring en swem deel om hierdie motoriese vaardighede te kan uitleef (Louw, 1998:329).

Indien 'n kind aan verwaarloosing of mishandeling blootgestel word, word sy motoriese ontwikkeling ook beïnvloed. Die kind kan as gevolg van die verwaarloosing byvoorbeeld gestremd wees en dit kan daartoe lei dat die ouers teleurgesteld of

gefrustreerd is met hul kind en verwaarlosing of mishandeling kan plaasvind (Van Niekerk, 1998:80).

2.2.4 Kognitiewe ontwikkeling

Gedurende hierdie fase is die kind 'n groot deel van die dag in die skool en ontwikkel sy kognitiewe vaardighede hoofsaaklik binne die skoolopset. Volgens Piaget se teorie word hierdie ontwikkelingsfase as die konkreet-operasionele tydperk beskou omdat die kind wel oor operasionele denke beskik. Dit is egter slegs konkreet omdat hy nog nie in staat is om abstrak te dink nie (Louw, 1998:331-332; Kaplan, 2000:415).

In die lig van Piaget se teorie beveel Slavin (1997:88) aan dat onderwysers bewus moet wees van die kind se kognitiewe vermoë en dus lesse so konkreet en eksperimenteel as moontlik moet aanbied. Ginsberg en Opper (in Louw, 1998:342) verskaf riglyne oor hoe onderwysers die kognitiewe ontwikkeling van die kind moet benader:

- Die onderwyser moet bewus wees dat die denke en taalgebruik van die kind nog besig is om te ontwikkel en dus van dié van volwassenes verskil;
- Enige kennis moet op 'n konkrete wyse deurgegee word aangesien kinders deur waarneming leer om op te tree;
- Kinders se belangstelling moet behou word om nuwe kennis aan te leer; en
- Die kind moet genoegsame geleentheid kry om oor dinge te debatteer en te argumenteer.

Dit is duidelik dat die skool 'n belangrike rol in die kind se ontwikkeling tydens sy middelkinderjare speel. Indien die kind die skool nie positief ervaar nie, kan sy kognitiewe ontwikkeling benadeel word. Van Niekerk (1998:71) waarsku dat indien 'n kind nie die nodige intellektuele stimulasie kry nie, hy nie die geleentheid kry om sy kognitiewe vermoë te ontwikkel nie. Dit kan daartoe lei dat die kind nie op skool vorder nie.

Volgens Meyer (1990:168-169) sien Erikson die kind in hierdie ontwikkelingsfase as iemand wat ywerig aan aktiwiteite deelneem en verskeie dinge kan bemeester om sodoende die nodige erkenning te kry. Dit kan egter gebeur dat die kind onsuksesvol is in die aanleer van vaardighede wat weer daartoe lei dat die kind 'n gevoel van minderwaardigheid ontwikkel. Om 'n gesonde balans te handhaaf, moet die kind 'n gevoel van bekwaamheid kan ervaar vir suksesvolle deelname binne die gemeenskap.

2.2.5 Morele ontwikkeling

Van der Zander (in Louw, 1998:38) verwys na morele ontwikkeling as die proses waardeur kinders beginsels aanleer sodat hulle in staat gestel kan word om tussen reg en verkeerd te onderskei, en om terselfdertyd hul gedrag ooreenkomstig hierdie beginsels te rig. Louw (1998:360) verwys na die teorie wat Kohlberg ontwikkel het en wat bepaal dat die kind in sy middelkinderjare nog nie morele rypwording ontwikkel het nie. Kohlberg onderskei drie vlakke van morele ontwikkeling, en die kind in die middelkinderjare beweeg op Vlak 1, naamlik die *pre-konvensionele vlak*. Hierdie vlak word in twee stadiums verdeel wat vervolgens bespreek word.

2.2.5.1 Straf- en gehoorsaamheidsoriëntasie

Dit is moeilik vir die kind in hierdie ontwikkelingsfase om 'n morele dilemma vanuit verskillende gesigspunte te benader en daarom evalueer hy gedrag slegs op grond van die gevolge daarvan. Hy voer die regte gedrag uit om sodoende straf te vermy en is ook onvoorwaardelik gehoorsaam aan outoriteitsfigure (Louw, 1998:360).

2.2.5.2 Naïewe hedonistiese en instrumentele oriëntasie

Gedurende hierdie stadium tree daar wel by die kind 'n bewuswording na vore om verskillende standpunte ten opsigte van 'n morele dilemma te kan handhaaf, maar dit is nog baie konkreet. Die kind kom reëls na indien dit in iemand se onmiddellike belang is (Louw, 1998:362).

2.2.6 Emosionele ontwikkeling

Gedurende die middelkinderjare bereik die kind volgens Turner en Helms (in Louw, 1998:349) groter emosionele volwassenheid. Die kind beweeg van hulpeloosheid na onafhanklikheid en selfgenoegsaamheid. Mwamwenda (1996:58) bevestig ook dat die kind meer onafhanklik van sy ouers optree. Die kind identifiseer nog steeds met sy ouers, en aanvaar hul waardes en dit waarin hulle glo. Die volgende emosies speel in hierdie tyd egter 'n groot rol in 'n kind se emosionele ontwikkeling:

2.2.6.1 Vrees

Tydens die middelkinderjare is daar 'n afname in vrees wat met liggaamlike veiligheid verband hou. Die kind ervaar nuwe soorte vrese soos hy sy sosiale grense uitbrei, byvoorbeeld vrees vir onderwysers en akademiese onderprestasie, asook vrees dat sy ouers sal doodgaan. Die meeste van hierdie vrese kan teruggevoer word na onaangename ervarings wat die kind beleef het (Louw, 1998:350-352; Mwanwenda, 1996:58-59).

2.2.6.2 Liefde

Liefde is 'n abstrakte term en die kind in sy middelkinderjare kan dit eers ten volle begryp sodra sy kognitiewe vermoëns redelik volwasse is. Die kind toon gewoonlik liefde op 'n fisiese wyse deur byvoorbeeld te soen en te druk. Hy leer ook dat liefde op ander maniere gewys kan word, soos deur mededeelsaamheid en gesels (Louw, 1998:352; Mwanwenda, 1996:58-59).

2.2.6.3 Aggressie

Die kind in sy middelkinderjare sal direkte aggressie teenoor ander gebruik met die primêre doel om te beseer. Volgens Mussen (in Louw, 1998:352) sal kinders wat aggressief is tydens die vroeë jare ook geneig wees om aggressief op te tree wanneer hulle adolessensie en volwassenheid bereik. Nie-aggressiewe kinders sal gewoonlik hul nie-aggressiewe gedrag voortsit soos wat hulle ontwikkel.

Volgens Louw (1998:356-357) en Slavin (1997:89) speel die invloed van die gesin, en veral die ouers se gedrag en optrede, 'n belangrike rol in die funksionering van die

kind in sy middelkinderjare. Hoewel die kind baie meer tyd weg van sy huis af bestee, is dit steeds die plek waar hy sekuriteit ervaar. Wanneer die ouers aggressiewe gedrag openbaar of die kind aan gesinsgeweld blootgestel word, kan dit gebeur dat die kind nie meer sekuriteit ervaar nie. Die soort ouerskapstyl wat ouers beoefen bepaal ook in watter mate die kind sekuriteit ervaar. Louw (1998:356-357) verwys na die volgende ouerskapstyle:

- *Die outoritêre ouer:* Hierdie ouer verwag van die kind om te alle tye gehoorsaam te wees. Min kommunikasie vind plaas en die ouer kan die kind selfs verwerp. Kinders wat sulke ouers het, het gewoonlik 'n laer selfagting en is ook minder vaardig in hul verhoudings met hul vriende.
- *Die gesaghebbende ouer:* Hierdie ouer gee duidelike rigting aan die kind sodat hy redelike vryheid ervaar, maar stel ook die grense. Die ouer stel eise, maar is warm, sensitief en geduldig, en moedig die kind aan om by die gesin se besluitnemingsprosesse betrokke te wees. Hierdie kinders het gewoonlik 'n hoë selfagting en is ook in staat om morele standaarde hul eie te maak.
- *Die permissiewe (liberale) ouer:* Hierdie ouer skep omstandighede waar die kind vir die regulering van sy eie gedrag verantwoordelik gehou word. Die ouer kan die kind wel goed versorg, maar oefen nie beheer oor die kind uit nie. Dit kan tot gevolg hê dat die kind doen wat hy wil. Konflik ontstaan gereeld omdat die kind geen verantwoordelikhede wil aanvaar nie.
- *Die onbetrokke ouer:* Hierdie ouer stel geen eise aan die kind nie en is ongeërg en tree selfs verwerpend teenoor die kind op. Die ouers is onbetrokke by die kind en bied slegs die minimum versorging aan die kind. Kinders wat sulke ouers het, het gewoonlik verstourings in hul verhoudings met ander mense, is geneig om impulsief op te tree, toon anti-sosiale gedrag en presteer ook nie op skool nie.

2.2.7 Sosiale ontwikkeling

Gedurende die middelkinderjare word die kind blootgestel aan 'n verskeidenheid nuwe sosiale leerervarings. 'n Paar belangrike sosiale ontwikkelingsfasette word vervolgens bespreek.

2.2.7.1 Van egosentrisme tot sensitiwiteit vir ander

Gedurende die ouderdom van ses tot agt jaar begin die kind waarneem dat mense se denke verskil. Die kind ontwikkel 'n sensitiwiteit vir ander mense, neem hulle in ag en toon 'n behoefte om tot hulp vir ander te wees. Die kind tree ook meer onselfsugtig op (Louw, 1998:352-354).

2.2.7.2 Verhouding met portuurgroep

Gedurende die middelkinderjare is kinders meer geneig om in hul interaksie maats te wees met kinders van dieselfde geslag. Dit is uiters belangrik vir 'n kind se ontwikkeling om met sy portuurgroep te kan identifiseer. Volgens Vander Zander (in Louw, 1998:369) is die funksie van die portuurgroep om kameraadskap aan die kind te verskaf. Daarby kry die kind die geleentheid om nuwe gedrag aan te leer en dit help die kind om inligting en kennis oor te dra. Die kind leer reëls en regulasies. Geslagsrolle word versterk en die kind kry ondervinding om op gelyke voet met ander mee te ding. Interaksie met die portuurgroep maak dit vir die kind moontlik om emosionele bande met die ouers te verbreek wat belangrik is om onafhanklik te kan funksioneer (Louw, 1998:368-370; Slavin, 1997:88-89; Mwamwenda, 1996:55-56).

2.2.7.3 Spel

Vir die kind in sy middelkinderjare is spel 'n integrale deel van sy daaglikse funksionering. Louw (1998:318-319) noem dat die funksies en waarde van spel by kleuters ook van toepassing is op die kind in sy middelkinderjare. Dit kan soos volg ingedeel word:

- *Liggaamlike en kognitiewe ontwikkeling:* Die kind ondersoek sy omgewing deur middel van spel en hy leer om probleme op te los.

- *Sosiale ontwikkeling*: Sosialisering met ander kinders stel die kind in staat om sosiaal aanvaarbare gedrag aan te leer.
- *Emosionele ontwikkeling*: Spel verskaf genot aan die kind en hy ervaar 'n gevoel van bemeestering. Dit bevorder sy emosionele welsyn en ontwikkeling. Die kind kry ook die geleentheid om tydens spel byvoorbeeld uitdrukking te gee aan gevoelens soos vrees sodat hy selfhandhawingsmeganismes kan ontwikkel om hierdie emosies/gevoelens wat hy ervaar, uit te toets.
- *Ontwikkeling van die selfkonsep*: Deur middel van spel kry die kind geleentheid om homself te ontdek. Hy leer deur sy gedrag watter reaksie hy van ander mense sal ontvang.

Spel is belangrik vir die funksionering van die voorskoolse kind. Dit is veral ook belangrik dat die kind in sy middelkinderjare daarmee moet voortgaan om te verseker dat hy sy volle potensiaal ontwikkel.

2.2.8 Persoonlikheidsontwikkeling

Volgens Louw (1998:348) is die selfkonsep van die kind in sy middelkinderjare baie belangrik vir sy ontwikkeling. Papalia en Ods (in Louw, 1998:348) noem dat die kind begin besef hoe hy is (die ware self) en ook hoe hy graag wil wees (die ideale self). Hy sien dat die ideale self heelwat van die norme bevat wat hy aangeleer het en dat dit hom help om sy impulse te beheer sodat hy as 'n "goeie" persoon beskou kan word.

Volgens Schoeman (2004a:18) moet mense in hul omgang met die kind in hierdie fase deurlopend bewus wees dat die kind aanvaar moet word soos wat hy is. Positiewe vertroue moet in die kind gestel word sodat hy in homself kan glo. Sy bydraes, bates en goeie kwaliteite moet ook beklemtoon word. Verder moet die kind se pogings en prestasies erken word, en moet die kind eerder aangemoedig as net geprys word.

2.2.9 Terapie met die kind in sy middelkinderjare

Wanneer die kind in sy middelkinderjare probleme in een of meer van bogenoemde ontwikkelingsareas ondervind, is dit soms nodig dat hy terapie ontvang. Volgens die navorser is dit belangrik dat die terapeut oor genoegsame kennis oor die ontwikkelingsfase van die kind beskik. Vervolgens word die eienskappe waaroor die kind as kliënt beskik, asook die eienskappe waaroor die terapeut moet beskik, bespreek.

2.2.9.1 Eienskappe van die kind as kliënt

Om 'n goeie terapeutiese verhouding met die kind op te bou, moet die terapeut weet wat om van die kind as kliënt te verwag, en spesifiek die kind in sy middelkinderjare. Volgens Schoeman (2004a:33) beskik die kind nie oor die vermoë om homself as kliënt te sien nie. Die kind se optrede kan teruggewys word na hoe sy ouers sal optree. Hoewel die kind se kommunikasie ongebonde en spontaan is, kan hy die onvermoë ervaar om homself uit te druk as gevolg van beperkte insig in sy probleem of die gevoelens wat hy ervaar. Hy kan dus nie sy probleme verwoord nie. Dit is ook vir die kind moeilik om dit wat hy innerlik en uiterlik ervaar met mekaar te integreer. Die tendens van afhanklikheid kan by die kind ervaar word. Die kind is ook nie bewus daarvan dat hy 'n behoefte het om gehelp te word nie en hy is nie daartoe in staat om te oordeel wanneer die terapie gestaak moet word nie.

2.2.9.2 Eienskappe waaroor die terapeut moet beskik

Wanneer 'n terapeut terapie aan 'n kind bied, en spesifiek aan die kind in sy middelkinderjare, is dit noodsaaklik dat hy oor die regte persoonlikheidseienskappe moet beskik sodat 'n terapeutiese verhouding met die kliënt gevestig kan word. Volgens Schoeman (2004a:33) moet die terapeut emosioneel volwasse wees, dit wil sê die terapeut moet in staat wees om in alle krisisse redelike stabiliteit te kan handhaaf. Hy moet oor goeie intellektuele vermoëns en oor deursettingsvermoë beskik. Die terapeut moet oor verantwoordelikheid kan aanvaar vir dit wat hy doen. Dit is belangrik dat die terapeut spontaan en vriendelik is, en eerlik en opreg teenoor die kliënt optree. Die terapeut moet versigtig wees om nie 'n masker van professionaliteit

op te sit te sit nie. Die kliënt moet hom kan vertrou. Die terapeut moet te alle tye tot emosionele selfbeheersing in staat wees.

Dit is belangrik om breedvoerig kennis te dra van 'n kind se totale ontwikkeling wanneer sodanige kind by enige maatskaplike of terapeutiese dienste betrokke raak. Vervolgens word die pleegsorgopset bespreek as 'n moontlike alternatiewe plasingposisie aangesien die studie op die kind in pleegsorg gerig is en die navorser van mening is dat breedvoerige agtergrond oor pleegsorg weergegee moet word.

2.3 DIE PLEEGSORGOPSET

Pleegsorg word beskou as die plasing van 'n kind deur 'n kinderhofbevel in die sorg van 'n geskikte gesin of individu wat bereid is om as pleegouer vir daardie kind op te tree (Departement van Welsyn, 1998:17). Sodanige optrede geskied wanneer 'n kind om een of ander rede nie deur sy biologiese ouers self versorg kan word nie. Wanneer daar besluit word dat 'n kind in alternatiewe sorg geplaas moet word, is dit belangrik dat enige besluit en optrede in belang van daardie kind moet wees.

Om 'n beter begrip van pleegsorg te verkry, word die volgende bespreek: faktore wat tot pleegsorgplasing bydra, 'n uiteensetting van die kind wat vir pleegsorgplasing oorweeg word, en die terapeutiese dienste wat aan pleegkinders gebied word.

2.3.1 Faktore wat tot pleegsorgplasing bydra

Die Wet op Kindersorg (Wet 74 van 1983) bepaal dat slegs 'n geakkrediteerde maatskaplike werker 'n kind in pleegsorg kan plaas en wel indien hierdie kind ingevolge Artikel 14 van die Wet sorgbehoewend bevind word. Die regte wetlike procedure vir sodanige optrede moet ook gevolg word, naamlik deur kinderhofverrigtinge. Indien 'n kind sorgbehoewendheid vermoed of bevind word en dit nodig blyk te wees om die kind onmiddellik te beveilig, word kinderhofverrigtinge ingevolge Artikel 11/12 geopen en ingevolge Artikel 13 voor die hof gebring waar bepaal word of die kind in 'n Plek van Veiligheid geplaas moet word.

'n Volledige ondersoek na die kind se maatskaplike omstandighede vind plaas en 'n verslag word by die hof ingedien. Daar word ingevolge Artikel 14 van die Wet bepaal op watter wyse die betrokke kind sorgbehoewend is. Ingevolge Artikel 15 word aanbeveel in watter versorgingsposisie die kind geplaas moet word, waarvan pleegsorg een van die plasingsopties is (Van Niekerk, 1998:58-59; BADISA, 2005: 4-5).

Artikel 14(4) van die Wysigingswet op Kindersorg, Wet No. 96 van 1996, bepaal dat 'n kind slegs om die volgende redes sorgbehoewend bevind kan word:

- Artikel 14(4)(a): Die kind het geen ouer of voog nie;
- Artikel 14(4)(aA): Die kind het 'n ouer of voog wat nie opgespoor kan word nie;
- Artikel 14(4)(aB): Die kind:
 - (i) verlaat is of geen sigbare bestaansmiddele het nie;
 - (ii) gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouers of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie;
 - (iii) in omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan veroorsaak of bevorder;
 - (iv) woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad;
 - (v) in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing is;
 - (vi) fisies, emosioneel of seksueel deur sy of haar ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy of sy is, misbruik of mishandel is; of
 - (vii) in stryd met Artikel 10 onderhou word.

Indien die kind sorgbehoewend bevind word, kan hy ingevolge Artikel 15 van die Wet onder meer in pleegsorg geplaas word. Volgens die beleid van BADISA word kinders in pleegsorg geplaas wat daartoe in staat is om met 'n gesin anders as hul eie te kan bind, wat bereid is om deel van hierdie gesin te word, wat openbare skole kan bywoon en wat veilig in die gemeenskap kan funksioneer. 'n Voorskoolse kind word ook makliker vir pleegsorgplasing oorweeg aangesien hierdie kinders makliker by die nuwe gesin aanpas. Verder word kinders wat nie sinvolle verhoudings met hul eie

gesinne ervaar het nie, wat wees is of emosioneel afgestomp is ook oorweeg (BADISA, 2003:6-7).

Nie alle kinders is egter kandidate vir pleegsorg nie. Disfunksionele kinders en kinders met spesiale behoeftes word gewoonlik nie vir pleegsorgplasing oorweeg nie. Vervolgens word bespreek watter kinders vir pleegsorgplasing oorweeg word.

2.3.1 Faktore wat tydens pleegsorgplasing oorweeg word

Wanneer 'n kind uit die sorg van sy ouers of voog verwyder word en in alternatiewe sorg geplaas word, ervaar hy verskillende emosies en onsekerhede. Dit verskil van kind tot kind en hang af van faktore soos die kind se ouderdom, die aard van die verhouding tussen hom en sy ouer/voog, en die kind se vermoë om te verstaan wat met hom gebeur (Departement van Welsyn, 1998:7).

Die kind mag gevoelens en reaksies tydens 'n verwydering ervaar. Dit kan veroorsaak dat hy onveiligheid ervaar as gevolg van die tydelike verlies van 'n ouer. Die natuurlike behoefte om iewers te behoort word verbreek en dit kan die kind se ontwikkeling negatief beïnvloed. Die kind se selfbeeld is ernstig geskaad omdat hy nie meer met 'n ouer kan identifiseer nie. Dit kan ook gebeur dat die kind deur fases van protes, wanhoop en losmaking gaan. Die kind kan dit moeilik vind om by die nuwe gesin aan te pas omdat die omgewing anders is as dié waaraan hy gewoond was en hy kan die realiteit van twee ouerpare (die pleegouers en sy biologiese ouers) moeilik vind om te begryp (Departement van Welsyn, 1998:7).

Kinders kan ook volgens BADISA (2005:3) die volgende gevoelens ervaar wanneer hulle in alternatiewe sorg geplaas word:

- Die kind blameer homself en voel skuldig omdat hy van sy ouers af verwyder is;
- Sy wens is om na sy ouers terug te keer al is hy mishandel;
- Die gevoel van “niemand wil my hê nie” word deur die kind ervaar as hy lank moet wag vir 'n plasing of wanneer permanensiebeplanning ontbreek;

- Die kind ervaar 'n gevoel van hulpeloosheid indien die pleegouers verskillende veranderings (byvoorbeeld finansiële omstandighede, egskeiding, aanpassing by 'n nuwe gesinslid) ondergaan;
- Die kind ervaar gemengde gevoelens (byvoorbeeld skuldgevoelens teenoor ouers) oor binding aan die pleegouers;
- Die kind voel onsekerheid en onveiligheid oor sy toekoms;
- Die kind wil nie eintlik positiewe gevoelens oor pleegouers erken nie;
- Die kind is kwaad;
- Die kind is depressief of neerslagtig; en
- Die kind is ingekeer of teruggetrokke.

Ná die kind se verwydering word daar twee verwagtinge aan hom as pleegkind gestel: Hy moet sy gevoelens verwerk en hy moet nuwe en sinvolle verhoudings opbou (CMR 2000:4). Indien die nodige ondersteuning nie aan die kind gebied word nie, kan dit veroorsaak dat hy die proses negatief ervaar. Dit kan sy aanpassing binne die pleegsorg bemoeilik.

'n Kind wat in pleegsorg geplaas is, het ook behoeftes en vrese soos enige ander kind. Hierdie kind se leefwêreld tot voor die plasing het waarskynlik baie verskil van die pleegouers se waardes en lewensgewoontes. Dit is ook moontlik dat hierdie kind verwaarloos en liggaamlik of emosioneel mishandel deur sy ouers of versorger is. Enige kind wat in pleegsorg geplaas word, het 'n traumatiese ervaring beleef en sal ook die ondersoek en kinderhofverrigtinge as traumaties beleef. Die feit dat die pleegkind van sy gesin geskei word, is vir hom 'n traumatiese ervaring en dit kan daartoe lei dat hy gevoelens soos hulpeloosheid, weerloosheid, wantroue en angs beleef. Die pleegsituasie kan verder vir die kind baie spanningsvol wees omdat hy daartoe gedwing word om 'n nuwe stel reëls aan te leer (BADISA, 2005:2-3).

Om hierdie traumatiese belewenis vir die kind makliker te maak is dit weer eens belangrik dat hy die nodige ondersteuning moet kry. Pleegsorgplasing bestaan volgens die BADISA Handleiding (2005:16) uit verskillende fases waarin die kind homself bevind, naamlik:

- *Wittebroodfase:* Dit is die begin van plasing. Die kind is baie soet. Hy raak nie betrokke by die pleeggesin nie en deel nie inligting met die gesin nie. Hy is bang dat hy verwerp sal word en ontken alle emosies. Hy doen ook moeite om die pleeggesin tevrede te stel.
- *Onttrekkingsfase:* Die kind is depressief, agterdogtig en onttrek homself. Hy verkies om op sy eie te wees en swak oogkontak kom voor. Hy hou ook sy emosionele afstand. Dit is in hierdie stadium belangrik dat die pleegouer nie van die kind onttrek en 'n emosionele afstand hou nie, anders sal daar geen binding plaasvind nie.
- *Uit-reagerende gedrag:* Die kind begin die pleegouers se grense toets. Wanneer hy stout is of negatiewe gedrag toon, toets hy die grens om te sien of hy ten spyte van sy gedrag steeds aanvaar sal word. Gedurende hierdie fase is dit belangrik dat die pleegouer die nodige ondersteuning kry sodat die kind gehelp kan word om aanvaarbare gedrag te openbaar.
- *Aanpassingsfase:* Die kind kry die gevoel dat hy aanvaar word vir wie en wat hy is, en ervaar 'n gevoel van innerlike sekuriteit en veiligheid. Die kind tree kalm op en is daartoe in staat om meer van homself te gee ten opsigte van die pleegouers.

2.3.2 Terapeutiese dienste aan die pleegkind

Maatskaplike dienslewering ten opsigte van pleegsorg geskied deur van 'n multi-dissiplinêre span gebruik te maak. Alle rolspelers betrokke by die kind se ontwikkeling word betrek, naamlik die maatskaplike werker, pleegouers, biologiese ouers, die Kinderhof en kommissaris van kindersorg, die Departement van Maatskaplike Dienste, kerk, skool, 'n sielkundige of ander professionele persone. Hierdie persone se insette word benut by die opstel van die betrokke kind se ontwikkelingsplan. Dit is 'n plan waarin die kind se ontwikkelingsbehoefte geïdentifiseer word en sy toekomstbeplanning uiteengesit word. Elkeen van hierdie persone vervul 'n spesifieke rol, wat vervolgens bespreek word.

2.3.3.1 Die maatskaplike werker

Die maatskaplike werker se rol is om geskikte pleegouers te werf en te keur wat 'n betrokke kind se unieke behoeftes kan aanspreek. Dit is ook die taak van die maatskaplike werker om as skakelpersoon tussen die kind en sy biologiese ouers op te tree en om ook die nodige ondersteuning aan hierdie kind te bied. Die maatskaplike werker lewer ook die nodige gesinsherenigingsdienste by die biologiese ouers sodat daar aan die ouers die nodige ouerskapsvaardighede aangeleer kan word en die kind weer so gou moontlik in hul sorg herstel kan word.

Pleegsorgtoesigdienste word by die pleeggesin gelewer en dit fokus op ondersteuning en leiding aan die pleegouers en -kinders. Die maatskaplike werker moet in die maatskaplike dienslewering aan die pleegkind die vasgestelde minimum standarde in ag neem. Hierdie minimum standarde fokus op die individuele dienste soos die nodige terapie en pleegsorgtoesigdienste wat aan die kind en die pleeggesin gebied word (BADISA, 2005:19).

2.3.3.2 Biologiese ouers

Dit is belangrik dat die biologiese ouers by die opstel van die kind se ontwikkelingsplan betrek word. Op hierdie manier is hulle bewus van watter program met die kind deurloop gaan word en wat van hulle verwag word. Indien die biologiese ouers by die opstel van die ontwikkelingsplan betrokke is, sal die noodgedwonge vervreemding wat met die verwydering van hul kind plaasgevind het, aangespreek kan word (BADISA, 2005:19).

2.3.3.3 Pleegouers

Die belangrikste taak van die pleegouers is om die nodige fisiese, emosionele, psigiese en godsdienstige versorging vir die kind te bied. Die pleegouers skakel ook in by maatskaplike dienste wat die maatskaplike werker vir die gesin bied, byvoorbeeld pleegouerleidinggroepe (BADISA, 2005:19).

2.3.3.4 Die kinderhof en die kommissaris van kindersorg

Die kommissaris van kindersorg is slegs vir die tydperk wat die hofverrigtinge plaasvind by die span betrokke. Hy verteenwoordig die gesag van die Wet en beoordeel op grond van die maatskaplike werker se verslag, en die ouers en ander persone se getuienis of die kind ingevolge die Wet op Kindersorg sorgbehoewend is. Op grond van sy bevindinge kan hy dan 'n bevel uitreik waarvolgens die kind in pleegsorg geplaas word totdat die ouers se omstandighede sodanig verbeter het dat die kind weer in hul sorg herstel kan word (BADISA, 2005:20).

2.3.3.5 Departement van Maatskaplike Dienste

Die Departement van Maatskaplike Dienste verrig 'n administratiewe rol by die pleegsorgplasing. Die Departement sien toe dat daar ná die uitreiking van die hofbevel aan die bepalinge van die Wet op Kindersorg uitvoering gegee word. Die pleegouers word ook deur die Departement gehelp om vir die pleegsorgtoelae aansoek te doen. Soms is die Departement ook betrokke by panele waar daar oor die versorgingsproses van 'n kind besluit moet word (BADISA, 2005:20).

2.3.3.6 Kerk

Die taak van die kerk is om aan die pleegkind en pleegouers die nodige geestelike ondersteuning te bied. 'n Organisasie soos BADISA lê veral klem op die waarde van geestelike ondersteuning sodat die pleegkind hoop en sin vir die lewe kan verkry (BADISA, 2005:20).

2.3.3.7 Die skool

Die onderwyser van die pleegkind kan waardevolle waarnemings binne skoolverband oor die kind maak en kan inligting verskaf oor die kind se intellektuele vermoë en die mate waarin die kind met ander sosialiseer. Hierdie inligting sal die maatskaplike werker help om die kind by gepaste terapie of behandeling in te skakel (BADISA, 2005: 20-21).

2.3.3.8 Die sielkundige/ander professionele persone

Die sielkundige of ander professionele persone kan binne die multidissiplinêre span behulpsaam wees om spesifieke terapie aan die pleegkind te bied. Dit gebeur gereeld dat die maatskaplike werker weens 'n hoë werkslading of beperkte vaardighede nie die nodige terapie aan die kind kan verskaf nie. Hierdie professionele persone kan waardevolle insette binne die span lewer oor hoe die kind hanteer moet word (BADISA, 2005:21).

2.3.4 Aanpassing van die pleegkind

Kelmer-Pringle (in Cattanach, 1993:14-17) beskryf vier basiese behoeftes vir gesonde groei by alle kinders, naamlik die behoefte aan liefde en sekuriteit, die behoefte aan nuwe ervarings, die behoefte aan erkenning en die behoefte aan verantwoordelikheid. Hierdie behoeftes stem ooreen met Maslow se hiërargie van behoeftes (Moore, 1990:377; Schultz, 2003:4-6). Die kind in pleegsorg ervaar ook hierdie behoeftes en vervolgens sal elk van hierdie behoeftes kortliks binne die konteks van die pleegkind se leefwêreld bespreek word.

2.3.4.1 Behoefte aan liefde en sekuriteit

Die navorser is van mening dat die pleegkind onsekerhede ervaar oor wie vir hom sal versorg en of hy ander kan vertrou aangesien hy reeds weens omstandighede buite sy beheer uit sy ouers se sorg verwyder is. Volgens Cattanach (1993:14) word die behoefte aan liefde en sekuriteit as die belangrikste behoefte by die gesonde ontwikkeling van 'n kind beskou omdat dit sy vermoë bepaal om in die toekoms liefde en toegeneentheid te gee en te ontvang. Kelmer-Pringle (in Cattanach, 1993:14) noem verder dat kinders liefde en sekuriteit ervaar deur betroubare verhoudings en die sekuriteit van 'n bekende omgewing.

2.3.4.2 Die behoefte aan nuwe ervarings

Vir die ontwikkeling van 'n kind se intellegensie is dit belangrik dat die kind aan nuwe ervarings blootgestel word. Tydens vroeë kindontwikkeling kry die kind die

meeste ervarings deur te speel en deur taal. Die ontdek van die wêreld op hierdie wyse stel die kind in staat om sy situasie te kan hanteer (Cattanach, 1993:14-15). Die pleegsorgplasing sal volgens die navorser vir die pleegkind 'n nuwe ervaring wees en dit kan positief óf negatief ervaar word.

2.3.4.3 Die behoefte aan erkenning

Die kind leer deur modellering van die volwassenes wat vir hom omgee om tot 'n volwassene te ontwikkel wat oor selfvertroue en selfaanvaarding beskik. Die aanmoediging vir die kind is dat die volwassenes hom prys en hul liefde fisies aan hom toon (Cattanach, 1993:15). Die pleegkind ervaar volgens die navorser heelwat onsekerhede wat sy selfbeeld negatief kan beïnvloed en daarom is dit belangrik dat hy veral binne die pleeggesin die nodige erkenning moet kry.

2.3.4.4 Die behoefte aan verantwoordelikheid

Hierdie behoefte word aangespreek wanneer die kind toegelaat word om onafhanklik te funksioneer. Die kind word begelei om verantwoordelikheid vir sy keuses te aanvaar (Cattanach, 1993:15). Die navorser is van mening dat indien die pleegkind verantwoordelikhede binne die pleeggesin kry, hy die gevoel sal ervaar dat hy vertrou en aanvaar word as deel van die gesin.

2.4 SAMEVATTING

Deur 'n konseptuele raamwerk daar te stel, kon 'n beskrywing gegee word van die kind in sy middelkinderjare wat in pleegsorg geplaas is. Die klem val op die ontwikkelingsfase van sodanige kind, die faktore wat in ag geneem moet word wanneer pleegsorgplasing as alternatiewe versorging oorweeg word en die proses wat by pleegsorgplasing betrokke is.

Vervolgens word daar in Hoofstuk 3 'n uiteensetting gegee van wat die Gestaltbenadering behels deur die belangrikste konsepte in die lig van pleegsorgplasing van kinders te verduidelik. Die gebruik van speltherapie tegnieke sal ook aandag geniet.

HOOFSTUK 3

'N TEORETIESE FUNDERING VAN DIE GESTALTBENADERING

3.1 INLEIDING

Die Gestaltbenadering is volgens Oaklander (Carrol & Oaklander, 1997:184) gegrond op konsepte en beginsels wat relevant is om die ontwikkeling en groei van die kind beter te verstaan. Vervolgens word die belangrikste Gestaltkonsepte, die verskillende vorme van spel en spelterapie tegnieke bespreek sodat dit in die van pleegsorgkinders in hul middelkinderjare konteks gesien kan word.

3.2 GESTALTKONSEPTE

Om die Gestaltbenadering te verstaan, is dit nodig om onderskeie konsepte daarvan te verduidelik. Die volgende Gestaltkonsepte word kortliks verduidelik: terapeutiese verhouding, holisme, veldteorie, organismiese selfregulering, bewustheid, onvoltooidhede, keuses/verantwoordelikhede en kontakgrense/weerstand.

3.2.1 Terapeutiese verhouding

Die belangrikste aspek van die Gestaltbenadering is die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en die kliënt. Die terapeutiese verhouding in Gestaltspelterapie word gevorm deur dialoog. Dit is 'n unieke manier van kontak tussen die terapeut en die kliënt waartydens die kliënt die geleentheid kry om sy persoonlike doelwitte te kan bereik teen 'n pas wat vir hom aanvaarbaar en hanteerbaar is, sonder dat die terapeut die situasie manipuleer om 'n verwagte uitkoms te bereik (Yontef, 1993:126-127). Volgens Yontef (1993:127) fokus die terapeutiese verhouding op die volgende vier aspekte:

- *Insluiting*: Dit verwys na die manier van luister na hoe die kliënt sy probleem of situasie ervaar sonder enige vooroordeel, interpretering of ontleding van dit wat gesê word. Insluiting skep vir die kliënt 'n veilige omgewing en verskerp

selfbewustheid by die kliënt. Dit beteken verder dat die terapeut homself in die kliënt se situasie kan indink en dus die kliënt kan aanvaar vir wat hy is.

- *Teenwoordig*: Die terapeut verwoord homself ten opsigte van die kliënt tydens die terapisessies. Op 'n gereelde en oordeelkundige wyse sal die terapeut alle waarnemings, gevoelens, voorkeure, persoonlike ervarings en gedagtes aan die kliënt noem. Die kliënt leer dat hy die terapeut kan vertrou en selfbewustheid word verder aangemoedig.
- *Verbintenis tot dialoog*: Gedurende die terapeutiese interaksie is die terapeut en die kliënt in kontak met mekaar, met ander woorde dialoog vind plaas. Die Gestaltterapeut is verbind aan hierdie interpersoonlike proses deurdat die terapeut toelaat dat kontak met die kliënt op 'n spontane wyse plaasvind, eerder as om die situasie te manipuleer en die uitkomst te kontroleer.
- *Dialoog is lewendig*: Dialoog is wanneer iets gedoen word eerder as wat daarvoor gepraat word. Dit is verbaal sowel as nie-verbaal.

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat 'n terapeutiese verhouding tussen die kliënt en terapeut baie belangrik is. Wanneer 'n kind in pleegsorg geplaas word, kan dit volgens die navorser 'n traumatiese ervaring vir sodanige kind wees. Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker wat by die kind betrokke is, 'n terapeutiese verhouding met die kind vorm sodat hy die maatskaplike werker kan vertrou en dialoog op 'n spontane wyse kan plaasvind.

3.3.2 Holisme

Volgens George & Cristiani (1995:66) word Fritz Perls as die vader van Gestaltterapie beskou en het hy die mens as 'n geïntegreerde organisme beskou wat altyd as 'n eenheid funksioneer. Perls se basiese mensbeskouing is daarop gegrond dat 'n persoon as 'n geheel uit verskillende verbandhoudende dele bestaan. Geen afsonderlike aspek of deel van die menslike organisme - liggaam, emosie, denke en persepsie - kan in isolasie buite die konteks van die menslike geheel geïnterpreteer

word nie. Elke persoon funksioneer en bestaan ook as deel van sy unieke omgewing en kan dus nie buite die konteks van sy omgewing verstaan word nie. Hierdie mening word ook deur Schoeman (2004a:75) bevestig aangesien sy noem dat holisme beskou kan word as die wêreld van die organisme wat 'n geïntegreerde en samewerkende geheel vorm en die voortdurende verandering wat by die organisme plaasvind.

Die navorser is van mening dat die maatskaplike werker op 'n holistiese wyse ondersoek moet instel na die kind se maatskaplike omstandighede om 'n korrekte pleegsorgplasing vir 'n betrokke kind te doen. Die kind se onmiddellike omgewing moet ondersoek word en daar moet ook gekyk word na hoe die kind se totale ontwikkeling deur sy omgewing positief of negatief beïnvloed is.

3.2.3 Veldteorie

Die veld is volgens Clarkson (2002:8) die kern van die Gestaltbenadering aangesien dit die kern vorm tussen 'n persoon en sy omgewing. Yontef (1993:321-322) definieer die veldteorie soos volg:

Field theory is a framework of point of view for examining and elucidating events, experiencing, objects, organisms and systems as meaningful parts of a knowable totality of mutually influencing forces that together form a unified interactive continuous whole (field), rather than classifying them according to innate nature of analysing into discrete aspects and forming and summative wholes. The identity and quality of any such event, object or organism is only in-a-field, contemporaneous and can only be known through a configuration formed by a mutually influencing interaction between perceiver and perceived.

Uit bogenoemde definisie kan die afleiding gemaak word dat elke individu deel vorm van die veld en daarin gekonfronteer word deur andersheid en verskille. Die veld word as 'n geheel gesien waarvan die dele in direkte verhouding met mekaar staan (Yontef, 1993:125; Mackewn, 2003:50).

3.2.4 Organismiese selfregulering

Alle organismes (mense, diere, plante) het spesifieke behoeftes wat om bevrediging vra sodat hulle kan leef. Die basiese behoefte van elke organisme is om na balans te strewe. Organismiese selfregulering is die proses waardeur die organisme die balans herstel deur sy voorgrondbehoefte (onvoltooidheid) wat die ewillibrium versteur het, te voltooi (Nelson-Jones, 2000:149).

Elke mens se lewe bestaan basies uit 'n oneindigende aantal “onvoltooidhede” of “onvervulde Gestalte”. Sodra een Gestalt (behoefte) voltooi word, duik die volgende onvoltooidheid op. Die organismiese selfregulering is dus die wyse waarop 'n organisme homself in stand hou deur die balans te herstel – homself en sy omgewing te oriënteer en manipuleer om die Gestalt (behoefte) te kan voltooi (Nelson-Jones, 2000: 150; Clarkson, 2004:22).

Latner (in Schoeman, 2004a:75) verwys na organismiese selfregulering as 'n voortgesette proses waardeur die behoeftes van die organisme aangespreek word. Die wyse waarop daardie behoeftes georden en georganiseer word, vind plaas binne 'n samewerkende geheel en 'n aksie word uitgevoer om die doel te kan bevredig.

Soos reeds genoem in Hoofstuk 2 is daar verskillende fases tydens pleegsorgplasing. Die navorser is van mening dat die pleegkind poog om organismiese selfregulering by elke fase toe te pas om balans in sy lewe te kan kry. Dit kan ook gesien word as die kind se manier om by die nuwe situasie aan te pas.

3.2.5 Bewustheid

Yontef (1993:139) beskou bewustheid as 'n vorm van ervaring. Die hoofdoel met Gestaltterapie is om bewustheid by die individu te kweek. Volle bewustheid is die proses om in direkte kontak te wees met die belangrikste gebeure in die individuele/omgewingsveld met volle sensoriese-motoriese, emosionele, kognitiewe en energieke ondersteuning.

Aronstam (1992:639) noem dat die persoon deur bewustheid weer met sy eie behoeftes en gevoelens in kontak kom, en só leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir wie hy is en wat hy doen. Aronstam (1992:635) verwys verder na Yontef wat bepaal het dat die bewustheid wat in Gestaltterapie nagestreef word, aan drie vereistes moet voldoen: bewustheid kan slegs plaasvind wanneer dit gemotiveer word deur die dominante huidige behoefte van die organisme; bewustheid sal onvolledig vir die organisme wees indien hy nie direkte kennis het van die situasie en hoe hy in die situasie beland het nie; en bewustheid vind altyd plaas in die hier-en-nou, dit is altyd vloeiend en ontwikkel deurlopend.

Bewustheid is dus 'n gebeurtenis wat in die huidige omstandighede gebeur. Die organisme is slegs bewus van dit wat nou met hom gebeur. Sodra die organisme volkome bewus is van die nou, sal hy in voeling wees met alles wat daaruit ontwikkel het (Schoeman, 2004a:75). Die navorser is van mening dat dit die taak van die maatskaplike werker is om die pleegkind deurlopend bewus te maak van die redes waarom hy in pleegsorg geplaas moes word en watter soort ondersteuning hy sal kry. Dit sal help om hom van die hier-en-nou bewus te maak.

3.2.6 Onvoltooidhede

Volgens Clarkson (2004:51) manifesteer onvoltooidhede by die organisme as negatiewe of positiewe onuitgedrukte gevoelens, onvoltooides behoeftes en situasies wat die individu se aandag benodig en die Gestalt blokkeer. Schoeman (2004a:76) verwys ook na onvoltooidhede as die oorblyfsels van onvoltooides Gestalte wat die persoon se verhoudings met ander mense beïnvloed en is dikwels onuitgespreekte gevoelens of begeertes en bekommernisse.

Volgens die navorser beleef die pleegkind verskeie onvoltooidhede omdat hy trauma kan ervaar wanneer hy uit sy ouers se sorg verwyder word en ook daartoe gedwing word om nuwe verhoudings met die maatskaplike werker en pleeggesin op te bou. Indien die kind die pleegsorgplasing negatief ervaar, kan dit tot swak verhoudings lei en kan die pleegplasing misluk.

3.2.7 Keuses en verantwoordelikheid

Volgens Clarkson (2002:18) is die basis van Gestaltterapie dat individue verantwoordelikheid vir hul eie geestesgesondheid, besluite en gedrag behoort te aanvaar. Verantwoordelikheid kan slegs geneem word wanneer die individu bereid is om keuses uit te oefen en die gevolge daarvan te dra (Schoeman, 2004a:76). Wanneer verantwoordelikheid geneem moet word vir keuses en die gevolge daarvan, ervaar die individu 'n gevoel van mag en beheer oor 'n situasie (Schoeman, 2004b:178-179).

Dit is belangrik om te beseft dat verantwoordelikheid vir die self ook verantwoordelikheid insluit ten opsigte van ander individue wat die organisme se lewende deel. Die self kan dus nie van die omgewing geskei word nie en die klient se hele konteks moet in ag geneem word (Clarkson, 2002:25).

Dit is die mening van die navorser dat pleegsorgplasings geskied as gevolg van swak maatskaplike omstandighede waarin 'n kind hom bevind en van die statutêre optrede wat daaruit spruit. Die betrokke kind het nie 'n keuse oor die optrede wat gevolg is nie. Dit is wel belangrik dat die pleegkind deurlopend bewus moet wees van die rede vir sodanige optrede. Die pleegkind kan wel begelei word deur terapie om sy nuwe situasie te aanvaar en verantwoordelike keuses uit te oefen.

3.2.8 Kontakgrense en weerstand

Schoeman (2004a:75) beskou kontakgrense en om kontak te maak as die proses waardeur die individu filter, ervaar, assimileer, verwys, aanraak, kommunikeer en in konflik met 'n ander kom. Kontak vind op die grens plaas. Volgens Yontef (1993:204) het kontak twee kenmerkende eienskappe: Dit is noodsaaklik vir groei en dit gaan gepaard met 'n spesifieke soort gedrag wat verhoudings tot stand bring.

Latner (in Schoeman, 2004a:76) beskou weerstand as die sentrale fokus van die terapeutiese werk in Gestaltterapie omdat dit die "plek" is waar die klient demonstreer dat daar bemoeienis met sy basiese self is. Weerstand kan ervaar word as verdedigingsmeganismes wat die klient in die terapeutiese proses gebruik. Yontef

(1993:137) noem dat weerstand die kontakgrense tussen terapeut en kliënt op die volgende wyses kan beïnvloed:

- *Introjeksie:* Die organisme aanvaar onvoorwaardelik enige inligting wat van buite af kom. Alle inligting word ingeneem en deel van die organisme gemaak.
- *Projeksie:* Deur 'n projeksie te gebruik, verplaas die individu sy eie gevoelens sodat dit aan iemand of iets anders kan behoort. Verantwoordelikheid vir gedrag word sodoende vermy. Binne Gestaltterapie word 'n projeksie positief aangewend aangesien die kliënt die geleentheid kry om op 'n nie-bedreigende wyse homself te openbaar deur 'n projeksie te maak. Dit is wel belangrik dat hy besit van die projeksie neem sodat verandering kan plaasvind.
- *Retrofleksie:* Die individu hou 'n respons terug wat vir die omgewing bedoel was en vervang dit met 'n respons vir homself.
- *Samevloeiing:* Tydens samevloeiing is die grense tussen die self en die omgewing nie meer duidelik nie. Konflik word vermy sodat al die partye dieselfde gevoelens en gedagtes beleef. 'n Terapeut kan in samevloeiing met die kliënt gaan sodat sy behoeftes aangespreek kan word.
- *Defleksie:* Die individu laat homself geen bewustheid of kontak in die terapeutiese proses toe nie.

Die navorser is van mening dat die maatskaplike werker wat terapie aan die pleegkind bied, bogenoemde Gestaltkonsepte tydens terapisessies benut. Die verskillende vorme van spel en speltherapie tegnieke kan tydens intervensie aangewend word. Vervolgens word die verskillende vorme van spel en speltherapie tegnieke bespreek.

3.3 VORME VAN SPEL

Die gebruik van enige vorm van spel word gewoonlik met pret verbind. Binne 'n terapeutiese verhouding kan die kind sowel as die terapeut die verskillende vorme van spel benut om hul gevoelens en denke te kommunikeer. Dit is nie noodwendig morsig nie, maar doelgeïntereerd sodat die terapeut die kliënt kan help om woorde vir sy gevoelens en denke te vind (Lampert, 2003:73; Cattanach, 2001:69).

Volgens Cattanach (2001:69-70) is spel die manier vir kinders om hul wêreld sinvol te kan verstaan. Wanneer spel as terapie aangebied word, is dit belangrik dat dit 'n veilige manier van speel is en dat dit binne 'n veilige omgewing vir die kind geskied. Spel word gesien as 'n ontwikkelingsproses en die kind beweeg heen en weer langs hierdie ontwikkelingskontinuum. Spel vind plaas in 'n terapeutiese omgewing sodat die kind verandering kan ervaar. Om hierdie ervaring vir 'n kind te kan bied, moet die terapeut die terapie struktureer sodat die kind duidelik kan besef wat die betekenis van die spel met die terapeut is, die reëls ken en graag wil deelneem.

Wanneer die maatskaplike werker dienste aan die pleegkind bied, kan daar van verskeie vorme van spel gebruik gemaak word om die nodige emosionele ondersteuning aan die betrokke kind te bied. Vervolgens word die verskillende vorme van spel wat die maatskaplike werker tydens die terapeutiese sessie met die kind kan gebruik kortliks bespreek. Die navorser het van die vorme van spel ook tydens die empiriese studie gebruik om riglyne vir maatskaplike werkers vas te stel sodat hulle emosionele ondersteuning aan pleegkinders kan bied.

3.3.1 Sensoriese spel

Die sensoriese sintuie van voel, reuk, smaak, sien, hoor en proe word gestimuleer sodat die kind bewus kan word van sy onmiddellike omgewing. Hierdie vorm van spel kan gebruik word om 'n verhouding met die kind op te bou. Goldschmied (in Cattanach, 2001:71) gee 'n voorbeeld wat die terapeut met sensoriese spel kan benut, naamlik om 'n soort skatkis ("treasure basket") saam te stel. Voorwerpe met 'n verskeidenheid van teksture, kleure en gewigte word binne die skatkis geplaas sodat dit as sensoriese stimulus vir die jong kind kan dien. Die volgende voorwerpe kan in

die kis geplaas word: houtvoorwerpe (soos ratels, wasgoedpennetjies), klein boksies, kleurvolle krale, voorwerpe van natuurlike materiaal (soos wasballetjies, houtnaelborsel), natuurlike voorwerpe (soos dennebolle, groot klippe), metaalvoorwerpe (soos 'n lepel, sleutels, fluitjie, fietsklokkie), leer- en tekstielvoorwerpe (soos leerbeursie, lavendersakkie), 'n klein teddiebeer en papiervoorwerpe (soos botterpapier, skuurpapier). Die kind kry die geleentheid om van die voorwerpe te kies en word dus sensories gestimuleer.

3.3.2 Gedramatiseerde spel

Met gedramatiseerde spel kry die kind die geleentheid om situasies uit te speel, met ander woorde om dit te dramatiseer. Gedramatiseerde spel bied voordele vir die kind sowel as vir die terapeut. Volgens Schoeman (2004a:88) kry die kind die geleentheid om van intense gevoelens ontslae te raak. Die kind herbeleef omstandighede en word in staat gestel om rolle aan te leer. Dit is 'n gemaklike manier vir die kind om met die terapeut te kommunikeer en hy ervaar dat hy beheer oor die wêreld het, met ander woorde 'n ervaring van vryheid word beleef. Die terapeut verkry meer inligting terwyl die kind sy belewinge uitspeel. Gedragsverandering kan by die kind plaasvind en direkte beïnvloeding kan gedoen word sodat insigontwikkeling by die kind kan plaasvind.

Verskeie mediums kan by gedramatiseerde spel gebruik word, naamlik handpoppe, rollespel, dans en beweging, telefoon spel, maskers en kostuums. Hierdie mediums word kortliks bespreek.

3.3.2.1 Handpoppe, vingerpoppe, poppe en papierpoppe

Die kind kies self met watter soort poppe hy wil speel. Met gedramatiseerde spel gebruik die kind die handpop of pop wat 'n storie vertel of hy vertel 'n storie aan die pop in plaas van aan die terapeut. Tydens die spel kan die kind aan die poppe rolle toeken waarmee hy bekend is, byvoorbeeld ma, pa en gesinslede. Dit is belangrik dat die terapeut aktief deelneem en die nodige empatiese begrip vir die kind toon (Schoeman, 2004a:89-90; Cattanach, 1993:56-65).

Volgens James en Myer (in Schoeman 2004a:90) kan die gebruik van poppe verskeie funksies tydens speltherapie vertolk. Die poppe kan help om dialoog te vorm deurdat veelvuldige dialoog tussen die verskillende poppe, die terapeut en die kind plaasvind. Die kind se wêreld word op 'n meer natuurlike en nie-bedreigende wyse benader. Wanneer die kind dit moeilik vind om self alternatiewe vir sy probleem te vind, kan die pop gebruik word om by alternatiewe uit te kom. Die poppe kan as realiteit gebruik word, met ander woorde sodra die kind gereed is, moet die dialoog van fantasie na die werklikheid gekaats word sodat hy die emosie kan besit.

3.3.2.2 Rollespel

Rollespel as medium word gewoonlik in terapie benut wanneer die terapeut reeds bewus is van watter probleem by die kind aangespreek moet word. Tydens rollespel kry die kind geleentheid om homself uit te speel of om deur die uitspeel van rolle verskillende karakters soos dié van sy ouers of betekenisvolle ander persone te demonstreer. Die kind kry die geleentheid om nuwe rolgedrag in verskillende situasies in te oefen in 'n omgewing waar hy veilig voel. Die terapeut kan byvoorbeeld die leëstoeltegniek by rollespel benut sodat die kind die geleentheid kry om 'n spesifieke situasie in te oefen (Schoeman, 2004a:89).

Volgens Oaklander (1988:152) word die leëstoeltegniek benut deur 'n rollespel wat die kind uitspeel. Stoele word geplaas en 'n rol (wat 'n persoon of iets binne die kind se situasie verteenwoordig) word aan elke stoel toegeken. Die kind kry dan die geleentheid om al die rolle in te oefen en word terselfdertyd ook bewus gemaak van die emosies wat hy op daardie oomblik ervaar. Hierdie situasie word uitgespeel in 'n nie-bedreigende omgewing en die kind kry die nodige selfvertroue om dit ná die terapieessie in sy situasie te gaan uitleef.

3.3.2.3 Dans en beweging

Dans en beweging word as deel van elke persoon se leefervaring beskou. Die kind kan tydens terapie gevra word om deur middel van dans en bewegings 'n storie uit te speel. Die bewegings stel die kind in staat om in 'n fantasiewêreld in te beweeg. Deur van beweging gebruik te maak, kan die kind verskillende emosies of gevoelens

duidelik uitspeel. Dit help die kind om hierdie gevoelens wat hy ervaar het, te onthou en om dit met die terapeut te deel (Schoeman, 2004a:91).

3.4.2.4 Gebruik van 'n telefoon

Volgens Spiro (in Schoeman 2004a:91) hou die gebruik van 'n telefoon tydens terapie met die kind verskeie voordele in omdat dit vir die kind 'n aanvaarbare wyse van kommunikasie is. Dit bevorder ook dialoog en die kind ervaar dat hy 'n volwasse taak deur die gebruik van die telefoon kan bemeester. Dit gee uiteindelik vir hom 'n gevoel van mag, trots en beheer. Telefoniese kontak kan onmiddellik onderbreek word indien een van die partye bedreig voel. Fantasie word tydens die terapie gestimuleer wanneer die kind in dialoog met die persoon van sy keuse betrokke is. Die kind kan maak asof hy in kontak is met iemand wat reeds dood is of weg is en dit help hom om deur onverwerkte gevoelens te werk. Indien die kind angs beleef, kry hy in die terapie die geleentheid om sy gevoelens deur die gebruik van die telefoon met 'n persoon van sy keuse te deel en die kind kies self met wie hy oor die telefoon wil praat. Sodoende kan belangrike persone op 'n nie-bedreigende wyse uitgewys word.

3.3.2.5 Maskers en kostuums

Deur die gebruik van 'n masker kry die kind die geleentheid om homself te verplaas in 'n simboliese wêreld. Die kind ervaar meer vrymoedigheid tot deelname wanneer hy deur die gebruik van maskers of kostuums sekere karaktereienskappe uitbeeld. Die terapeut kry dan ook meer beskrywende en verklarende inligting oor die kind en hoe hy sy probleem of situasie ervaar (Schoeman, 2004a:92).

3.3.3 Skeppende spel

Volgens Oaklander (1988:53) word skeppende spel of kuns gesien as 'n proses om iets te skep. Hierdie proses verskaf die “deure en vensters” van 'n kind se leefwêreld. Orton (1997:267) noem ook dat die terapeut deur hierdie venster toegang tot onbewuste inligting kan verkry sonder dat die kind benadeel word en kan voorkom dat hy van verdedigingsmeganismes gebruik maak. Skeppende spel stel die kliënt in

staat om op 'n spontane wyse meer van homself aan die terapeut te vertel as deur net die probleem te noem.

Verskeie mediums kan tydens skeppende spel gebruik word. Met die gebruik van hierdie mediums kan die Roosboomtegniek toegepas word. Volgens Oaklander (1988:33) word die kind eers in 'n fantasie ingeneem deur met die oë toe 'n prent oor 'n roosboom te visualiseer. Spesifieke vrae word gevra oor hoe die roosboom lyk en hoe dit versorg word. Die kind word dan versoek om die prent te teken of visueel voor te stel. Die terapeut maak dan die kind bewus van die hede sodat hy eienskappe wat aan sy roosboom toegeken is ook op sy eie situasie van toepassing kan maak.

Die volgende mediums wat met skeppende spel benut kan word, word vervolgens bespreek: kleiwerk, die gebruik van die sandbak, tekeninge en collage.

3.3.3.1 Kleiwerk

Volgens Cass (in Schoeman & Van der Merwe, 1996:146) is klei 'n primitiewe speel-materiaal wat in dieselfde kategorie as water, grond, modder en sand val. Dit bied 'n aanvaarbare medium om gevoelens soos vyandigheid en aggressie los te laat. Dit is ook 'n kreatiewe medium omdat dit rof hanteer kan word aangesien die kind dit kan gooi, brei of vorm soos wat sy gevoelens op daardie oomblik hom lei.

Klei is volgens Lampert (2003:81) 'n noodsaaklike middel by spel terapie. Die tekstuur van klei lei tot verskeie projeksies. Die verskillende kleure wat in klei kan voorkom wakker emosies en kreatiwiteit aan. Speelklei is maklik om mee gewerk en dit hanteer maklik. Dit kan ook tuis gemaak word of by speelgoedwinkels aangekoop word.

Oaklander (1988:67) noem dat kleiwerk as medium heelwat voordele tydens terapie inhou omdat dit 'n gepaste medium vir enige ouderdom is. Klei kan gebruik word vir 'n verskeidenheid behoeftes. Die terapeut kan self met die klei werk (baie ontspannend). Kleiwerk bring die kind in kontak met sy gevoelens. Dit dien as oorbrugging tussen sintuie en gevoelens. Klei kan byvoorbeeld gedruk en geslaan word om uiting aan aggressie te gee. Wanneer met klei gewerk word is daar geen

spesifieke reëls nie en die kind ervaar nie dat hy foute maak nie. Naas water is dit die skoonste medium en min kinders het 'n weerstand teen die werk met klei.

3.3.3.2 Gebruik van die sandbak

'n Sandbak is volgens Lampert (2003:75) 'n doeltreffende stuk toerusting wat die terapeut kan benut aangesien die kind dit kan gebruik om gevoelens, drome, idees en konflik weer te gee. Sy beveel aan dat die verskillende speelgoed wat in die sandbak gebruik gaan word in verskillende plastiekbakke of skoendose gesorteer word. Voorsien dus houers vir byvoorbeeld mense, diere, strukture (huise, kerke, skole), meubels, motors en 'n algemene houer. Die kind word gevra om 'n probleem wat hy ervaar in die sandbak uit te speel. Hy kan dan weer gevra word om 'n toneel te skep soos wat hy graag wil hê sy situasie moet wees. Dit stel die kind in staat om sy begeertes en frustrasies uit te druk en probleemoplossing word gestimuleer.

Volgens Schoeman (2004a:97) bied die gebruik van die sandbak heelwat waarde tydens terapie. Dit is 'n nie-verbale wyse van selfuitdrukking en dit dien as instrument om terapie te fasiliteer. Die kind gebruik albei sy hande en daarom word albei kante van die brein gestimuleer. Dit dien as veilige wyse om die kind te help om sy angs en vrese te verbaliseer.

3.3.3.3 Tekeninge

Volgens Lampert (2003:82) moet die terapeut die kind toelaat om self te besluit op watter manier hy 'n tekening wil maak. Die tekening dien as 'n stimulus om te praat en om verdere projeksies te maak. Die kind kan emosies toon tydens die bespreking van die tekening en so word hy aangemoedig om daarvan bewus te wees. Volgens Lampert is die doel van die tekening om die proses van die kind te bepaal, en nie soos by kunsklasse die produk op sigself nie. Die terapeut stel slegs in die produk belang in die mate wat die kind homself daarin verstaan.

Volgens Allan (in Schoeman & Van der Merwe, 1996:139) is daar drie benaderings tot die gebruik van tekeninge in terapie:

- *Nie-direktief:* 'n Kind begin gewoonlik om spontaan te teken. Dit is duidelik dat hy weet wat hy wil teken. Die terapeut los hom sodat hy eie inisiatief neem binne 'n ondersteunende terapeutiese omgewing.
- *Direktief:* Teruggetrokke kinders wat geneig is om stereotipe tekeninge te maak, het meer leiding nodig. 'n Aggressiewe kind kan byvoorbeeld ook gelei word deur byvoorbeeld vir hom te vra om 'n vuurspuwende berg te teken. Die terapeut moet direktief wees totdat die kind wys dat hy sy eie emosies in die tekening kan reflekteer.
- *Gedeeltelik direktief:* Wanneer 'n kind byvoorbeeld sekere simbole aanmekaar teken, kan die terapeut van tyd tot tyd aan die kind vra om dieselfde simbole te teken sodat sy ontwikkeling gemonitor kan word. Die kind wat nie weet wat om te teken nie, kan gelei word deurdat die terapeut voorstelle maak. Die terapeut kan die kind vra om byvoorbeeld 'n onlangse droom, 'n wens, 'n spesifieke emosie, 'n bang-gevoel, 'n geheim of 'n belangrike gebeurtenis te teken.

3.3.3.4 Collage

Oaklander (1998:81) noem dat dit 'n opwindende medium vir kinders in alle ouderdomsgroepe is. Die volgende materiale kan vir collages gebruik word: Papier, materiale met 'n verskeidenheid van teksture, sagte items en enigiets wat lig weeg en aan 'n plat oppervlak geplak of vasgemaak kan word. 'n Collage bied 'n sensoriese ervaring aan die kind en bied ook die geleentheid vir emosionele uitdrukking.

3.3.4 Bibliospel

Bibliospel word beskou as die gebruik van boeke, die lees van stories, die geskrewe woord en oudio-visuele media. Volgens Schoeman (2004a:101) bied die gebruik van bibliospel tydens speltherapie verskeie voordele. Die kind kry geleentheid om sy gevoelens te projekteer en wel deur middel van karakters wat in die storie geskep is (simboliese wêreld). Indirekte kanale word geskep waardeur die kind verbode en

bedreigende areas betree. Die kind kan modelle manipuleer om by sy onvoltooidhede uit te kom en hy kan met moontlikhede eksperimenteer sonder dat hy homself blootstel. Hy word in staat gestel om keuses tussen alternatiewe uit te oefen en hy kan verantwoordelikheid vanaf 'n veilige afstand aanvaar.

By die gebruik van bibliospel kan verskeie mediums benut word. Die volgende mediums word vervolgens kortliks bespreek: die gebruik van kinderstories, die skryf van 'n storie vir die kind, 'n lewensboek en 'n padkaart.

3.3.4.1 Die gebruik van kinderstories

Die lees van 'n storie word deur die kind as nie-bedreigend ervaar en kan van terapeutiese waarde vir die kind wees. Dit is belangrik dat die terapeut 'n gepaste storie vir die kind moet kies.

Van der Merwe (1996:112-113) verskaf die volgende kriteria vir die keuse van 'n storie: die materiaal moet aan die terapeut bekend wees; lang, ingewikkelde stories moet vermy word; boeke of stories van gehalte moet gekies word; die storie moet met die kind se omstandighede en ontwikkelings stadium ooreenkom; die storie moet met die kind se gevoelens verband hou; die situasies binne die storie moet min of meer met die kind se situasie verband hou; die storie moet illustrasies bevat sodat dit die kind se aandag heeltyd kan behou; die storie moet 'n karakter bevat waarmee die kind kan identifiseer; die karakters moet op positiewe maniere aandui hoe hulle hul probleme opgelos het; die karakters in die storie moet gesonde funksionering op fisies, sosiale, geestelike en selfkonseptuele vlak verteenwoordig; stories oor diere, fantasieë en feetjies laat die kind toe om te dagdroom en kan goed aangewend word vir kommunikasie, veral by jonger kinders; en die stories moet 'n gemaklike einde hê.

3.3.4.2 Die skryf van 'n storie vir 'n kind

Om 'n storie vir 'n spesifieke kind te skryf, moet die terapeut sekere vereistes met die skryf daarvan in gedagte hou. Volgens Schoeman (2004a:102) is daar bepaalde vereistes by die skryf van 'n storie. Dit is belangrik dat die storie verband hou met die kind se ontwikkelingsfase en die omstandighede waarin hy homself tans bevind. Dit

moet ook verband hou met sy gevoelens. Die storie moet 'n held hê wat soortgelyke probleme as die kind ervaar en daar moet medekarakters wees. Van der Merwe (1996:116-117) noem verder dat sodanige storie as 'n model vir die kind moet kan dien en dat dit 'n doeltreffende hanteringstrategie moet hê. Die karakters moet gesond funksioneer op al vier funksioneringsvlakke, naamlik emosioneel, fisies, psigies en kognitief, en die terapeut moet genoegsame kennis hê oor die lewensfase van die kind sodat dit in die storie ingewerk kan word. Dit is verder ook belangrik dat die storie 'n gelukkige einde moet hê.

3.3.4.3 Die lewensboek, dagboek en padkaart

Van der Merwe (1996:117) noem dat die lewensboek 'n visuele of geskrewe dokument is wat uit belangrike inligting oor die kind se lewe bestaan. 'n Lewensboek kan veral suksesvol aangewend word by kinders wat uit hul ouers se sorg weggeneem word en in pleegsorg of in 'n kindershuis geplaas word. Vir 'n kind wat blootgestel is aan enige geweld of ontwigting, kan die saamstel van sy lewensboek vir hom helend wees aangesien dit weer sy lewe kan rekonstrueer.

Volgens Crompton, Porter en Harrison (in Schoeman, 2004a:106-107) vertolk die lewensboek verskeie funksies. Die kind se selfbeeld word versterk en sy siening oor homself, sy omgewing en situasies word dikwels meer realisties aanvaar. Die lewensboek help die kind verder om 'n beter begrip van sy verlede te ontwikkel en hy kan op die toekoms fokus. Dit help die kind om sy verlede te rekonstrueer en om 'n eie identiteit te ontwikkel. Die kind kan sy verlede verwerk deurdat hy met die lewensboek 'n realistiese idee kan vorm oor die hede en nuwe verhoudings kan aangaan en bou. Verder ervaar die kind groter verdraagsaamheid vir die moontlike verandering in sy lewe. Die lewensboek stimuleer kommunikasie tussen die terapeut en kind. Hy kan buite die terapie steeds besig wees om aan sy lewensboek te werk en sodoende 'n betrokkenheid bewerkstellig tussen homself en die terapeut. Die kind se ouers kan betrokke raak deur inligting vir die lewensboek te verskaf. Die kind kan ook sy lewensverhaal verder uitbrei deur deurlopend nuwe moontlikhede te ondersoek. Hy kan ook sy lewensverhaal ná die beëindiging van terapie herskryf.

Dagboeke kan afsonderlik of saam met die lewensboek gebruik word. Die gebruik van padkaarte is deel van die rekonstruering van die kind se lewe omdat dit 'n visuele voorstelling gee van wat waar en wanneer gebeur het. Dit is egter belangrik dat die kind moet beplan waarheen die aanwysings van hier af wys (Van der Merwe, 1996:121-122).

3.4 SAMEVATTING

Die Gestaltbenadering is verduidelik vanuit die konseptuele raamwerk aan die hand van die belangrikste konsepte wat binne Gestaltspeltherapie gebruik word. Die konsepte is ook verduidelik aan die hand van hoe die pleegkind uit 'n Gestaltbenadering hanteer sal word. Aandag is ook geskenk aan vorme van spel en speltherapietegnieke wat tydens terapie benut kan word.

Hoofstuk 4 bied vervolgens 'n uiteensetting van die resultate van die empiriese studie wat met pleegkinders gedoen is. Die doel van die empiriese studie is om riglyne vir maatskaplike werkers te gee om emosionele ondersteuning aan die pleegkind te bied.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGE

4.1 INLEIDING

In die voorafgaande literatuurstudie is daar gefokus op die kind in 'n pleegsorgplasing. Die kind in die middelkinderjare is ook bespreek waartydens 'n oorsig gegee is van die spesifieke ontwikkelingsfase van die kind. Laastens is die Gestaltbenadering en vorme van spel bespreek wat tydens terapie met die kind in pleegsorg benut kan word.

Die fokus van hierdie hoofstuk val op die dokumentering en evaluering van die data wat tydens die terapeutiese proses verkry is. Agtergrondinligting van elke kind asook die aanmeldingsprobleem word eers verskaf. Die verloop van elke terapeutiese sessie word daarna beskryf en elke sessie word volledig evalueer. Aan die einde van hierdie sessies sal die terapeutiese intervensie van elke kind evalueer word. Ná die afhandeling van die dokumentering word die data wat verkry is, geanaliseer. Kategorieë sal gevorm word en met die beskikbare literatuur kontroleer word. Ten laaste word riglyne aan die hand van sekere Gestaltterapeutiese konsepte geformuleer.

4.2 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

Die doel van hierdie hoofstuk is om die resultate van die empiriese studie weer te gee. Die konseptuele raamwerk oor die kind in sy middelkinderjare en spesifiek die pleegkind in sy middelkinderjare is reeds in hoofstuk twee en drie.

Ná afhandeling van die literatuurstudie is die data bekom deur 'n volledige Gestaltterapeutiese proses te deurloop met drie kinders in hul middelkinderjare wat binne 'n pleegsorgplasing verkeer. Tydens die sessies is die data ingesamel deur die benutting van ongestruktureerde onderhoude en die observasie van elke kind. Veldnotas is gemaak om 'n ware weergawe van die sessies deur te gee. Elke sessie is ook volledig aan die hand van sekere Gestaltkonsepte geëvalueer ten opsigte van aspekte wat tydens die sessies na vore gekom het.

Ten einde die volledige Gestaltterapeutiese proses te evalueer asook die kinders se insette te kry vir die daarstelling van die riglyne, is daar tydens die laaste sessie met elke kind 'n semi-gestruktureerde onderhoud gevoer. Tydens die onderhoud is gefokus op wat die kind in al die sessies ervaar het, sowel as dit wat hy positief of negatief ervaar het. Met hierdie inligting kon die navorser 'n aanduiding kry van enige moontlike veranderinge wat by elke kind ingetree het. Na afloop van die evaluering sal die resultate aan die hand van die literatuurstudie vergelyk word sodat kategorieë bepaal kan word om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel om emosionele ondersteuning aan die pleegkind te kan bied.

4.3 OMSKRYWING VAN UNIVERSUM, POPULASIE EN STEEK-PROEFNEMING

Vir die doeleindes van hierdie studie is die universum alle pleegkinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar oud wat hoogstens twee jaar in pleegsorg verkeer en wat emosionele ondersteuning benodig. Die populasie vir hierdie navorsingstudie word begrens deur die gemeenskap van Villiersdorp en omliggende plase, wat ook die werksarea van die maatskaplike organisasie, BADISA, is. Die populasie kan dus beskryf word as pleegkinders tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar wat hoogstens twee jaar in pleegsorg verkeer en wat emosionele ondersteuning benodig. Die kinders is woongagtig in die werksarea van BADISA-Villiersdorp.

Vir die doel van die studie is daar van 'n doelbewuste nie-waarskynlike steekproef gebruik gemaak. Die steekproef is geneem uit die populasie van kinders wat in pleegsorg geplaas is, wat in hul middelkinderjare is en wat uit die gevallelading van BADISA-Villiersdorp is. Drie kinders wat aan die volgende kriteria voldoen is uit die populasie geselekteer:

- Die kinders moet kliënte van die maatskaplike organisasie BADISA-Villiersdorp wees wat hoogstens twee jaar in pleegsorg verkeer. Drie kinders wat vir minder as twee jaar in pleegsorg verkeer, is geselekteer.

- Die kriterium vir ouderdom was dat die kinders in hul middelkinderjare (tussen die ouderdom van ses en twaalf jaar) moet wees. Die kinders se ouderdomme was onderskeidelik 10, 11 en 11 jaar.
- Die kriterium vir ras was dat die kinders uit die Kleurlingemeenskap moet kom. Al drie kinders het uit hierdie gemeenskap gekom.
- Die kinders moes emosionele ondersteuning benodig. Al drie kinders het vorme van trauma beleef voordat pleegsorgplasinge oorweeg is en het emosionele ondersteuning benodig.

4.4 BESPREKING VAN GEVALLESTUDIES

Die empiriese gegewens word in die vorm van drie gevallestudies weergegee. ’n In-diepte beskrywing van die terapeutiese proses wat met die drie gevalle gedurende die tydperk Oktober 2006 tot Maart 2007 plaasgevind het, word bespreek. Die gevallestudie van elke respondent sal afsonderlik bespreek word, asook die aanmeldingsproblematiek en terapeutiese intervensie. Die terapeutiese intervensie sal volledig per sessie beskryf word en sal die volgende insluit: die doel van die sessie, mediums en tegnieke benut, die verloop van die sessie en ’n evaluering.

Vir die besprekingsdoeleindes van die sessies word daar na die navorser as “die terapeut” verwys. Ten einde die kinders se identiteit te beskerm is ’n skuilnaam vir elke kind gebruik. Elke sessie met die kinders is aan die hand van die Gestaltterapeutiese proses asook relevante Gestaltkonsepte geëvalueer.

4.4.1 Respondent 1: Jack

4.4.1.1 Agtergrondinligting en aanmeldingsproblematiek

Jack is ’n negejarige Kleurlingseun en is gedurende Maart 2006 in pleegsorg geplaas. Hy is deur die pleegouers in ’n erg verwaarloosde toestand in die veld op ’n plaas gekry. Jack het geen roetine geken nie en het ongereeld skool gegaan. Hy hinkel redelik erg, maar ’n normale gesprek kan met hom gevoer word. Ten spyte daarvan dat Jack by liefdevolle pleegouers geplaas is en dus die nodige sekuriteit ervaar, is hy

by terapie ingeskakel omdat hy nie in staat was om sy gevoelens en emosies te verwoord nie. Jack is by ses terapiessessies ingeskakel.

4.4.1.2 Terapeutiese intervensie

Sessie 1

- **Doel van sessie**

Om vertrouensverhouding met die kind te bou.

- **Mediums en tegnieke benut**

Speletjies wat fokus op sensoriese bewusmaking, teken

- **Verloop**

Die terapeut het die sessie begin deur te fokus op die bou van 'n verhouding met Jack. Die sessies vind plaas by die skool waar 'n lokaal vir die terapeut beskikbaar gestel is. Die terapeut het met die eerste kontak weer aan Jack verduidelik wat die terapie behels. Bepaalde grense rondom die terapie en die speelgoed is ook gestel sodat hy bewus kon wees van dit wat van hom tydens die sessies verwag word en watter proses gevolg word. Hy het aanvanklik skamerig opgetree, maar het later tydens die sessie meer spontaan teenoor die terapeut begin gesels. Dialoog is gebruik om persoonlike inligting van Jack te bekom en om hom beter te leer ken.

Om Jack meer ontspanne te laat optree, het die terapeut van sensoriese bewusmaking gebruik gemaak. Jack is versoek om rustig te raak deur sy oë toe te maak en bewus te word van al die klanke/geluide binne en buite die vertrek. Die terapeut het hom ook laat voel, ruik en proe aan items in 'n sintuiebnlik. Hy was in staat om die verskillende assosiasie met die items te maak.

Jack kon self 'n medium kies waarmee hy wil speel. Hy het gekies om iets te teken. Terwyl hy besig is om te teken, begin hy spontaan met die terapeut gesels oor sy maatjie, Piet, wat deur ander kinders gespot word. Hy vertel dat hy ook gespot is deur kinders oor die feit dat hy hakkell, en vra ook om verskoning dat hy hakkell. Die

terapeut kon vasstel dat Jack selfbewus is oor die feit dat hy hinkel. Nadat die terapeut aan hom die versekering gegee het dat dit nie vir haar 'n probleem is nie en die nodige erkenning aan hom gee dat hy ten spyte van die hinkel wel 'n sinvolle gesprek kan voer, het Jack die vrymoedigheid gehad om meer spontaan op te tree.

Jack het 'n projeksie gemaak deur 'n mannetjie en 'n voëltjie te teken. Hy is deur die terapeut versoek om 'n storie oor die tekening te vertel. Sy storie handel oor die versorging van die voëltjie deur die mannetjie. Om aan hom die geleentheid te gee om besit te neem van die projeksie verwys die terapeut terug na sy eie lewe en sy pleegouers wat hom versorg. Dit is duidelik dat hy baie gelukkig is by die pleegouers en dat hy goeie versorging verkry. Tydens die gesprek blyk dit dat Jack 'n onvoltooidheid ervaar rondom onsekerhede oor sy broer. Die terapeut het aan hom geleentheid gebied om sy gevoelens oor sy broer te verwoord. Dit is ook duidelik dat versorging en omgee op sy voorgrond is. Hoewel hy gelukkig is by die pleegouers, spreek hy wel die begeerte uit om byvoorbeeld 'n hondjie van sy eie te kan hê om self te versorg. Die terapeut verkry toestemming om hierdie behoeftes van hom met die pleegouer te bespreek.

Die sessie is saam met Jack geëvalueer deurdat die terapeut 'n opsomming gee van wat in die sessie gebeur het. Jack gee te kenne dat hy die sessie baie geniet het en graag weer wil kom speel. Die terapeut het ter afsluiting van die sessie vir Jack aangemoedig om die middag iets te doen wat hy kan geniet. Jack noem dat hy daarvan hou om te dans en die middag van sy maats sal oornooi om by sy huis te kom dans.

- **Evaluering**

Die fokus van hierdie sessie was om 'n terapeutiese verhouding met Jack te vestig aangesien die terapeut dit as belangrik beskou om 'n sinvolle verhouding met die kind te bou. Dit het suksesvol verloop aangesien Jack reeds vooraf voorberei is dat hy by terapie sal inskakel. Deur sy volgehoue deelname gedurende die sessie en die benutting van verskeie mediums is Jack se bewustheidsvlakke van dit wat hy op daardie oomblik ervaar en beleef, aangespreek. Sy aanvanklike selfbewustheid oor sy spraakprobleem is aangespreek en hy het meer spontaan aan die dialoog begin

deelneem. Daar is ook gefokus om 'n werksverhouding te vestig en duidelike grense is vir hom gestel.

Dit wil voorkom asof hy baie selfbewus is oor die feit dat hy hikkelt. Dit veroorsaak dat hy as skaam en terughoudend voorkom. Die terapeut het op 'n holistiese wyse aandag gegee aan sy gedrag en optrede, en deur aan hom die versekering te gee dat hy aanvaar word soos wat hy is, het hy meer spontaan begin optree. Daar is van 'n projeksie gebruik gemaak sodat Jack binne 'n nie-bedreigende omgewing tot deelname aangemoedig kon word. Die terapeut het ook aandag gegee aan onvoltooidhede wat hy op daardie oomblik ervaar het. Die terapeut het Jack deurlopend aangemoedig en aan hom erkenning gegee. Dit het tot die openbaring van meer selfvertroue by hom gelei.

Sessie 2

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese verhouding te versterk.

Om sensoriese kontakmaking te bevorder.

- **Mediums en tegnieke benut**

Sandbak is as medium benut.

- **Verloop**

Jack was opgewonde om weer by die terapeut te wees. Hy tree nuuskierig op en wil dadelik weet wat alles in die speelkis is. Sy spontaniëteit dui daarop dat hy reeds 'n redelike goeie vertrouensverhouding met die terapeut opgebou het.

Die terapeutiese verhouding is aan die begin van die sessie versterk waartydens die terapeut verneem het hoe Jack se week verloop het. Die nodige grense is ook vasgestel sodat Jack kan weet wat van hom verwag word gedurende die sessie. Die terapeut bied aan Jack genoeg geleentheid om te vertel wat hy alles gedoen het. Hy noem ook dat hy vir sy huismense vertel het wat hy alles in die vorige terapisessie gedoen het. Die terapeut het hom ook herinner aan die gevoelens wat hy tydens die

vorige sessie ervaar het toe daar van sy broer gepraat is. Hy gee te kenne dat hy met sy pleegmoeder oor sy broer gepraat het. Hy blyk minder bekommerd te wees oor sy broer en aanvaar ook dat hulle nie bymekaar is nie.

Jack het die geleentheid gekry om self te kies met watter speelgoed hy graag wil speel. Hy kies die sandbak om as medium te gebruik. Om sy bewustheidsvlakke verder te verhoog, benut die terapeut die sand om sy sensoriese bewustheidsvlakke te versterk. Jack geniet dit om die sand deur sy vingers te laat gly en noem dat dit sag voel op sy hande. Hy assosieer ook die sand met 'n aangename gevoel en dit ruik vir hom na sjokolade.

Die terapeut versoek Jack om van die diertjies te kies en om 'n projeksie in die sand te maak. Jack gebruik 'n aantal diere en pak hulle op 'n ordelik wyse in die sand met twee mannetjies aan weerskante. Hy gesels nie terwyl hy besig is om in die sand te werk nie. Nadat hy al die diere uitgepak het, versoek die terapeut hom om sy prentjie te verduidelik. Jack gesels spontaan met die terapeut terwyl hy sy projeksie verduidelik. 'n Vraag word aan hom gestel waar hy moet noem met watter dier hy homself kan assosieer. Jack assosieer homself met 'n perd. Die terapeut maak van alternatiewe gebruik deur hom daarop te wys dat 'n perd goeie en slegte eienskappe kan hê. Jack was in staat om die vergelykings met sy eie persoonlikheid te identifiseer, soos dat hy dit ook geniet om in die veld rond te loop en die vryheid kan ervaar. Die terapeut het ook van die geleentheid gebruik gemaak om uit sy projeksie 'n dier te kies wat hy met sy pleeggesin assosieer.

Aan die einde van die sessie het die terapeut weer daarop gefokus dat Jack 'n aktiwiteit by die huis moet gaan doen wat hy sal geniet.

- **Evaluering**

Dit is belangrik dat die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en die kind wat in pleegsorg verkeer op wedersydese vertrouwe gebou word. Die terapeut het hierdie sessie hoofsaaklik gebruik om die terapeutiese verhouding met Jack te versterk. Jack tree gemaklik teenoor die terapeut op en ervaar dat die terapeut hom onvoorwaardelik aanvaar, ten spyte van die spraakgebrek (hakkell) wat hy het.

Die onvoltooidheid wat Jack oor sy broer ervaar het, kon aangespreek word en dit het hom die geleentheid gebied om sy situasie beter te aanvaar. Sand is as medium gebruik om Jack se bewustheidsvlakke te verhoog en te fokus op die sensoriese modaliteite. Daar is op sy ruik- en tastsintuie gefokus. Jack was daartoe in staat om positiewe assosiasies met die sand te maak. Die sand is ook gebruik om 'n projeksie te maak.

Jack se selfvertroue het toegeneem soos sy verhouding met die terapeut gegroei het. Wanneer hy 'n opdrag moes uitvoer of oor iets moes praat, het hy die vrymoedigheid gehad om dit te doen. Die terapeut het ook deurlopend tydens die sessie gepaste erkenning aan Jack gegee, soos byvoorbeeld om sy positiewe verhouding met sy pleeggesin uit te lig.

Sessie 3

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese verhouding te versterk.

Om die kind se bewustheidsvlakke te verhoog.

Om die kind tot emosionele uitdrukking te lei.

- **Mediums en tegnieke benut**

Legkaart en teken is as medium benut.

Die Roosboomtegniek is as tegniek benut.

- **Verloop**

Jack is baie opgewonde om die terapeut te sien en wil dadelik met 'n speletjie begin.

Die terapeut gee erkenning aan sy opgewondenheid om te begin, maar stel eers weer die grense deur te verduidelik wat hulle in die sessie gaan doen. Hy word die versekering gegee dat hy self kan kies waarmee hy in die sessie wil speel. Jack is tevrede met die verduideliking.

Om verhouding te bou, gesels die terapeut eers in die algemeen met Jack. Hy kry die geleentheid om te vertel wat hy die afgelope week gedoen het. Die terapeut vra hom ook uit na sy skoolwerk. Dit blyk duidelik dat Jack die skool geniet.

Die terapeut gebruik 'n houer met seepwater ('bubbles') om Jack te lei tot sensoriese bewuswording. Hy word bewus gemaak van die gevoel wanneer 'n borrel teen sy lyf bars. Hy kan die nattigheid dadelik ervaar. Hy kry ook die geleentheid om self borrels te blaas. Hy word ook bewus gemaak om geduld te beoefen sodat hy groter borrels kan blaas.

Jack kan kies waarmee hy wil speel. Hy kies eerste om 'n legkaart te bou en wil dan daarna teken. Die terapeut gee vir hom die toestemming om dit te doen. Hy sukkel aanvanklik met die bou van die legkaart en die terapeut verleen beperkte hulp aan hom. Jack het die vrymoedigheid om deurlopend met die terapeut te gesels. Uit die gesprek blyk dit dat Jack baie lief is vir sport, veral rugby en krieket. Hy neem nie self aan sport deel nie, maar geniet dit om sport op televisie te volg.

Nadat hy die legkaart voltooi het, maak hy 'n projeksie deur 'n prentjie te teken van 'n motor en 'n mannetjie wat 'n bal skop. Die terapeut benut die Roosboomtegniek met die tekening wat hy gemaak het. Die terapeut vra hom wie die motor versorg, wie daarin ry en hoe dit is om daarin te ry. Uit sy antwoorde blyk dit dat hy sekuriteit binne sy pleeggesin ervaar en dat hy ook 'n belangrike rol binne die gesin vertolk.

Die sessie is afgesluit waar Jack weer 'n aktiwiteit kies om by die huis te gaan doen.

- **Evaluering**

Die terapeut het aan die begin van die sessie die nodige grense gestel sodat Jack kan weet watter prosesse gevolg word. Die feit dat Jack kan ervaar dat hy deur die terapeut aanvaar word ten spyte daarvan dat hy haggel en sukkel om sekere opdragte (legkaart bou) uit te voer, het die terapeutiese verhouding versterk. Die terapeutiese prosesse wat ook tydens die sessie gevolg word, gee aan hom die nodige struktuur sodat hy ontspanne voorkom.

Die samewerking wat Jack tydens die sessie gee, vergemaklik die taak van die terapeut om sy bewustheidsvlakke te toets sodat hy sekere emosies kan ervaar en dit ook tydens dialoog kan verbaliseer. Die projeksies wat gebruik is, kon ook suksesvol aangewend word om die Roosboomtegniek toe te pas. Dit het duidelik geblyk dat Jack sekuriteit binne sy pleeggesin ervaar en dat hy hom ook met die gesin kan identifiseer.

Sessie 4

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese verhouding te versterk.

Om die kind se bewustheidsvlakke te verhoog.

Om die kind tot emosionele uitdrukking te lei.

- **Mediums en tegnieke benut**

Inkleur is as medium gebruik.

Projeksie is as tegniek gebruik.

- **Verloop**

Hoewel Jack die terapeut vriendelik groet, is hy redelik terughoudend. Die terapeut vra hom uit oor die afgelope vakansie en wat hy alles gedoen het. Hy noem dat hy sy tannie op die plaas gesien het en graag by haar wil gaan bly. Hy is nie meer gelukkig by sy pleegouers nie. Hy kan egter nie verwoord waarom hy so ongelukkig is nie. Die gevoelens wat hy op daardie oomblik ervaar het, het hom terughoudendheid teenoor die terapeut gemaak.

Om Jack rustig te maak en hom te laat fokus op die emosies wat hy op daardie oomblik ervaar, maak die terapeut van sensoriese modaliteite gebruik. Jack word gevra om gemaklik te raak en sy oë toe te maak. Hy word bewus gemaak van sy ooglede wat 'n onrustigheid toon. Die terapeut praat op 'n rustige toon totdat hy op sy gemak is. 'n Stresballetjie word vir hom gegee. Hy gril aanvanklik vir die bal, maar ervaar mettertyd 'n aangename gevoel. Die terapeut moedig hom aan om die

balletjie heeltyd te druk en sodoende verdwyn sy aanvanklike terughoudendheid sodat hy spontaan met die terapeut begin gesels.

Die terapeut laat Jack toe om 'n medium te kies. As projeksie kies hy om 'n prent in die inkleurboek in te kleur. Die terapeut gee aan hom die geleentheid om self 'n prent te kies. Hy kies om 'n prent van 'n huis op 'n plaas in te kleur. Terwyl hy inkleur, gesels hy met die terapeut oor sy liefde vir krieket en dat sy pleeggesin nie daarvan hou nie. Hy kry wel die geleentheid om wedstryde op televisie te volg. Nadat hy die prent voltooi het, vra die terapeut hom om iets oor die prent te vertel. Hy verwys daarna as 'n plaashuis en gee weer sy verlange deur om op 'n plaas te kan woon. Hy noem goeie herinneringe wat hy beleef het in die tyd wat hy nog op die plaas gewoon het. Die terapeut gee erkenning aan sy verlange na die plaaslewe.

Daar word aan Jack se onvoltooidhede aandag gegee deur aan hom alternatiewe te stel sodat hy sy situasie kan verstaan en aanvaar. Hy word daaraan herinner dat hy as gevolg van verwaarlosing deur sy mense in die sorg van sy huidige pleegouers geplaas moes word. Jack erken dat hy tog gelukkig is by sy pleegouers en dat hy sekuriteit by hulle ervaar. Hy noem wel dat die twee kinders wat gedurende die vakansie in veiligheid by sy pleegouers geplaas is, veroorsaak het dat hy ervaar die huis is vir hom te vol mense. Hy kon ook oplossings vir sy probleem identifiseer, naamlik dat hy permanent by sy tannie op die plaas gaan woon of dat die kinders nie verder by hulle woon nie. Die terapeut gee vir hom die nodige erkenning dat hy self die probleem van sy ongelukkigheid kon herken en oplossings kon vind. Die terapeut verkry by hom toestemming om die probleem wat hy ervaar oor die baie mense in die huis asook sy verlange na die plaas met sy pleegouers te bespreek.

Aan die einde van die sessie gee die terapeut die nodige erkenning aan Jack vir sy samewerking en spontaniëteit. Hy word hy aangemoedig om die krieketwedstryd op televisie te kyk. Hy word ook reeds op die terminering van dienste voorberei.

- **Evaluering**

Dit wil voorkom asof Jack aanvanklik onseker was of hy met die terapeut kan praat oor dit wat op sy voorgrond is, naamlik sy behoefte na die plaaslewe en sy situasie

binne die pleeggesin. Die vertrouensverhouding met die terapeut was egter sterk gevestig en hy het die vrymoedigheid gehad om sy gevoelens met die terapeut te deel.

Jack was in staat om die projeksie wat hy gemaak het, onmiddellik in besit te neem aangesien hy sy verlange na die plaaslewe daarin kon herken. Hy was ook daartoe in staat om die probleem van sy ongelukkigheid binne die pleeggesin self te identifiseer sodat hy tot die besef kon kom dat hy, ten spyte van die groot gesinsopset, steeds sekuriteit by die pleegouers ervaar. Daar is dus in hierdie sessie op die hier-en-nou gefokus en met die onvoltooidhede gewerk. Jack se bewustheidsvlakke oor dit wat hy ervaar, is ook verhoog.

Sessie 5

- **Doel van sessie**

Om die kind tot emosionele uitdrukking te lei.

- **Mediums en tegnieke benut**

Inkleur is as medium gebruik.

Projeksie is as tegniek gebruik.

- **Verloop**

Jack is uitasem en opgewonde om weer by die terapeut te wees. Klem word daarop gelê om die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en Jack te versterk waar hy aan die terapeut vertel wat hy en sy maats gedurende die pouse gedoen het. Hy vertel dat hulle 'n bal vir mekaar geskop het. Hy geniet dit om met sy maats te speel. Die terapeut verneem ook hoe dit by die huis gaan.

Jack is aanvanklik onseker oor sy keuse van 'n medium. Hy besluit om weer 'n prent in te kleur en dit word as projeksie benut. Die terapeut laat hom 'n prent in die inkleurboek kies. Terwyl hy 'n prent soek, spreek hy die begeerte uit dat hy ook graag 'n inkleurboek wil hê aangesien hy daarvan hou om in te kleur. Die terapeut stel voor dat hy met sy sakgeld vir hom 'n boek koop of vir sy pleegmoeder vra om vir hom een te koop. Jack kies om 'n prent met vrugte in te kleur. Terwyl hy inkleur,

evalueer die terapeut of hy kleure kan onderskei en van watter kleure hy die meeste hou. Jack hou van bruin en is daartoe in staat om kleure te onderskei.

Nadat Jack die prent voltooi het, verduidelik hy aan die terapeut dat die prent onder meer duiwe het soos op die plaas waar hy gewoon het. Hy spreek weer die begeerte uit dat hy eerder op die plaas wil woon, want daar kan hy in die veld rondloop en dit is oop en uitgestrek. Die terapeut maak hom daarvan bewus dat sy begeerte om terug te gaan plaas toe, waarneem. Daar word aan hom verduidelik dat die moontlikheid dat hy die komende vakansie by sy tannie kan gaan kuier, deur die terapeut ondersoek word. Die terapeut onderneem om die nodige vakansiereëlins met sy pleegmoeder te bespreek.

Die sessie word afgesluit met 'n legkaart wat Jack bou. Hy besluit ook om vir sy pleegmoeder te vra om vir hom 'n inkleurboek te koop. Die terapeut berei Jack ook voor dat die volgende sessie die laaste sessie sal wees.

- **Evaluering**

Jack se voorgrondbehoefte het weer by hierdie sessie na vore gekom, naamlik om op die plaas te gaan kuier. Hierdie voorgrondbehoefte kan as organismiese selfregulering gesien word. Indien hierdie behoefte van Jack om op die plaas te gaan kuier bevredig kan word, sal hy weer balans in sy lewe kan ervaar. Jack het aanvanklik onseker voorgekom. Dit blyk dat hy nie seker was wat die terapeut se reaksie sou wees as hy sy begeerte om op die plaas te gaan kuier vir haar noem nie. Nadat die terapeut die nodige erkenning en gemoedsrus gegee het, het hy al hoe meer spontaan begin optree. Hoewel die vertrouensverhouding vasgelê is, was hy dus steeds 'n bietjie onseker oor wat die terapeut se reaksie sou wees.

Die terapeut het van dialoog gebruik gemaak om aan Jack te verduidelik dat die dorpslewe nie so onaangenaam is nie. Hy het ook aanvaar dat, indien dit so gereël kan word, hy vir vakansies op die plaas sal kuier maar andersins nog in pleegsorg sal aanbly.

Sessie 6

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese sessies te evalueer.

Om die terapie te termineer.

- **Mediums en tegnieke benut**

Onderhoudvoering is as tegniek gebruik.

Vrye spel is benut.

- **Verloop**

Jack is opgewonde om aan die terapeut te vertel dat sy pleegmoeder daartoe ingestem het dat hy vir sy tannie op die plaas mag gaan kuier sodra die vakansie aanbreek. Hy sien baie uit daarna aangesien hy verlang na die ooptes op die plaas en om in die veld te gaan rondloop. Die terapeut berei hom voor dat dit die laaste sessie sal wees.

Jack kies om 'n prent in te kleur. Hy kies weer 'n prentjie met vrugte. Terwyl hy inkleur, vra die terapeut aan hom van watter vrug hy die meeste hou. Hy noem dadelik druiwe en appels, veral as dit baie vars is. Hy assosieer ook die vrugte met sy belewenis op die plaas. Hy word ook die keuse gegee om enige ander speletjie te kies wat die terapeut saam met hom kan speel. Hy kies om slangetjies en leertjies te speel. Jack geniet die spel baie en raak ook opgewonde wanneer hy die terapeut wen.

Ten einde die sessie te evalueer, is die volgende vrae aan Jack gevra:

- Hoe het jy die sessies ervaar?
- Watter speletjie het jy die meeste geniet?
- Was daar iets tydens die sessies waarvan jy nie gehou het nie of wat vir jou ongemaklik was?
- Sal jy weer by soortgelyke sessies inskakel?

Jack se antwoorde op die vrae was as volg: Al die sessies was vir hom baie lekker gewees. Hy het van al die speletjies gehou en het dit geniet om saam met die terapeut

te speel en te gesels. Daar was nie iets wat hom ongemaklik laat voel het nie en hy sal weer by soortgelyke sessies wil inskakel.

Die terapeut het aan hom verduidelik dat hy nie meer verder by terapie sal inskakel nie, maar dat dienste steeds by hul gesin gelewer sal word aangesien hy in pleegsorg is.

- **Evaluering**

Dit blyk dat Jack die sessies positief ervaar het en dat die terapeutiese verhouding tussen hom en die terapeut goed gevestig is. Hy is deur die terapeut voldoende voorberei op die terminering van die terapie.

Tydens die onderhoud is daar van 'n onderhoudskedule gebruik gemaak sodat die terapeut al die terapiessessies met Jack kon evalueer. Jack was daartoe in staat om al die vrae te beantwoord. Hy het die terapie ook positief ervaar en is bewus daarvan dat hy by voortgesette pleegsorgtoesigdienste sal inskakel.

4.4.1.3 Evaluering van Jack ten opsigte van die terapeutiese intervensie

Die terapeut het die terapeutiese prosesse tydens elke sessie gevolg om die nodige emosionele ondersteuning aan die betrokke kind te kon bied. Die grense wat deurlopend maar veral gedurende die eerste sessie aan Jack gestel is, het tot gevolg gehad dat die terapeutiese prosesse suksesvol gevolg kon word.

Jack het aan die begin van die sessies as 'n onseker kind voorgekom. Om 'n holistiese beeld van Jack en sy optrede te kon vorm, is daar gefokus op die vestiging van 'n sterk terapeutiese verhouding met Jack. Weens die omstandighede wat hy beleef het en die feit dat hy in pleegsorg geplaas is, het hy emosionele ondersteuning benodig. Die positiewe terapeutiese verhouding met die terapeut het daartoe gelei dat Jack reeds vanaf die tweede sessie spontaan opgetree het en meer selfvertroue ontwikkel het.

Daar is tydens al die sessies deurlopend gebruik gemaak van dialoog wat die terapeut in staat gestel het om Jack tot spontane deelname te begelei sodat hy sy voorgrondbehoefte (onvoltooidhede) wat hy op daardie oomblik ervaar het, kon verwoord en emosies kon identifiseer. Deur aandag te gee aan sy voorgrondbehoefte kon hy balans in sy lewe ervaar. Tydens elke sessie is Jack se bewustheidsvlakke verhoog deur van sensoriese modaliteite gebruik te maak sodat hy kon ervaar hoe hy op 'n spesifieke oomblik voel. Hy was in staat om positiewe gevoelens met sy sintuie te ervaar. Hy het soms met sekere ervarings wel onseker voorgekom. Jack kon homself emosioneel uitdruk en kon sy emosies identifiseer. Hy kon emosies soos selfbewustheid, gelukkigheid en verlange identifiseer.

Tydens elke sessie is projeksies benut om aan onvoltooidhede aandag te gee. Die Roosboomtegniek is as tegniek benut om Jack te begelei dat hy sy eie situasie beter kan verstaan en aanvaarding kan beleef. Die terapeut kon deur gebruik te maak van die terapeutiese proses daarin slaag om die nodige emosionele ondersteuning aan Jack te bied aangesien 'n sterk vertrouensverhouding gevestig is en hy ook selfvertroue en aanvaarding van sy pleegsorgsituasie kon ervaar.

4.4.2

Respondent 2:

Anna

4.4.2.1 Agtergrondinligting en aanmeldingsproblematiek

Anna is 'n twaalfjarige Kleurlingmeisie. Sy is in pleegsorg geplaas nadat sy vir 'n geruime tyd deur haar biologiese moeder fisies verwaarloos is en ongereeld skool gegaan het. Sy is voor die finale afhandeling van die kindertehuisverrigting vir terapie verwys aangesien sy aggressiewe gedrag geopenbaar het. Sy beskik oor beperkte intellektuele vermoëns, maar is in staat om normaal te kommunikeer. Die inskakeling by terapie moes ook haar aanpassing in die pleegsorgplasing aanspreek aangesien die finale hofverrigtinge gedurende hierdie tyd afgehandel is. Anna het vir ses sessies ingeskakel.

4.4.2.2 Terapeutiese intervensie

Sessie 1

- **Doel van sessie**

Om 'n vertrouensverhouding met die kind te vestig.

- **Mediums en tegnieke benut**

Klei is as medium gebruik.

- **Verloop**

Die terapeut het die eerste sessie benut om 'n terapeutiese verhouding met Anna op te bou. Die terapeut het die sessie begin deur duidelike grense vir Anna daar te stel. Daar is aan haar verduidelik wat die terapie behels en hoe die proses verloop. Die terapeut het 'n werksverhouding met haar gevestig. Anna het positief gereageer en was opgewonde om deel te neem. Die terapeut het van dialoog gebruik gemaak om meer persoonlike inligting by Anna te kry. Die gesprek het hoofsaaklik oor haar hegte verhouding met haar pleegmoeder gehandel.

Die terapeut het aan Anna genoem watter speelgoed in die speelkis beskikbaar was en sy kon self 'n medium kies. Anna het gekies om met die klei te speel. Die terapeut het die klei terselfdertyd gebruik om haar bewustheidsvlakke van die hier-en-nou sensories te toets. Sy is gevra om die klei met haar hande te brei en te vertel hoe sy dit ervaar. Sy het die hantering van die klei positief ervaar.

Die terapeut bied daarna vir Anna die geleentheid om 'n projeksie met die klei te maak. Sy noem dat sy 'n mannetjie gaan maak. Die terapeut vra haar toestemming om ook 'n mannetjie te maak. Hoewel Anna selfversekerd voorkom om die projeksie te maak, is sy tog onseker en kyk sy hoe die terapeut 'n mannetjie maak. Die terapeut het haar die geleentheid gebied om teen haar eie pas die projeksie te voltooi. Ná die voltooiing van die projeksie het die terapeut gefokus op vrae om persoonlike inligting by Anna te verkry. Anna het onmiddellik besit geneem van die projeksie en

het die vrae beantwoord soos wat syself optree. Anna fokus in die gesprek op die herkenning van aggressiewe gedrag teenoor ander. Tydens die dialoog wat volg, gee sy voorbeelde van hoe mense teenoor haar opgetree het en dat sy vir hulle kwaad was. Sy ervaar dit ook as 'n onvoltooidheid. Alternatiewe is vir haar gestel en sy was in staat om self die probleem op te los deur te besluit om in die toekoms wanneer sy weer kwaad word nie ander te konfronteer nie, maar om dit met haar pleegmoeder te bespreek.

Die terapeut het die sessie afgesluit deur vir Anna aan te moedig om 'n aktiwiteit by haar huis te gaan doen wat sy sal geniet.

- **Evaluering**

Die fokus van hierdie sessie was om 'n terapeutiese verhouding met Anna te vestig. Die sessie is positief deur Anna ervaar en sy het spontaan aan die dialoog deelgeneem. Daar is ook gefokus om 'n werksverhouding te vestig en duidelike grense vir haar te stel.

Die terapeut het die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het dat Anna in pleegsorg geplaas moes word deurlopend in ag geneem. Deur Anna se omstandighede holisties in ag te neem, kon die terapeut vloeiende dialoog met haar gebruik sodat Anna op haar gemak was. Die onsekerhede wat sy ervaar het, kon aangespreek word met die emosionele ondersteuning wat deurlopend aan haar gebied is.

Die medium wat sy gekies het, naamlik klei, is terselfdertyd benut om haar bewustheidsvlakke oor sensoriese modaliteite te verhoog en ook om 'n projeksie te maak. Ten spyte daarvan dat sy onsekerhede ervaar het om die opdrag uit te voer, was sy daartoe in staat om die projeksie in besit te neem.

Anna was daartoe in staat om dit wat sy op haar voorgrond ervaar, te verwoord. Sy kon ook haar aggressiewe gedrag teenoor ander erken. Die terapeut het haar bemaatig deur erkenning te gee aan die gevoelens wat sy ervaar as sy kwaad word. Sy is begelei om aanvaarbare oplossings vir haar gedra te vind.

Sessie 2

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese verhouding te versterk.

Om sensoriese kontakmaking te bevorder.

- **Mediums en tegnieke benut**

Handpoppe is as medium gebruik.

Die Leëstoeltegniek is as tegniek benut.

- **Verloop**

Anna is opgewonde om weer na die terapeut te kom en groet haar spontaan. Dit is duidelik dat die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en Anna gevestig is. Ter versterking van die verhouding is die sessie begin met Anna wat aan die terapeut terugvoering gee oor wat sy die week gedoen het. Anna gee spontaan die nodige inligting en noem ook dat sy aan haar pleegmoeder vertel het wat sy alles in die vorige sessie gedoen het. Die terapeut gee aan haar die nodige erkenning en moedig haar aan om voort te bou op die positiewe verhouding tussen haar en haar pleegmoeder.

Die nodige grense is vir Anna daargestel deurdat die terapeut aan haar verduidelik het dat die terapeut eers 'n speletjie sal kies en dan kan sy self iets kies om mee te speel. Om sensoriese kontakmaking te bevorder, gebruik die terapeut die sintuiebnik. Haar bewustheidsvlakke is gestimuleer sodat sy kan ervaar hoe sy op daardie oomblik voel. Sy is in staat om positiewe assosiasies te maak van items wat haar gehoor-, sig- en tassintuie stimuleer.

Anna kon 'n medium kies waarmee sy wou speel. Sy maak 'n projeksie met die vingerpoppe/handpop. Sy kies om met die vingerpoppe te speel. Die terapeut vra haar toestemming om saam met haar met die handpop te speel. 'n Dialoog vind tussen die vingerpoppe en handpop plaas. Die terapeut vra Anna om vir haar vingerpoppe name te gee. Sy gee haar eie naam en vier maats se name. 'n Storie

word uitgespeel tussen die handpop (padda) en die vingerpoppe. Die terapeut lei die storie tot 'n situasie waar die padda vir sy vriend kwaad is. Anna neem onmiddellik besit van die projeksie deur ook te vertel wat tussen haar en haar maats gebeur het.

Deur die spel is daar gefokus op dit wat op haar voorgrond is, naamlik die bakleiery vroeër tussen haar en haar maats, en dat sy baie ongelukkig is oor dit wat gebeur het. Die terapeut begelei haar in die gesprek deur alternatiewe te stel en lei haar om self oplossings vir die probleem te vind. Die Leëstoeltegniek word benut deur aan Anna die geleentheid te bied om in te oefen hoe sy weer teenoor haar maats gaan optree om die situasie te ontlont. Anna is bemagtig deurdat die terapeut die nodige erkenning vir haar gee vir die insig wat sy toon om beter verhoudinge met haar maats te bou en dat sy bereid is om positiewe alternatiewe vir probleme te kry.

Aan die einde van die sessie is Anna weer aangemoedig om 'n aktiwiteit by haar huis te gaan doen wat sy sal geniet.

- **Evaluering**

Die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en die kind word as baie belangrik beskou aangesien dit bepaal in watter mate die terapeut emosionele ondersteuning aan die kind kan bied. Gedurende hierdie sessie het dit duidelik geblyk dat die verhouding tussen die terapeut en Anna reeds vasgelê is aangesien Anna spontaan optree en bereid is om enige inligting met die terapeut te deel.

Om Anna se bewustheidvlakke te verhoog, is sensoriese modaliteite benut waar sy blootgestel is aan verskillende objekte om haar sintuie te prikkel. Anna was in staat om positiewe assosiasies met die objekte te maak en bewus te word van wat sy op daardie oomblik ervaar.

Dit was duidelik dat Anna gedurende die projeksie dit weergee wat op haar voorgrond is en wat sy as 'n onvoltooidheid ervaar. Deur gebruik te maak van dialoog is sy in staat gestel om onaanvaarbare gedrag te identifiseer en om self oplossings te vind om die probleem aan te spreek. Die terapeut het tydens die projeksie die Leëstoeltegniek

benut sodat sy die geleentheid gebied kon word om haar situasie uit te speel en in te oefen.

Sessie 3

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese verhouding te versterk.

Om sensoriese kontakmaking te bevorder.

Om die kind se bewustheidsvlakke te verhoog.

- **Mediums en tegnieke benut**

Legkaart bou is as medium benut.

Projeksie is as tegniek benut.

- **Verloop**

Anna is weer opgewonde om na die terapeut te kom en wil dadelik met die sessie begin. Die terapeutiese verhouding word gevestig deurdat die terapeut haar versoek om terugvoering te gee oor wat sy in die skool doen. Anna verduidelik dat hulle somme maak en lees. Sy geniet dit ook die meeste wanneer sy na die aanpassingsklas gaan. Anna vertel weer van 'n insident waar sy met kinders baklei het. Die terapeut gee aan haar die nodige erkenning dat sy die situasie reg kon hanteer. Sy noem ook dat sy en haar maats weer vriende is nadat hulle die vorige keer baklei het. Die terapeut herinner haar weer aan die vorige sessie waar sy die geleentheid kon kry om die situasie met haar maats met die handpoppe te kon inoefen en sy word aangeemoedig om situasies vooraf in te oefen.

Die terapeut stel weer die nodige grense aan Anna sodat sy bewus kan wees wat van haar tydens die sessie verwag word. Die terapeut benut weer sensoriese modaliteite om haar bewustheidsvlakke te versterk. Sy word versoek om items uit die gevoelsak te neem en te verwoord wat sy ervaar. Anna is aanvanklik skrikkerig om items uit die sak te neem. Die terapeut stel haar gerus dat sy nie bang hoef te wees nie en daarna geniet sy dit om deel te neem. Sy is in staat om positiewe gevoelens oor haar tas- en gehoorsintuie te identifiseer.

Anna kies om 'n legkaart te bou wat ook op sintuie fokus. Sy bou die legkaarte rondom die temas tas, gehoor en smaak. Nadat sy elke legkaart voltooi het, vind dialoog plaas. Anna bespreek wat sy in elke prentjie waarneem en haar bewustheidsvlakke word weer versterk.

Anna vra of sy 'n prent mag inkleur. Die terapeut verleen toestemming en sy kies 'n prent van 'n kat. Sy vertel spontaan aan die terapeut dat sy ook 'n kat het met die naam Kietsie en dat sy vir die kat moet sorg. Die terapeut gee die nodige erkenning dat sy verantwoordelikheid neem om vir haar kat te sorg.

Die sessie word weer afgesluit waar Anna aangemoedig word om aktiwiteit by die huis te gaan beoefen.

- **Evaluering**

Daar is tydens hierdie sessie veral gefokus om Anna se sensoriese bewustheidsvlakke te verhoog. Hoewel sy aan die begin versigtig was om deel te neem, het sy, nadat daar aan haar die versekering gegee is dat sy dit sal geniet, haar volle samewerking gebied en dit positief ervaar. Die medium wat sy gebruik het, is ook verder benut om sensoriese bewustheidsvlakke te verskerp.

Anna plaas telkens die fokus op insidente waar sy met ander kinders baklei. Dit kan as 'n onvoltooidheid beskou word. Dit blyk dat sy 'n behoefte daaraan het om die versekering te kry dat sy die situasie reg hanteer. Die deurlopende erkenning en aanmoediging wat die terapeut tydens die sessies vir haar gee, gee aan haar die nodige selfvertroue om die situasies te ontlont. Op hierdie wyse gee die terapeut die nodige emosionele ondersteuning aan die betrokke kind.

Bemagtiging vind deurlopend plaas, aangesien dit duidelik blyk dat wanneer Anna erkenning kry, sy ook meer selfvertroue openbaar. Om die bemagtiging verder te versterk, word sy aangemoedig om genotvolle aktiwiteite by haar huis te gaan beoefen sodat sy na die sessie haar selfvertroue verder kan opbou.

Sessie 4

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese verhouding te versterk.

Om die kind se bewustheidsvlakke te verhoog.

Om die kind tot emosionele uitdrukking te lei.

- **Mediums en tegnieke benut**

Teken is as medium benut.

Die Roosboomtegniek is as tegniek benut.

- **Verloop**

Die sessie vind plaas na 'n skoolvakansie en die terapeut versterk weer die terapeutiese verhouding deurdat Anna aan die begin van die sessie die geleentheid gegee word om deur middel van dialoog te vertel wat sy gedurende die vakansie alles gedoen het. Sy deel met die terapeut al die aktiwiteite, soos 'n see-uitstappie en speletjies wat sy met die ander kinders gespeel het. Sy noem dat sy haar vakansie geniet het, maar ook weer opgewonde is dat die skool begin het. Sy noem dat sy geslaag het en nou in Graad 5 is. Die terapeut betoon die nodige erkenning vir haar en moedig haar aan om voluit te werk in die jaar wat voorlê.

Die terapeut stel die nodige grense deur aan Anna te verduidelik hoe die sessie sal verloop. Om haar sensoriese bewustheidsvlakke te versterk, gebruik die terapeut 'n spieël. Op 'n vraag wat Anna in die spieël sien, antwoord sy dat sy haar self sien, maar dat sy lelik is. Die terapeut maak haar daarvan bewus dat sy wel oor mooi gelaatstrekke beskik, en dat sy skoon en netjies is. Die terapeut maak Anna daarvan bewus dat sy meer positief oor haarself moet voel.

Anna kies as medium om iets vir die terapeut te teken. Sy maak 'n projeksie deur blomme te teken en sê dat sy graag 'n Valentynskaartjie vir die terapeut wil maak. Die terapeut moedig haar aan om die kaartjie te maak. Nadat sy die tekening voltooi

het, noem sy dat sy baie lief geraak het vir die terapeut omdat sy ervaar dat die terapeut na haar luister en vir haar omgee. Die terapeut bied die nodige erkenning vir haar.

Die terapeut het die Roosboomtegniek benut sodat Anna die tekening aan haar kon verduidelik. Daar word ook na haar tekening van die blomme verwys en sy word versoek om die mooi eienskappe van die blomme aan die terapeut uit te wys. Anna noem dat die blomme soos rose is wat lekker ruik en verskillende kleure is. Die blomme staan ook in die huis waar almal hulle kan sien en die huismense gee hulle gereeld water. Anna kon besit neem van die projeksie nadat die terapeut na Anna eie lewe verwys. Sy vertel dat sy goed versorg word deur haar pleegmoeder. Sy ervaar ook die nodige sekuriteit binne die pleeggesin.

Die terapeut moedig Anna aan om 'n aktiwiteit by haar huis te gaan doen wat sy sal geniet. Anna noem dat sy graag 'n legkaart by die terapeut se kantoor wil kom bou. Die terapeut verleen toestemming dat sy mag kom. Die sessie word afgesluit met die speel van slangetjies en leertjies.

- **Evaluering**

Ten spyte van die feit dat 'n lang tyd tussen die twee sessies verloop het, is die terapeutiese verhouding sodanig gevestig dat Anna spontaan teenoor die terapeut opgetree het.

Hoewel Anna as 'n spontane, vriendelike kind voorkom, is dit duidelik dat sy haarself nie positief beleef nie. Die fokus op haarself deur van 'n speël gebruik te maak, het getoon dat sy oor 'n swak selfbeeld beskik. Die terapeut het deurlopend in die sessie daarop gefokus om haar bewustheidsvlakke van haarself te versterk.

Anna was in staat om 'n projeksie te maak deur te teken en ook om daarna besit te neem van die projeksie. Die terapeut kon die Roosboomtegniek suksesvol aanwend sodat Anna kon beseft dat sy nie so negatief oor haarself hoef te voel nie. Sy is ook bewus gemaak van die sekuriteit wat sy binne die pleeggesin ervaar.

Die vertrouensverhouding tussen die terapeut en Anna is goed vasgelê aangesien Anna die vrymoedigheid het om haar gevoelens teenoor die terapeut te kan verwoord. Die terapeut is wel daartoe in staat om die nodige grense daar te stel sodat 'n terapeut-kliëntverhouding gehandhaaf kan word.

Sessie 5

- **Doel van sessie**

Om die kind tot emosionele uitdrukking te lei.

- **Mediums en tegnieke benut**

Legkaart is as medium benut.

Projeksie is as tegniek benut.

- **Verloop**

Anna kom opgewonde by die terapeut aan en toon haar blydschap. Die terapeutiese verhouding word weer gevestig deurdat die terapeut belangstellend verneem na wat Anna in die skool doen. Anna neem spontaan deel aan die dialoog wat gevestig is en verskaf inligting oor haar werksaamhede in die skool.

Anna toon die vrymoedigheid om vir die terapeut te vra of sy weer die legkaarte vir sensoriese bewusmaking kan bou. Die nodige toestemming word aan haar verleen. Die terapeut benut die legkaarte om haar bewus te maak van haar smaak-, sig- en tassintuie. Nadat sy elke legkaart voltooi het, word daar dialoog oor die prentjies gevoer. Anna is daartoe in staat om die verskillende sintuie te identifiseer.

Anna kies daarna om nóg 'n legkaart te bou. Die legkaart handel oor al die liggaamsdele. Sy sukkel aanvanklik om die legkaartstukke op hul plekke te plaas. Sy vra egter nie hulp van die terapeut nie en word toegelaat om teen haar eie spoed dit te voltooi. Ná die voltooiing van die legkaart evalueer die terapeut of Anna die verskillende liggaamsdele self kan identifiseer en ook wat elkeen se funksie is. Die terapeut benut die projeksie om na Anna se eie liggaam te verwys en hoe sy oor haarself voel. Anna word begelei om verantwoordelikheid te neem vir haar persoonlike higiëne. Sy noem

dat sedert sy in pleegsorg is, sy haar liggaam self versorg en daarvan hou om altyd skoon en netjies te wees. Sy vertel wat haar roetine is wanneer sy die oggende opstaan en hoe sy haar versorg. Sy vra wel vir haar pleegmoeder om haar hare te vleg. Sy noem ook dat haar pleegmoeder haar prys as sy so mooi versorg lyk. Die terapeut gee ook die nodige erkenning vir haar en motiveer haar dat goeie versorging noodsaaklik is vir 'n goeie selfbeeld.

Om die sessie weer af te sluit, word sy aangemoedig om 'n aktiwiteit by die huis te gaan doen. Die terapeut berei haar ook voor dat die volgende sessie die laaste sessie sal wees en dat hulle die sessie kan afsluit met 'n mooi storieboek wat die terapeut sal saambring.

- **Evaluering**

Die sessie het hoofsaaklik gefokus op selfbeeldontwikkeling. Dit blyk dat Anna dit geniet om erkenning te ontvang en dat dit ook vir haar meer selfvertroue gee. Sy neem ook meer verantwoordelikheid vir die besluite wat sy neem. Anna fokus nie meer so baie op negatiewe gedrag teenoor haar maats of ander persone nie.

Anna neem aktief deel aan al die aktiwiteite tydens die sessies. Sy het ook sodanig gegroei dat sy met selfvertroue enige opdrag kan voltooi. Die terapeut het gedurende die sessie van dialoog gebruik gemaak om aspekte van goeie versorging met Anna te bespreek en aan haar genoem dat sy verantwoordelikheid vir haar persoonlike higiëne moet neem. Anna het weer spontaan aan die gesprek deelgeneem. Die terapeut het Anna ook voorberei op die terminering van die terapiessessies.

Sessie 6

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese sessies te evalueer.

Om die terapie te termineer.

- **Mediums en tegnieke benut**

Inkleur en bibliospel is as medium benut.

Onderhoudvoering is as tegniek gebruik.

- **Verloop**

Anna was weer opgewonde om die terapeut te sien. Aan die begin van die sessie is die nodige grense vasgestel deurdat die terapeut haar voorberei dat dit die laaste sessie sal wees. Anna is gevra om aan die terapeut te vertel wat die week by die huis en in die skool gebeur het. Anna noem dat 'n hoërskoolkind wat ook op die plaas woon, die vorige dag met haar baklei het. Voordat sy van die insident vertel het, het sy gekies om 'n prent in te kleur. Terwyl sy die prent inkleur, vertel sy aan die terapeut hoe die bakleiery verloop het en dat sy die situasie redelik kon hanteer, al het sy ook kwaad geword. Sy het wel vir haar pleegmoeder van die insident vertel, wat weer die betrokke kind aangespreek het. Die terapeut gee aan Anna die nodige erkenning dat sy die insident kon hanteer, maar word weer daaraan herinner om te probeer om nie by situasies waar sy kwaad word, betrokke te raak nie.

Nadat Anna die prent voltooi het, noem die terapeut dat sy graag 'n storie vir haar wil lees. Anna is opgewonde om na die storie te luister. Die terapeut lees die storie "Jy is spesiaal". Die storie fokus op die uniekheid van elke mens en dit word met Anna bespreek. Aan die einde van die storie maak die terapeut vir Anna bewus daarvan dat sy baie spesiaal is en dat sy dit moet glo en uitleef, maar ook in vrede met ander moet kan saamleef.

Om die sessies te evalueer, is die volgende vrae aan Anna gevra:

- Hoe het jy die sessies ervaar?
- Watter speletjie het jy die meeste geniet?
- Was daar iets tydens die sessies waarvan jy nie gehou het nie of wat vir jou ongemaklik was?
- Sal jy weer by soortgelyke sessies inskakel?

Anna het as volg op die vrae gereageer: Sy het al die sessies baie geniet en dit was vir haar lekker om na die terapeut te kom vir terapie. Sy het die meeste daarvan gehou

om met die handpoppe te speel. Daar was niks waarvan sy nie gehou het nie. Sy sal graag weer na die terapeut wil kom om soortgelyke sessies by te woon.

Die terapeut het aan Anna verduidelik dat hoewel die terapiessessies afgehandel is, sy steeds by maatskaplike dienste sal inskakel aangesien pleegsorgtoesigdienste by hulle as gesin gelewer word. Die sessie is afgesluit deur aan Anna toestemming te verleen om die middag na die terapeut se kantoor te kom waar sy legkaarte kan bou.

- **Evaluering**

Dit is duidelik dat Anna die terapiessessies baie geniet het. Sy tree ook spontaan teenoor die terapeut op en 'n sterk terapeutiese verhouding is gevestig. Dit is duidelik dat Anna onvoltooidhede ervaar wanneer sy in situasies betrokke raak waar sy met ander kinders baklei. Om haar bewustheidsvlakke van die situasies te verhoog, is sy gevra om te vertel wat tydens die situasies gebeur het en hoe sy dit hanteer het. Die erkenning wat sy ontvang oor haar hantering van sodanige situasie, versterk haar selfvertroue.

Die terapeut het van 'n onderhoudskedule gebruik gemaak om die terapiessessies met Anna te evalueer. Anna het al die sessies as positief ervaar en het dit geniet om projeksies te maak. Sy sal graag weer by soortgelyke sessies wil inskakel.

4.4.2.3 Evaluering van Anna ten opsigte van die terapeutiese intervensie

Die terapeut het die terapeutiese proses tydens elke sessie gevolg sodat die nodige emosionele ondersteuning aan die betrokke kind gebied kon word. Die grense wat deurlopend, maar veral gedurende die eerste sessie, aan Anna gestel is, het tot gevolg gehad dat die terapeutiese proses suksesvol gevolg kon word.

Anna het sedert die eerste sessie spontaan aan aktiwiteite deelgeneem. Dit het die vestiging van 'n terapeutiese verhouding vergemaklik aangesien dialoog deurlopend gedurende die sessie kon vloei. Ondanks die feit dat Anna met heelwat onsekerhede en min selfvertroue presenteer, het haar spontane persoonlikheid daartoe bygedra dat sy aktief aan aktiwiteite deelgeneem het. In die lig van haar omstandighede en haar

beperkte intellektuele vermoë het die terapeut haar situasie op 'n holistiese wyse in ag geneem en die terapeutiese proses daarvolgens aangepas.

Daar is deurlopend gedurende al die sessies gebruik gemaak van sensoriese modaliteite om Anna se bewustheidsvlakke van dit wat sy op daardie oomblik ervaar, te kan identifiseer. Anna was in staat om haar emosies te verwoord. Sy kon gevoelens van gelukkig en kwaad identifiseer. Dit wil voorkom of Anna die bewustheid van die feit dat sy so gou vir haar maats kwaad word, tog as 'n onvoltooidheid (probleem) ervaar. Daar is van die Leëstoeltegniek gebruik gemaak om alternatiewe vir haar gedrag te vind en sy is toegelaat om self oplossings te vind. Anna is in staat gestel om verantwoordelikheid te neem vir die keuses wat sy maak.

Sy ervaar haarself as lelik en dit gee aanleiding tot die swak selfbeeld wat sy het. Die Roosboomtegniek is gedurende die vierde sessie benut om haar selfbeeld uit te bou. Die erkenning en aanmoediging wat sy gekry het, het daartoe gelei dat sy meer selfvertroue begin openbaar het.

Anna ervaar sekuriteit binne die pleeggesin en die nodige erkenning is vir haar gegee om daarop voort te bou. Die terapeut kon deur die terapeutiese proses daarin slaag om die nodige emosionele ondersteuning aan Anna te bied aangesien 'n sterk vertrouensverhouding gevestig is. Anna is ook begelei om selfvertroue te openbaar en haar pleegsorgsituasie te aanvaar.

4.4.3

Respondent 3:

Ansie

4.4.3.1 Agtergrondinligting en aanmeldingproblematiek

Ansie is 'n elfjarige Kleurlingdogter. Sy en haar jonger broer is in pleegsorg geplaas nadat hulle deur hul biologiese moeder fisies verwaarloos is en die moeder nie 'n vaste woning gehad het nie. Nadat haar moeder se maatskaplike omstandighede gestabiliseer het, is daar besluit om Ansie in haar sorg te herstel. Die plasing het weer misluk en Ansie moes by haar pleegouers teruggeplaas word. Sy het by spel terapie ingeskakel sodat aandag gegee kon word aan haar heraanpassing in pleegsorg.

4.4.3.2 Terapeutiese intervensie

Sessie 1

- **Doel van sessie**

Om 'n vertrouensverhouding met die kind te vestig.

- **Mediums en tegnieke benut**

Speletjies vir sensoriese bewusmaking en die sandbak is as medium gebruik.

- **Verloop**

Die terapeut het die sessie begin deur op die bou van 'n terapeutiese verhouding met Ansie klem te lê. Die nodige grense is gestel deurdat die terapeut aan Ansie verduidelik het hoe die sessies sou verloop. Hoewel sy redelik skaam opgetree het, het sy belang gestel om aan die sessie deel te neem.

Om die terapeutiese verhouding verder te vestig, het die terapeut daarop gefokus om vir Ansie te vra wat sy die afgelope week gedoen het. Ansie het spontaan inligting verskaf oor haar pleeggesin en aktiwiteite wat hulle as gesin saam gedoen het. Die terapeut het daarna van die gevoelsak gebruik gemaak om Ansie se bewustheidsvlakke van hoe sy op daardie oomblik voel, te verhoog. Sy het verskeie items uit die sak geneem en is versoek om haar ervaring aan die terapeut te vertel. Sensoriese modaliteite rondom haar tassintuie is aangespreek. Ansie was in staat om positiewe assosiasies met sagte items te maak. Die terapeut het haar gevra of sy met iemand kan identifiseer wat sag is en sy kon onmiddellik met haar pleegmoeder assosieer. Haar gesigsuitdrukking het ook gewys dat sy baie lief is vir haar pleegmoeder. Die terapeut het gebruik gemaak van dialoog om die nodige erkenning aan haar te toon. Sy is bewus gemaak van die nie-verbale kommunikasie wat sy op daardie oomblik ervaar het.

Nadat die terapeut aan Ansie verduidelik het watter soort speelgoed in die kis is, kies sy om met die sandbak te speel. Sy is aanvanklik onseker toe die terapeut vir haar vra

om 'n projeksie in die sand uit te beeld, maar kies tog drie items om te gebruik, naamlik 'n seester, 'n mannetjie en 'n renoster wat sy as 'n leeu sien. Nadat sy die items in die sand geplaas het, vind dialoog tussen die terapeut en Ansie plaas waar sy 'n storie vertel van die projeksie wat sy gemaak het. Die storie handel oor die versorging van die seester wat verkeerd loop. Die terapeut begelei Ansie om sekere emosies uit die projeksie te identifiseer. Sy kon emosies soos hartseer en geluk identifiseer. Ansie was in staat om besit te neem van die projeksie. Sy neem besit van die projeksie deur te noem dat sy soos die seester voel. Sy noem dat sy soms hartseer voel as sy na haar eie ma verlang, maar dat sy baie gelukkig is by haar pleegmoeder.

Die terapeut maak gebruik van alternatiewe sodat Ansie kan verstaan dat haar moeder se omstandighede van so 'n aard is dat sy nie permanent by haar kan gaan woon nie. Ansie aanvaar die verduideliking en noem dat sy wel vakansies geleentheid kry om vir haar moeder te gaan kuier, maar tans nie by haar voltyds wil gaan woon nie. Die terapeut gee ook die nodige erkenning aan Ansie oor die feit dat sy 'n positiewe verhouding met haar pleegmoeder het.

Die sessie is saam met Ansie geëvalueer sodat sy kon aandui of sy dit geniet het. Sy noem aan die terapeut dat sy dit baie geniet het en graag weer na die terapeut wil kom. Die terapeut sluit die sessie af deur Ansie aan te moedig om 'n aktiwiteit by die huis te gaan doen wat sy sal geniet.

- **Evaluering**

Daar is in hierdie sessie gefokus om 'n terapeutiese verhouding met Ansie op te bou. Hoewel Ansie skaam voorkom, het sy later in die sessie al meer spontaan teenoor die terapeut begin optree. Dit het dialoog bevorder. Haar bewustheidvlakke oor sensoriese modaliteite is aangespreek sodat sy die emosies kon verbaliseer wat sy op daardie oomblik ervaar het.

Ansie was in staat om 'n projeksie in die sandbak te maak en kon ook in 'n fantasetog inbeweeg. Sy was in staat om besit te neem van die projeksie wat sy gemaak het. Die terapeut het Ansie se omstandighede in ag geneem en haar op 'n

holistiese wyse geëvalueer. Om die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en Ansie te versterk, het die terapeut gereeld die nodige erkenning en aanmoediging vir haar gegee. Sy is ook verder bemagtig deurdat die terapeut veral klem gelê het op die goeie verhouding tussen haar en haar pleegmoeder.

Sessie 2

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese vertrouensverhouding te versterk.

Om sensoriese kontakmaking te bevorder.

- **Mediums en tegnieke benut**

Bibliospel is as medium gebruik.

- **Verloop**

Ansie is duidelik opgewonde om die terapeut weer te sien. Sy tree aanvanklik skamerig op, maar raak later meer ontspanne en gesels spontaan met die terapeut. Om die terapeutiese verhouding wat reeds gevestig is, verder uit te bou, versoek die terapeut Ansie om te vertel wat sy die afgelope week gedoen het. Ansie het spontaan deur middel van dialoog die nodige inligting met die terapeut gedeel.

As deel van sensoriese bewusmaking gebruik die terapeut 'n spieël. Ansie word gevra wat sy in die spieël sien. Sy is weer baie skaam om te vertel wat sy sien. Nadat die terapeut haar aangemoedig het om iets te sê, noem sy dat sy haarself sien. Sy wy egter nie uit oor hoe sy haarself sien nie. Die terapeut maak haar bewus van haar mooi gelaatstrekke en hoe sy lyk as sy glimlag. Sy word die versekering gegee dat sy goed mag voel oor haarself en daar word ook erkenning aan haar gegee vir haar mooi persoonlikheid.

Die terapeut herinner Ansie daaraan dat sy by die vorige sessie genoem het dat sy daarvan hou om boeke te lees. Ansie bevestig dit. Die terapeut noem dat sy spesiaal 'n storie vir haar geskryf het en ook 'n storieboek saamgebring het. Dit word tydens die sessie as projeksie gebruik. Ansie is baie opgewonde en vra vir die terapeut om

die storie wat sy geskryf het vir haar te lees. Die terapeut lees die storie. Dit handel oor besluite wat geneem moet word oor 'n seester se versorgingsposisie. Ansie kan aanvanklik nie met die seester assosieer nie. Die terapeut wys haar op haar eie omstandighede wat veroorsaak het dat sy in pleegsorg geplaas is. Sy neem daarna besit van die projeksie aangesien sy noem dat sy in dieselfde situasie verkeer. Die terapeut gee die nodige erkenning vir haar en moedig haar ook aan om gereeld kontak met haar moeder te behou. Ansie toon begrip vir haar moeder se omstandighede en dit blyk dat sy tevrede is met die pleegsorgplasing.

Die sessie word afgesluit waar Ansie en die terapeut om die beurt nog 'n storie lees. Die storie se naam is “'n Huis vir kluisenaar-krap” deur Eric Carle. Ansie geniet dit om te lees. Aan die einde van die storie bedank die terapeut Ansie dat sy die storie help lees het en sy word ook aangemoedig om haar liefde vir boeke uit te leef.

- **Evaluering**

Ondanks die feit dat Ansie skamerig voorkom, is daar reeds 'n sterk terapeutiese verhouding tussen haar en die terapeut gevestig. Ansie deel op 'n spontane wyse dinge met die terapeut en ervaar die sessies ook as positief.

Die terapeut het sensoriese modaliteite benut om Ansie bewus te maak van haarself en hoe sy haarself ervaar. Deur die gebruik van 'n spieël kon die terapeut selfbeeldontwikkeling aanspreek. Ansie was nie self in staat om positiewe eienskappe te noem nie en die terapeut moes haar daarop attent maak. Dit het duidelik geblyk dat sy dit geniet om bewus gemaak te word van haar positiewe eienskappe.

Ansie was aanvanklik nie in staat om besit te neem van die projeksie wat gemaak is nie. Nadat die terapeut haar op sekere punte gewys het, wat dalk met haar lewe ooreenstem, kon sy positiewe verwysings maak. Ansie toon die nodige insig om haar omstandighede te aanvaar en erken dat sy in die pleegsorgsituasie die nodige sekuriteit ervaar. Haar behoefte aan kontak met haar moeder word gerespekteer en sy is deur die terapeut aangemoedig om gereeld kontak met haar te maak.

Sessie 3

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese verhouding te versterk.

Om sensoriese kontakmaking te bevorder.

Om die kind se bewustheidsvlakke te verhoog.

Om die kind tot emosionele uitdrukking te lei.

- **Mediums en tegnieke benut**

Klei is as medium benut.

Die Roosboomtegniek is as tegniek benut.

- **Verloop**

Die sessie vind ná 'n skoolvakansie plaas en die terapeutiese verhouding word weer versterk deurdat die terapeut Ansie versoek om terugvoering te gee oor wat sy die vakansie gedoen het. Dialoog vind spontaan plaas en Ansie vertel van haar besoek aan haar grootmoeder en biologiese moeder. Sy kon positiewe sowel as negatiewe gevoelens oor die vakansie met die terapeut deel. Die terapeut toon die nodige empatie en sy word die versekering gegee dat sy in die toekoms eerder by haar moeder sal gaan kuier. Ansie is tevrede en noem dat sy besef sy sal nie weer permanent by haar moeder kan gaan woon nie.

Ansie kon toe kies met watter medium sy wou speel. Sy is aanvanklik onseker en besluit later om met die klei te speel. Die terapeut vra haar toestemming om saam met haar met die klei te speel. Sy verleen die nodige toestemming. Die terapeut benut die klei om haar bewustheidsvlakke te stimuleer. Terwyl sy die klei brei, word Ansie bewus gemaak van die ervaring wat sy met die klei beleef. Sy ervaar dit positief om met die klei te speel. Die terapeut versoek haar om 'n blom met die klei te maak. Ansie maak 'n projeksie deur 'n roos te maak. Die terapeut maak daarna van die Roosboomtegniek gebruik om vrae aan haar te stel soos hoe die roos versorg word, waar die roos is en wat die roos ervaar. Ansie gee positiewe eienskappe aan die roos en is ook daartoe in staat om besit te neem van die projeksie deur van die

eienskappe in haar eie lewe te identifiseer. Sy verbaliseer die sekuriteit wat sy by haar pleeggesin ervaar.

Die terapeut wys ook vir Ansie dat dit belangrik is dat sy dinge doen om haarself te bederf sodat sy vir haarself kan lief wees. Aan die einde van die sessie word sy aangemoedig om 'n aangename aktiwiteit te gaan doen.

- **Evaluering**

Ansie het aan die begin van die sessie baie skaam en teruggetrokke opgetree. Dit kan toegeskryf word aan die lang vakansie tussen die vorige sessie en hierdie sessie, asook die feit dat sy 'n gedeelte van haar vakansie negatief beleef het. Die terapeutiese verhouding wat reeds gevestig is, het die terapeut in staat gestel om die situasie te ontloft en Ansie tot spontane deelname te begelei. Die terapeut het die nodige empatie betoon en die gebeure benut om erkenning te gee aan haar positiewe verhouding met haar eie moeder.

Ansie was in staat om 'n projeksie te maak, hoewel sy aanvanklik nie 'n medium kon kies nie. Die terapeut het die Roosboomtegniek benut om dialoog te bevorder. Deur die dialoog wat gevolg het, kon die terapeut vir Ansie tot selfinsig begelei. Ansie ervaar die nodige sekuriteit in die pleeggesin en besef dat sy weens omstandig-hede nie permanent by haar eie moeder kan gaan woon nie.

Selfbemagtiging is toegepas deurdat die nodige erkenning deurlopend aan Ansie gegee is.

Sessie 4

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese verhouding te versterk.

Om die kind se bewustheidsvlakke te verhoog.

Om die kind tot emosionele uitdrukking te lei.

- **Mediums en tegnieke benut**

Klei is as medium gebruik.

Projeksie is as tegniek gebruik.

- **Verloop**

Ansie is weer opgewonde om die terapeut te sien en wil ook dadelik begin speel. Die terapeutiese verhouding word versterk deurdat die terapeut by Ansie verneem wat sy die week by die skool gedoen het. Sy verskaf die nodige inligting oor hul werksaamhede by die skool. Ansie is verder in staat om haar gevoelens met die terapeut te deel oor kinders wat in veiligheid by haar pleegouers geplaas is. Deur haar gevoelens te verbaliseer, kon sy aan 'n onvoltooidheid aandag gee. Die terapeut kon deur dialoog haar begelei om die situasie in perspektief te sien.

Die terapeut gee vir Ansie die geleentheid om 'n medium te kies om mee te werk. Ansie kies weer om met die klei te speel, aangesien sy dit die vorige keer geniet het. Die terapeut verleen toestemming. Die klei word weer benut om Ansie se bewusheidsvlakke te verhoog. Sy noem dat haar klei soos sjokolade ruik. Sy geniet dit ook om die klei te brei.

Ansie word die geleentheid gegee om 'n projeksie te maak. Sy besluit om 'n mannetjie te maak. Die terapeut maak ook 'n mannetjie en nadat dit voltooi is, vra sy vir Ansie of sy 'n paar vrae vir haar mannetjie mag vra. Ansie gee toestemming. Dialoog vind plaas tussen die terapeut en Ansie terwyl sy in 'n fantasietog inbeweeg oor die projeksie wat sy gemaak het. Die fantasietog handel oor 'n positiewe verhouding tussen die karakter en Ansie. Dit is duidelik dat sy ook onmiddellik besit kan neem van die projeksie. Die terapeut bespreek haar verhouding met die karakter (wat haar broer voorstel) en haar opgewondenheid oor haar komende verjaarsdag. Die terapeut maak Ansie weer daarvan bewus dat sy baie lief is vir haar pleeggesin en dat sy die nodige sekuriteit daar ervaar. Daar word ook erkenning aan haar gegee dat sy haar pleeggesin aanvaar het en 'n positiewe verhouding met hulle het. Sy word aangemoedig om daarmee voort te gaan.

Die sessie word afgesluit met die speel van “Snap”-kaarte. Ansie gee te kenne dat sy die sessie baie geniet het. Die terapeut berei haar ook voor dat die volgende sessie die laaste sessie sal wees.

- **Evaluering**

Hoewel Ansie aanvanklik skaam voorkom, verander sy in ’n spontane kind sodra sy op haar gemak is. Die terapeutiese verhouding wat reeds tussen die terapeut en Ansie gevestig is, maak dat sy dan ook op haar gemak teenoor die terapeut optree. Sy kon spontaan haar gevoelens oor die situasie binne die pleeggesin met die terapeut deel.

Ansie kon ’n projeksie maak en het ook van die projeksie besit geneem. Die terapeut het in samevloeiing met Ansie gegaan en daar is op die hier-en-nou gefokus. Ansie se opgewondenheid oor die vooruitsig om ’n partytjie op haar verjaarsdag te hou, is met haar gedeel. Die terapeut het haar weer bewus gemaak van haar positiewe verhouding met haar pleeggesin en het die nodige erkenning aan haar gegee.

Die terapeut het Ansie aan die einde van die sessie voorberei op die terminering van die sessies. Sy is gereed om die terapie te termineer.

Sessie 5

- **Doel van sessie**

Om die terapeutiese sessies te evalueer.

Om die terapie te termineer.

- **Mediums en tegnieke benut**

Onderhoudvoering is as tegniek gebruik.

Vrye spel is benut.

- **Verloop**

Ansie toon dat sy weer opgewonde is om die terapeut te sien. Aangesien die terapeutiese verhouding gevestig is, verneem die terapeut na haar week. Sy verskaf spontaan die nodige inligting aan die terapeut en deel ook haar liefde vir lees met die

terapeut. Sy vertel ook opgewonde dat haar pleegmoeder toestemming gegee het dat sy die komende vakansie by haar moeder kan gaan kuier.

Die terapeut verduidelik aan Ansie dat dit die laaste sessie sal wees en die nodige grense word vir haar gestel oor hoe die sessie sal verloop. Sy kan 'n medium kies waarmee sy wil speel. Ansie kies om 'n prent in te kleur van kinders wat in 'n parkie speel. Terwyl sy inkleur vind dialoog deurlopend tussen die terapeut en Ansie plaas. Die terapeut neem waar dat sy geroetineerd werk en die kleure uitsorteer om by mekaar te pas. Ansie word daarvan bewus gemaak. Sy erken dat sy daarvan hou dat dinge netjies moet wees.

Nadat Ansie die prent voltooi het, vra sy vir die terapeut of sy 'n legkaart kan bou. Sy kies om 'n legkaart te bou van kinders wat met 'n bal speel. Terwyl sy die legkaart bou, vind dialoog weer plaas waartydens sy spontaan inligting verskaf oor aktiwiteite wat sy saam met haar pleeggesin doen. Die terapeut gee die nodige erkenning en maak haar daarvan bewus dat sy gelukkig voorkom, omdat sy uit 'n huis kom waar almal vir mekaar omgee.

Om die sessies te evalueer, is die volgende vrae aan Ansie gevra:

- Hoe het jy die sessies ervaar?
- Watter speletjie het jy die meeste geniet?
- Was daar iets tydens die sessies waarvan jy nie gehou het nie of wat vir jou ongemaklik was?
- Sal jy weer by soortgelyke sessies inskakel?

Ansie het as volg op die vrae geantwoord: Sy het al die sessies geniet en dit was vir haar lekker om na die terapeut te kom. Sy het die meeste daarvan gehou toe die terapeut vir haar 'n storie gelees het, maar die ander dinge wat sy gedoen het, was ook lekker gewees. Dit was ook vir haar aangenaam om met die terapeut te kon praat. Sy sal ook weer by soortgelyke sessies wil inskakel.

Die terapeut het aan Ansie verduidelik dat dit die laaste sessie was, maar dat sy steeds by maatskaplike dienste sal inskakel aangesien sy in pleegsorg verkeer.

- **Evaluering**

Die terapeutiese verhouding tussen die terapeut en Ansie is sodanig versterk dat sy spontaan tydens die sessies deelgeneem het, ondanks die feit dat sy aanvanklik as skaam en terughoudend voorgekom het.

Daar is tydens hierdie sessie van 'n onderhoudskedule gebruik gemaak om die sessies met Ansie te evalueer. Dit blyk dat Ansie al die sessies as positief ervaar het en dit geniet het om met die terapeut te kommunikeer. Sy het die mediums en tegnieke wat tydens die sessies benut is, geniet en altyd aktief deelgeneem. Sy was gereed vir die terminering van die terapiessessies, en is bewus gemaak van voortgesette pleegsorgtoesigdienste wat by die gesin gelewer sal word.

4.4.3.3 Evaluering van Ansie ten opsigte van die terapeutiese intervensie

Die terapeut het van spesifieke riglyne tydens elke sessie gebruik gemaak sodat 'n duidelike terapeutiese proses gevolg kon word. Die nodige emosionele ondersteuning kon sodoende aan die betrokke kind gebied word. Die grense wat deurlopend, maar veral gedurende die eerste sessie aan Ansie gestel is, het tot gevolg gehad dat die terapeutiese proses suksesvol gevolg kon word.

Die terapeut het gedurende die terapiessessies Ansie se omstandighede op 'n holistiese wyse in ag geneem sodat begrip verkry kon word vir hoe sy die pleegsorgplassing hanteer en sodat die terapeutiese verhouding versterk kon word. Tydens al die sessies is daar sterk gefokus om 'n terapeutiese verhouding met Ansie op te bou. Ansie het skaam en teruggetrokke voorgekom, maar dit het duidelik geblyk dat die terapeutiese verhouding wat tussen haar en die terapeut gevestig is, daartoe bygedra het dat sy spontaan aan dialoog en aktiwiteite deelgeneem het.

Daar is tydens al die sessies klem gelê op die verhoging van Ansie se bewustheidsvlakke. Die doel was om haar bewus te maak van watter emosies of gevoelens sy op daardie oomblik ervaar. Ansie kon haarself emosioneel uitdruk en kon emosies soos hartseer en gelukkigheid identifiseer. Alternatiewe is met haar bespreek sodat sy beter begrip vir haar versorgingsposisie kon verkry.

Daar is tydens al die sessies van mediums gebruik gemaak sodat Ansie projeksies kon maak. Daar is op die hier-en-nou gefokus sodat sy haar gevoelens oor die pleegsorgplasing en haar beperkte kontak met haar moeder kon verstaan. Deur die gebruik van die Roosboomtegniek is Ansie tot selfbeeldontwikkeling in staat gestel.

Die terapeut kon deur die terapeutiese proses daarin slaag om die nodige emosionele ondersteuning aan Ansie te bied, aangesien 'n sterk vertrouensverhouding gevestig is. Ansie is ook aangemoedig om selfvertroue op te bou en haar pleegsorgsituasie te aanvaar.

4.5 ANALISERING VAN DATA

Die ingesamelde data sal vervolgens aan die hand van De Vos (2005:334-339) geanaliseer word. Volgens De Vos (2005:333) word data-analising tydens 'n navorsingstudie beskou as die proses om orde te gee en struktuur te bring aan al die data wat tydens die ondersoek ingesamel is. Hy verwys na sewe stappe wat die navorser kan gebruik om die data te analiseer. Die navorser het vir die doeleindes van hierdie studie slegs die volgende vyf stappe gebruik om die data te analiseer, naamlik beplanning oor die opneem van data, data-insameling en voorlopige analising, die organisering van data, die lees en skryf van aantekeninge, en die ontwikkeling van kategorieë.

Die volgende kategorieë van emosionele ondersteuning aan die kind is deur die terapeutiese intervensie geïdentifiseer:

- Die terapeutiese verhouding
- Holisme
- Die stel van grense
- Die gebruik van dialoog
- Die aanspreek van bewustheidsvlakke
- Die aanspreek van onvoltooidhede
- Keuses en verantwoordelikhede
- Die gebruik van 'n projeksie

- Die gebruik van mediums en tegnieke

4.6 LITERATUURKONTROLE

Daar sal vervolgens verwys word na die verskillende aspekte wat in die ondersoek na vore gekom het en dit sal deur literatuur ondersteun word.

4.6.1 Terapeutiese verhouding

Om emosionele ondersteuning aan die pleegkind te kan bied, is dit belangrik dat die terapeut of maatskaplike werker 'n terapeutiese verhouding met die kind vestig. Volgens Schoeman (2004b:120-122) vind die terapeutiese verhouding op 'n horisontale wyse plaas waar die terapeut en die kliënt albei dieselfde taal praat en waar hulle hul ervarings met mekaar deel. Hierdie terapeutiese verhouding kan slegs gevestig word indien die kliënt binne 'n nie-bedreigende omgewing ontmoet word waar hy veilig kan voel en waar hy ervaar dat hy onvoorwaardelik aanvaar word.

In die empiriese studie was al drie respondente in pleegsorg geplaas en is hulle by terapie ingeskakel sodat emosionele ondersteuning aan hulle gebied kon word om die pleegplasing te kan aanvaar. Maatskaplike dienslewering ten opsigte van die pleegsorg geskied deur van 'n multidissiplinêre span gebruik te maak. Een van die belangrikste rolspelers in hierdie span is die maatskaplike werker. Volgens die vasgestelde minimum standaard vir maatskaplike dienslewering aan die pleegkind word daar van die maatskaplike werker vereis om individuele dienste soos die nodige terapie en pleegsorgtoesigdienste aan die kind en die pleeggesin te bied (BADISA, 2005:19).

Die navorser het daarin geslaag om tydens die terapeutiese sessies met die respondente 'n terapeutiese verhouding te vestig.

4.6.2 Holisme

Volgens Carpenter (2000:4) staan die mens in sy wêreld in verskillende verhoudinge, naamlik in sy verhouding tot sy Skepper, sy medemens, die kosmos en homself. George en Cristiani (1995:66) verwys ook na Fritz Perls se siening dat die mens se

funksionering in geheel beskou moet word. Tydens die empiriese studie het die navorser kennis geneem van elke respondent se unieke omstandighede en kon die navorser daarvolgens optree sodat sinvolle terapisessies met die kinders kon plaasvind.

4.6.3 Stel van grense

Deur grense tydens 'n terapisessie te stel, weet die kind volgens Schoeman (2004a:34-35) wat van hom verwag word en word hy terselfdertyd in staat gestel om homself te kan handhaaf. Volgens Rand (in Schoeman, 2004b:127-128) is dit belangrik dat die terapeut sowel as die kliënt bewus moet wees van fisiese, gedrags-verbale grense, sowel as dit wat hulle as hul persoonlike ruimte beskou. Indien hierdie grense duidelik deur die onderskeie partye geverbaliseer word, sal elkeen weet wat van hom verwag word en wat toegelaat word. Dit sal ook die terapeutiese verhouding versterk. Die navorser het gedurende die empiriese studie op 'n gereelde basis duidelike grense aan die begin van die sessies aan die respondente deurgegee sodat die terapisessies op 'n ordelike wyse kon plaasvind. Dit het ook vir die respondente 'n veilige omgewing geskep waarin hulle op hul gemak kon voel.

4.6.4 Gebruik van dialoog

Die terapeutiese verhouding word gevestig deur gebruik te maak van dialoog. Schoeman (2004b:122-123) verwys daarna as 'n spesiale vorm van kontak wat plaasvind tussen die terapeut en die kliënt waartydens bewustheid en selfverwesentliking versterk word. Volgens Yontef (1993:127) moet dialoog sodanig toegepas word dat die kliënt tydens terapie kan ervaar dat hy by die gesprek ingesluit word en dat daar na hom geluister word. Die dialoog moet in die hede plaasvind sodat 'n vertrouensverhouding geskep kan word, al die partye moet hulself daartoe verbind om aktief aan die dialoog deel te neem en die dialoog wat plaasvind, moet lewendig wees.

Dit is vir 'n kind tydens die middelkinderjare belangrik dat hy aanvaar word deur die mense met wie hy saamleef en sosialiseer (Slavin, 1997:92-95). Hierdie gevoel van aanvaarding by die pleegkind kan volgens die navorser slegs tot sy reg kom indien die

kind genoegsame geleentheid gebied word om in dialoog met ander te tree. Die terapeutiese verhouding is tydens die empiriese studie verder versterk deur die dialoog met die respondente vloeiend en lewendig te hou.

4.6.5 Aanspreek van bewustheidsvlakke

Volgens Yontef (1993:139) sluit 'n persoon se bewustheid die volgende in: 'n begrip van dit waaruit sy omgewing bestaan, die vermoë om verantwoordelikheid vir sy keuses te neem, selfkennis, selfaanvaarding en die vermoë om kontak te kan maak. Volgens Carroll en Oaklander (1997:185) bestaan hierdie bewustheid uit die gebruik van al die sintuie, naamlik gehoor, tas, reuk, smaak en sig. Wanneer die kliënt (organisme) bewus gemaak word van dit wat hy op daardie oomblik ervaar, kom hy met die hier-en-nou in aanraking. Die kliënt word sodoende in staat gestel om probleme te identifiseer. Gedurende die empiriese studie het die navorser tydens elke sessie die respondente se bewustheidsvlakke aangespreek deur op sensoriese modaliteite te fokus. Die respondente kon emosies en probleme identifiseer waaraan aandag gegee is.

4.6.6 Aanspreek van onvoltooidhede

Volgens Clarkson (2004:51) is onvoltooidhede die blokkering van energie sodat die organisme nie 'n Gestalt (behoefte) kan voltooi nie. Die organisme moet bewus gemaak word van hierdie onvoltooidheid wat hy ervaar sodat dit aangespreek kan word. Schoeman (2004a:76) verwys ook na onvoltooidhede as oorblyfsels van onvoltooide Gestalte wat die persoon se verhoudings met ander mense beïnvloed en wat dikwels uit onuitgespreekte gevoelens of begeertes bestaan. Tydens die empiriese studie het al die respondente in een of ander stadium probleme of situasies uit hul lewe geïdentifiseer wat as onvoltooidhede beskou kan word en dit kon binne die terapeutiese proses wat gevolg is, aangespreek word.

4.6.6 Keuse en verantwoordelikhede

Die vryheid om keuses uit te oefen en verantwoordelikheid daarvoor te neem, gee betekenis aan elke individu se lewe. Die ontwikkeling van verantwoordelikheid vir

die self en vir ander is dus van uiterste belang vir suksesvolle aanpassing in algemene geestesgesondheid en lewensfunksionering (Thompson & Rudolph, 2000:165). Die kern van Gestaltterapie is volgens Clarkson (2002:18) die begeleiding van die kliënt tot verantwoordelikheid vir sy eie geestesgesondheid, besluite en gedrag. Die navorser kon gedurende die empiriese studie die respondente begelei om keuses te maak en verantwoordelikheid vir hul besluite te neem. Dit het daartoe gelei dat die respondente meer selfvertroue ontwikkel het.

4.6.7 Gebruik van projeksies

'n Projeksie word volgens Clark en Fraser (in Schoeman, 2004b:161) gebruik waar 'n persoon hom kan verbeel dat hy sy eie (ongewenste) gevoelens na 'n ander persoon kan verplaas. Clarkson (2004:62) beskou 'n projeksie as eienskappe wat 'n persoon in ander sien, maar wat hy nie in homself wil herken nie. Volgens Schoeman (2004b:161) kan 'n projeksie tydens 'n terapeutiese proses met 'n kind positief aangewend word aangesien dit aan die kind (kliënt) ruimte bied om sy eie unieke situasie uit te speel sonder dat hy regstreeks daarmee gekonfronteer word. Die kind kry op so 'n wyse die geleentheid om aan onvoltooidhede te werk. Gedurende die empiriese studie is daar tydens elke sessie van projeksies gebruik gemaak sodat die respondente op 'n positiewe wyse begelei kon word om probleme/onvoltooidhede te identifiseer en self oplossings te vind.

4.6.8 Gebruik van mediums en tegnieke

Volgens Oaklander (in Schoeman, 2004a:26) leer 'n kind sy wêreld ken deur te speel. Tydens die terapeutiese sessies in die empiriese ondersoek het die navorser van verskillende mediums van spel gebruik gemaak waar die respondente aan vrye spel sowel as gestruktureerde spel kon deelneem. Die tegnieke wat veral in hierdie studie benut is, is die Roosboomtegniek en die Leëstoeltegniek. Die Roosboomtegniek kan volgens Oaklander (1988:33) tydens terapie aangewend word deur die kliënt te versoek om byvoorbeeld 'n prent te teken. Ná die voltooiing van die tekening word die kliënt toegelaat om in 'n fantasietog in te gaan deur 'n storie op die prent te grond. Die terapeut beweeg dan vanuit die fantasie na die realiteit deur aan die kliënt te vra

of hy homself kan identifiseer met dit wat uit die fantasie gekom het. Sodoende word die kliënt van sy eie sosiale funksionering bewus.

Die Leëstoeltegniek word volgens Oaklander (1988:151) benut om onvoltooide situasie in die hier-en-nou te bring. Volgens Schoeman en Van der Merwe (1996:178) kry die kliënt kry die geleentheid om binne 'n beskermde omgewing onaangename situasies met 'n rollespel uit te speel en in te oefen.

4.7 RIGLYNE

Die doelstelling van hierdie studie is om riglyne aan maatskaplike werkers te bied sodat hulle emosionele steun aan die kind in pleegsorg kan gee. Die inligting wat deur die navorser tydens die empiriese ondersoek verkry is, is geanaliseer en met die literatuur gekontroleer. Die kategorieë wat tydens die analisering van die data geïdentifiseer is, sal vervolgens in riglyne omskryf word. Die navorser het aan die hand van sekere Gestaltterapeutiese konsepte riglyne vir maatskaplike werkers geïdentifiseer. Hierdie riglyne is afgelei uit inligting wat tydens die terapeutiese sessies en vanuit die literatuur verkry is. Die volgende Gestaltterapeutiese konsepte is benut, naamlik die terapeutiese verhouding, holisme, die stel van grense, die gebruik van dialoog, die aanspreek van bewustheidsvlakke, die aanspreek van onvoltooidhede, keuses en verantwoordelikhede, die gebruik van projeksies en die gebruik van mediums en tegnieke.

4.7.1 Terapeutiese verhouding

- Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker 'n sterk vertrouensverhouding met die kind in pleegsorg opbou. 'n Kind wat weens omstandighede in pleegsorg geplaas moet word, kan dit as traumaties ervaar.
- Die maatskaplike werker moet deurlopend tydens dienslewering aan die kind daarop fokus om die vertrouensverhouding met die kind uit te bou en te versterk. Wanneer die kind die maatskaplike werker vertrou, sal hy terselfdertyd op sy gemak by die maatskaplike werker wees en kan spontane kommunikasie plaasvind.

- Die maatskaplike werker moet 'n atmosfeer skep waar die kind veilig kan voel en waar hy aanvaarding kan ervaar. Die gemaklike atmosfeer wat die maatskaplike werker daar stel, sal die kind in staat stel om te ontwikkel en te groei. Die kind verkry meer selfvertroue en aanvaar ook verantwoordelikheid vir sy keuses.

4.7.2 Holisme

- Dit is belangrik dat die maatskaplike werker die kind se maatskaplike omstandighede in geheel sien. Alle aspekte moet aandag geniet, byvoorbeeld die redes waarom die kind uit sy ouers se sorg verwyder is, hoe die kind en sy ouers dit ervaar, watter soort plasing geskik is en die kind se aanpassing binne die nuwe gesin.
- Om die nodige inligting te verkry oor hoe die kind sy omstandighede ervaar, is dit belangrik dat die maatskaplike werker in 'n terapeutiese verhouding met die kind staan. Tydens terapeutiese intervensie kry die kind die geleentheid om sy trauma te verwerk en dit binne 'n nie-bedreigende omgewing te hanteer.

4.7.3 Stel van grense

- Die kind in pleegsorg is gedurig op soek na erkenning. Wanneer hy baie aandag kry, kan dit gebeur dat hy sekere grense toets. Die maatskaplike werker moet in staat wees om basiese grense binne die terapeutiese opset aan die kind te stel. Dit sal die kind in staat stel om te weet wat van hom verwag word.
- Kinders wat pleegsorgplasing as erg traumaties ervaar, sal nie weet wat basiese grense is nie. Dit kan daartoe lei dat hulle nie oor die vermoë beskik om hul persoonlike ruimte te beskerm nie.

4.7.4 Gebruik van dialoog

- Om enige sinvolle diens aan die pleegkind te kan lewer, moet daar dialoog tussen die maatskaplike werker en die kind plaasvind. Die kind moet weet wat gaan gebeur en wat van hom verwag word. Dit sal onsekerhede voorkom.
- Die maatskaplike werker moet met die pleegkind oor die pleegsorgplasing praat en enige vrese aanspreek wat hy ervaar.
- Die maatskaplike werker moet 'n oop kommunikasiekanaal vir die pleegkind skep sodat hy die vrymoedigheid sal hê om dialoog te voer.

4.7.5 Aanspreek van bewustheidsvlakke

- Die maatskaplike werker moet die pleegkind tydens terapeutiese intervensie tot selfbewustheid begelei sodat verandering kan plaasvind. Die kind moet bewus gemaak word van die emosies en gevoelens wat hy ten opsigte van die pleegsorgplasing ervaar. Hy moet terselfdertyd ook bewus gemaak word van die redes waarom hy in pleegsorg geplaas is sodat hy sy situasie kan aanvaar.
- Gestaltterapie fokus op die hier-en-nou en daarom moet die maatskaplike werker wat die Gestaltbenadering volg die kliënt bewus maak van die dinge wat hy op die daardie oomblik ervaar en hoe hy dit ervaar.

4.7.6 Aanspreek van onvoltooidhede

- Die pleegkind ervaar dikwels 'n onvoltooidheid tydens die pleegsorgplasing. Daar is onbeantwoorde vrae soos waarom hy uit sy ouers se sorg verwyder moes word, wie vir hom gaan sorg, of hy goeie versorging gaan kry, of hulle vir hom lief sal wees, of hy gelukkig sal wees binne die gesin, of die mense hom sal aanvaar soos wat hy is en of hy hulle nie teleur sal stel nie.
- Die maatskaplike werker moet binne die terapeutiese verhouding genoeg geleentheid aan die pleegkind bied om enige onvoltooidheid te verwerk. Indien daar 'n sterk vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en die kind bestaan, sal hy ook die vrymoedigheid hê om aan hierdie onvoltooidhede te werk.

4.7.7 Keuses en verantwoordelikhede

- Die pleegsorgplasing geskied as gevolg van swak maatskaplike omstandighede waarin 'n kind hom bevind en wat statutêre optrede genoodsaak het. Die betrokke kind het nie 'n keuse oor die optrede wat gevolg is nie. Dit is belangrik dat die maatskaplike werker die pleegkind deurlopend bewus moet maak van die rede tot sodanige optrede.
- Die maatskaplike werker kan die pleegkind deur terapie begelei om sy nuwe situasie te aanvaar en verantwoordelike keuses te maak.

4.7.8 Gebruik van projeksies

- Die maatskaplike werker kan deur die gebruik van projeksies 'n geleentheid aan die kliënt bied om binne 'n nie-bedreigende situasie sy probleem uit te speel. Tydelike verplasing van sy probleem binne 'n fantasie of spel sal die kliënt van sy eie probleem bewus maak sodat hy van die projeksie besit kan neem.
- Sodra die kliënt besit geneem het van die projeksie moet die maatskaplike werker hom begelei om self oplossings vir sy probleem te kry.

4.7.9 Gebruik van mediums en tegnieke

- Daar is verskeie mediums wat die maatskaplike werker tydens terapeutiese intervensie met die kliënt kan gebruik, naamlik sensoriese spel, gedramatiseerde spel, skeppende spel en bibliospel.
- Dit is belangrik dat die maatskaplike werker aan die kliënt die geleentheid bied om self te kies waarmee hy wil speel. Dit gee vir die kliënt selfvertroue en hy ervaar dat hy in beheer is.
- Om die kliënt se selfbeeld te versterk, kan die Roosboomtegniek suksesvol aangewend word. Op hierdie wyse verkry die maatskaplike werker die nodige inligting van die kliënt oor hoe hy homself ervaar. Die kliënt, en veral die

pleegkind, verkry beter insig oor sy pleegsorgplasing en sy selfwaarde word verhoog.

- Die Leëstoeltegniek kan ook tydens die terapeutiese intervensie aangewend word, veral by kinders wat aggressie toon. Die maatskaplike werker bied aan die kliënt die geleentheid om sekere situasies/rolle uit te speel sodat hy die selfvertroue kan kry om dit binne sy eie situasie toe te pas.

4.8 SAMEVATTING

Deur die benutting van die verskillende vorme van spel en speltegnieke, kon die terapeutiese proses met drie pleegkinders gevolg word. Die empiriese studie bevestig die inligting oor die pleegkind wat in sy middelkinderjare is, soos verken en beskryf in Hoofstuk 2 en 3. Riglyne is aan maatskaplike werkers gegee om emosionele steun aan die kind in pleegsorg te kan bied.

Die volgende hoofstuk sit die belangrikste gevolgtrekkings en aanbevelings, soos geïdentifiseer, uiteen.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Uit die empiriese studie wat in Hoofstuk 4 bespreek is, is dit duidelik dat die kind wat weens omstandighede in pleegsorg geplaas is emosionele ondersteuning benodig om die pleegsorgplasing te kan aanvaar. Die doel van hierdie hoofstuk is om te kan bepaal of die doel en doelwitte wat by die navorsingsvraag gestel is, bereik is sodat die nodige gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak kan word.

Die navorsingsvraag, doelstelling en doelwitte van die studie sal opgesom en evalueer word. Daarna sal 'n samevatting van elke hoofstuk gegee word soos wat dit in die navorsingsverslag bespreek is. Aan die einde van die hoofstuk sal gevolgtrekkings en aanbeveling ten opsigte van die studie gemaak word.

5.2 GELDIGHEID VAN DIE STUDIE

Dit is volgens De Vos (2005:345) belangrik dat die geldigheid van die navorsingstudie bepaal word indien daar van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak word. Vervolgens sal die vier konstrukte van geldigheid bespreek word.

5.2.1 Geloofwaardigheid

Die doel van geloofwaardigheid is om te demonstreer dat die ondersoek van die navorsing op sodanige wyse onderneem is dat die onderwerp akkuraat geïdentifiseer en beskryf is. Kwalitatiewe studies se sterkte lê daarin dat die probleem ondersoek is. Parameters wat gebruik word om die kredietwaardigheid te meet, is die omgewing, populasie en teoretiese raamwerk (De Vos, 2005:346).

In hierdie studie het die navorser vooraf bepaal dat daar 'n behoefte vir die studie is deur verskeie maatskaplike werkers te raadpleeg wat pleegsorgtoesigdienste lewer. 'n Volledige konseptuele raamwerk is ook onderneem. Die navorser het vanuit 'n teoretiese raamwerk, praktykervaring en die leiding van die studieleier die studie

ondernem. Dit voldoen aan geloofwaardigheid omdat die probleem wat gestel is, aangespreek is.

5.2.2 Oordraagbaarheid

Om 'n kwalitatiewe studie na ander gevalle of omstandighede oor te dra, kan problematies wees. 'n Swakpunt by kwalitatiewe bevindinge kan voorkom wanneer hierdie bevindinge veralgemeen word tot 'n ander omgewing, populasie en teoretiese raamwerk. Om te voorkom dat dit gebeur, moet die navorser kan terugverwys na die oorspronklike teoretiese raamwerk sodat duidelik uitgewys kan word hoe die data-insameling en analise deur konsepte en modelle aangedui word. Dit kan versterk word deur van verskeie bronne gebruik te maak wat die navorsing onderskryf en verifieer (De Vos, 2005:346).

Die navorser het tydens hierdie studie van verskeie bronne gebruik gemaak, byvoorbeeld drie respondente, en nuwe en historiese literatuur. Die etiese kwessies is deurlopend gedurende die studie in ag geneem en die navorser het daarvolgens gehandel. Na die afhandeling van die empiriese studie het die navorser literatuurkontrole toegepas om dit wat uit die ondersoek na vore gekom het, te verifieer.

5.2.3 Afhanklikheid/Konsekwentheid

Dit staan direk teenoor die konsep van herhaling van die gevolgtrekkings van die studie wat 'n onveranderde universum veronderstel. Dit beteken dat die navorsing herhaal kan word. Hierdie siening word as problematies beskou aangesien dit in direkte kontras staan met die kwalitatiewe veranderstelling dat die sosiale wêreld altyd besig is om gebou te word (De Vos, 2005:346).

In hierdie studie het die navorser dit duidelik uiteengesit dat pleegkinders emosionele ondersteuning benodig en daarom is riglyne vir maatskaplike werkers daargestel om dit te kan toepas tydens intervensie met die kind. Die verskil in hoe pleegkinders die pleegsorgplasing individueel beleef en maatskaplike werkers se toegewydheid om wel

die riglyne toe te pas, is faktore wat die herhaling van die studie kan bemoeilik. Dit het egter nie die konsekwentheid van hierdie studie beïnvloed nie.

5.2.4 Bevestigbaarheid

Hier word verwys na die konsep van objektiwiteit en of die studie deur ander studies geverifieer kan word. Wanneer die studie geverifieer kan word, verwyder navorsers die evaluering van die inherente karakterisering van die navorser en word die data op die studie self geplaas (De Vos, 2005:237). Die navorser het in hierdie studie gepoog om so ver moontlik die werklike gevoelens en ervarings van die respondente tydens die empiriese studie weer te gee sodat objektiewe gevolgtrekkings gemaak kon word.

5.3 OORSIG VAN DIE NAVORSINGONDERSOEK

Doelstelling en doelwitte is vir die studie gestel sodat die navorsingsvraag beantwoord kan word. Dit is daarom belangrik dat die navorsingsvraag weer gestel word sodat geëvalueer kan word of die doelstelling en doelwitte bereik is. 'n Oorsig van elke hoofstuk sal ook kan bepaal of die doelwitte wel bereik is sodat gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak kan word.

5.3.1 Navorsingsvraag

Die navorser het van 'n kwalitatiewe studie gebruik gemaak. Aan die begin van die studie is die volgende navorsingsvraag geformuleer: **Watter riglyne kan maatskaplike werkers volg om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied?**

Die navorser is van mening dat die navorsingsvraag beantwoord is aangesien verskeie riglyne ná die afhandeling van die empiriese studie opgestel kon word sodat maatskaplike werkers dit tydens terapeutiese intervensie met 'n pleegkind maklik kan toepas. 'n Deeglike beskrywing is ook gegee van wat pleegsorg behels, hoe die kind dit beleef en die dienste wat aan sodanige kind gelewer word.

5.3.2 Bereiking van doelstelling en doelwitte

Die navorser het met die aanvang van hierdie studie 'n doelstelling en doelwitte daargestel. Dit is belangrik dat daar weer op hierdie doelstelling en doelwitte gefokus word sodat bepaal kan word of dit bereik is.

5.3.2.1 Doelstelling

Die doelstelling van die studie was om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel wat gebruik kan word om die kind in pleegsorg emosioneel te ondersteun.

Die doelstelling is as volg bereik: Deur van bestaande literatuur gebruik te maak, is die nodige inligting oor die volgende versamel: pleegsorg, hoe die kind dit beleef en die dienste wat aan sodanige kind gelewer word. Om die empiriese data vir die studie te verkry, is daar van drie gevallestudies gebruik gemaak waar kinders in pleegsorg by terapie ingeskakel het. Op hierdie wyse is die empiriese data verwerk en is verskeie herhalende kategorieë geïdentifiseer. Die empiriese data is met die bestaande literatuur gekontroleer. Hierdie proses kon die navorser in staat stel om verskeie riglyne vir maatskaplike werkers vas te stel wat hulle kan gebruik om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied.

5.3.2.2 Doelwitte

Die navorser het konkrete en uitvoerbare doelwitte vir die studie geformuleer om bogenoemde doelstelling te kan bereik. Vervolgens word die doelwitte van die studie afsonderlik bespreek.

Doelwit 1: Om 'n beskrywing te gee van die kind in pleegsorg, die lewensfase waarin die kind homself bevind en emosies wat beleef word ten einde begrip vir hierdie kind te ontwikkel.

Die navorser het hierdie doelwit bereik aangesien daar met behulp van bestaande literatuur inligting ingesamel is en 'n teoretiese basis opgebou is oor die kind in pleegsorg en meer spesifiek die kind in sy middelkinderjare, en watter ontwikkelingsstake

die kind moet bemeester. Daar is ook gefokus op hoe die kind die pleegsorgplasing beleef en watter bestaande dienste deur 'n maatskaplike werker aan sodanige kind gelewer word. Die literatuurstudie het ook as onderbou vir die empiriese studie gedien om die kind tydens terapeutiese intervensie beter te kan verstaan.

Doelwit 2: Om 'n beskrywing van sekere Gestaltkonsepte en die gebruik van speltherapie tegnieke volgens die Gestaltbenadering te gee ten einde 'n teoretiese raamwerk vir die studie daar te stel.

Hierdie doelwit is bereik deur ook van die bestaande literatuur gebruik te maak. Die Gestaltbenadering is in Hoofstuk 3 met behulp van kernbegrippe verduidelik. Om die teoretiese raamwerk verder uit te brei, is die vorme van spel en die aanwending van speltherapie tegnieke verduidelik. Hierdie teoretiese raamwerk is ook tydens die empiriese studie benut.

Doelwit 3: Om deur die benutting van ongestruktureerde onderhoude die verskillende vorme van spel tydens terapeutiese intervensie te benut ten einde emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied.

Die navorser het die empiriese studie gedoen deur individuele, ongestruktureerde onderhoude as data-insamelingsmetode te gebruik. Daar is tydens die laaste sessie van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule gebruik gemaak om die sessies met die respondent te evalueer. Drie pleegkinderes wat in hul middelkinderjare is en wat emosionele ondersteuning nodig, is vir die studie gebruik aangesien die kriteria spesifiek was. Daar is nege kategorieë geïdentifiseer, naamlik:

- Kategorie 1: Die terapeutiese verhouding
- Kategorie 2: Holisme
- Kategorie 3: Die stel van grense
- Kategorie 4: Die gebruik van dialoog
- Kategorie 5: Die aanspreek van bewustheidsvlakke
- Kategorie 6: Die aanspreek van onvoltooidhede
- Kategorie 7: Keuse en verantwoordelikhede
- Kategorie 8: Die gebruik van projeksie

- Kategorie 9: Die gebruik van mediums en tegnieke.

Die doelwit is bereik aangesien die data ingewin is en die navorser verskeie aspekte van die kind in pleegsorg se emosionele belewenis van die plasing kon identifiseer. Dit kon ook met die bestaande literatuur in verband gebring word en is in Hoofstuk 4 weergegee.

Doelwit 4: Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten einde riglyne daar te stel wat maatskaplike werkers kan gebruik om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied.

Gevolgtrekkings en aanbevelings vir die bereiking van bogenoemde doelwitte word in hierdie hoofstuk gemaak.

Nadat die doelstelling en doelwitte weer hersien is, is dit duidelik dat dit vir die doeleindes van hierdie studie wel bereik is.

5.4 SAMEVATTING VAN DIE ONDERSKEIE HOOFSTUKKE

In die volgende afdeling van hierdie hoofstuk word 'n samevatting van die onderskeie hoofstukke gegee.

5.4.1 Hoofstuk 1: Oriëntering ten opsigte van die navorsingsonderzoek

In Hoofstuk 1 is die rasionaal en motivering vir die studie bespreek. Die probleem is geformuleer, en die doelstelling en doelwitte is bepaal en uiteengesit. Die beplande werkswyse vir die navorsingstudie is ook duidelik uiteengesit. Daarna is die etiese aspekte wat op die studie van toepassing is, bespreek en is dit met 'n bespreking van die belangrikste definisies van kernkonsepte in die studie afgesluit.

5.4.2 Hoofstuk 2: Die pleegkind in sy middelkinderjare

Hierdie hoofstuk dien as teoretiese onderbou vir die studie. Die ontwikkelingstake van die kind in sy middelkinderjare is eerstens bespreek sodat 'n duidelike beeld

verkry kon word van watter take sodanige kind moet kan bemeester. Een van die belangrikste ontwikkelingstake gedurende hierdie tydperk is dat die kind graag dinge self wil doen en erkenning daarvoor kry. Indien hy nie 'n taak kan bemeester nie, kan hy die gevoel van minderwaardigheid ervaar en kan sy selfvertroue word negatief beïnvloed word.

Die begrip pleegsorg is verder bespreek en die volgende aspekte is verduidelik: wanneer pleegsorgplasing plaasvind, watter soort kind vir pleegsorgplasing kwalifiseer, hoe die kind die plasing beleef, watter bestaande dienste aan die kind gelewer word en die behoeftes wat hierdie kind ervaar. Dit is bevind dat wanneer 'n kind in pleegsorg geplaas word, hy dit as traumaties ervaar en onsekerhede beleef.

5.4.3 Hoofstuk 3: 'n Teoretiese fundering van die Gestaltbenadering

In hierdie hoofstuk is die belangrikste Gestaltkonsepte verduidelik sodat die Gestaltbenadering beter verstaan kan word. Die Gestaltbenadering fokus op die self in verhouding tot homself en ander. Die benadering fokus ook op die totaliteit van funksionering op sintuiglike, liggaamlike, emosionele en intellektuele vlak.

Die verskillende vorme van spel wat die terapeut tydens terapeutiese intervensie met die kind kan benut, is verder verduidelik. Die vorme van spel kan in kategorieë verdeel word, naamlik sensoriese, gedramatiseerde, skeppende en bibliospel. Die terapeut benut hierdie vorme van spel om speltherapie tegnieke tydens die terapeutiese intervensie toe te pas.

5.4.4 Hoofstuk 4: Empiriese gegewens en navorsingbevindings

Drie pleegkinders is by die empiriese studie betrek. Hulle is by speltherapie van ses sessies ingeskakel waartydens daar by elke sessie van ongestruktureerde onderhoude gebruik gemaak is. Die inhoud van elke sessie is weergegee en geëvalueer. Aan die einde van al die sessies is elke deelnemer ook geëvalueer ten opsigte van die terapeutiese intervensie wat plaasgevind het. Daarna is die data geanaliseer en nege kategorieë is geïdentifiseer en bespreek, en met die bestaande literatuur vergelyk.

Nadat die data geanaliseer is, kon riglyne geïdentifiseer word wat deur maatskaplike werkers gebruik kan word om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied. Die kategorieë en riglyne wat geïdentifiseer is, word vervolgens verder bespreek aangesien dit onderskeidelik die gevolgtrekkings en aanbevelings van die studie vorm.

5.5 GEVOLGTREKKINGS

Die volgende gevolgtrekkings word gemaak uit die empiriese data van die studie soos wat dit tydens die ongestruktureerde onderhoude met die deelnemers verkry is:

- Uit die empiriese studie het dit duidelik geblyk dat die kind in sy middelkinderjare wat weens omstandighede in pleegsorg geplaas word, heelwat onsekerhede ervaar en die pleegsorgplasing dus as traumaties beleef.
- Dit is daarom belangrik dat die maatskaplike werker 'n *terapeutiese verhouding* met die betrokke kind opbou. Om hierdie vertrouensverhouding met die kind daar te stel, moet die maatskaplike werker op 'n nie-bedreigende manier tot op die kind se vlak daal. Deur die kind by spel terapie in te skakel, kan hierdie verhouding versterk word.
- Deur van die onderskeie *mediums en tegnieke* tydens die terapeutiese intervensie gebruik te maak, word die pleegkind aan die verskillende vorms van spel blootgestel sodat hy sy eie leefwêreld kan uitspeel. *Onvoltooidhede* wat die kind met die pleegsorgplasing beleef, kan sodoende deur die maatskaplike werker aangespreek word en die nodige emosionele ondersteuning kan aan die kind gebied word.
- Tydens die terapeutiese intervensie moet 'n atmosfeer geskep word waar die kind veilig kan voel en waar hy aanvaarding kan ervaar. Hierdie gemaklike atmosfeer sal die kind in staat stel om te ontwikkel en te groei. Die kind verkry sodoende meer selfvertroue en aanvaar ook *verantwoordelikheid* vir sy *keuses*.
- Dit is noodsaaklik is dat die maatskaplike werker die kind se maatskaplike omstandighede op 'n *holistiese wyse* moet ondersoek om begrip vir sy situasie of probleem te kan verkry. Sodoende sal enige terapeutiese intervensie op die

emosionele ondersteuning fokus wat die maatskaplike werker aan die kind bied.

- Basiese *grense* moet tydens terapeutiese intervensie vir die kind in pleegsorg gestel word aangesien dit hom in staat stel om te weet wat van hom verwag word en watter soort ondersteuning hy sal kry.
- In die empiriese ondersoek van hierdie studie is daar tydens die terapeutiese sessies van *projeksies* gebruik gemaak wat die deelnemers in staat gestel het om bewus te word van wat op hul voorgrond is sodat hulle hul onmiddellike gevoelens kon identifiseer en uitspeel. Dit het die kinders in staat gestel om hul omstandighede beter te verstaan en te aanvaar.
- Om enige sinvolle diens aan die pleegkind te kan lewer, moet daar *dialog* tussen die maatskaplike werker en die kind plaasvind. 'n Oop kommunikasiekanaal moet vir die pleegkind geskep word sodat hy die vrymoedigheid sal hê om dialoog te voer. Die kind ervaar ook dat die maatskaplike werker na hom luister en sodoende word die nodige emosionele ondersteuning aan die kind gebied.
- Die navorser kom ook die gevolgtrekking dat die maatskaplike werker tydens die terapeutiese intervensie met die pleegkind sy *bewustheidsvlakke* kan versterk sodat verandering kan plaasvind. Die maatskaplike werker bied die nodige emosionele ondersteuning en dit stel die kind in staat om sy pleegsorgplasing te aanvaar.
- Die pleegkind ervaar dikwels 'n *onvoltooidheid* tydens die pleegsorgplasing. Dit is die taak van die maatskaplike werker om binne die terapeutiese verhouding genoeg geleentheid aan die pleegkind bied om enige onvoltooidheid te verwerk en terselfdertyd aan die kind gepaste emosionele ondersteuning te bied.
- Die pleegsorgplasing geskied as gevolg van die swak maatskaplike omstandighede waarin 'n kind hom bevind en wat statutêre optrede noodsaak. Dit is daarom belangrik dat die maatskaplike werker die pleegkind deur terapie begelei om sy nuwe situasie te aanvaar en *verantwoordelike keuses* te maak.
- Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die maatskaplike werker deur die gebruik van *projeksies* tydens die terapeutiese intervensie 'n geleentheid vir die kind skep om binne 'n nie-bedreigende situasie sy probleem uit te speel.

Tydlike verplasing van sy probleem binne 'n fantasie of spel sal die kind van sy eie probleem bewus maak sodat hy van die projeksie besit kan neem.

- 'n Wye verskeidenheid van *mediums en tegnieke* is beskikbaar om tydens die terapeutiese intervensie te benut. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit belangrik is dat die maatskaplike werker hierdie mediums en tegnieke tydens dienslewering aan die pleegkind benut. Op hierdie wyse kan die nodige emosionele ondersteuning aan die kind gebied word en kan die terapeutiese verhouding tussen die maatskaplike werker en die pleegkind terselfdertyd versterk word.

5.6 AANBEVELINGS

Daar word vervolgens na die algemene aanbevelings ten opsigte van die studie asook aanbevelings oor verdere navorsing gekyk.

5.6.1 Algemene aanbevelings

Om die algemene aanbevelings weer te gee, fokus die navorser op watter riglyne maatskaplike werkers kan gebruik om emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg te bied.

- Aangesien die maatskaplike werker op 'n deurlopende wyse betrokke is wanneer 'n kind in pleegsorg geplaas word, sowel as na sodanige plasing, is dit van uiterste belang dat hy die nodige emosionele ondersteuning aan die kind bied. Dit word gevestig deur 'n sterk *terapeutiese verhouding* met die kind op te bou.
- Daar word aanbeveel dat maatskaplike werkers tydens terapeutiese intervensie 'n atmosfeer skep wat vir die kind nie-bedreigend is. Sodoende kan die maatskaplike werker spontane kommunikasie en *dialog* met die kind bevorder. Emosionele ondersteuning word aan die kind gebied en die kind ervaar dat hy deur die maatskaplike werker aanvaar word. Só kan 'n vertrouensverhouding geskep word.
- Die navorser is van mening dat maatskaplike werkers emosionele ondersteuning aan die pleegkind kan bied indien daar op 'n *holistiese wyse* na

die kind se maatskaplike omstandighede ondersoek ingestel word. Alle aspekte rondom die kind moet ondersoek word, byvoorbeeld die redes waarom die kind uit sy ouers se sorg verwyder is, hoe die kind en sy ouers dit ervaar het, watter soort plasing geskik sal wees en die kind se aanpassing binne die nuwe gesin. Die maatskaplike werker kan heelwat van hierdie inligting by die kind self kry wanneer daar terapieë met die kind gewerk word.

- Wanneer die maatskaplike werker emosionele ondersteuning aan die kind wil bied, is dit belangrik dat die kind tydens terapeutiese intervensie begelei moet word tot *selfbewustheid* sodat hy bewus kan word van die emosies en gevoelens wat hy oor die pleegsorgplasing ervaar.
- Die kind kan die pleegsorgplasing as traumaties ervaar en kan nie oor die vermoë beskik om basiese grense stel nie. Die maatskaplike werker wat nou betrokke by die kind is, moet daarop bedag wees en daartoe in staat kan wees om die nodige *grense* tydens terapeutiese intervensie daar te stel op sodanige wyse dat die kind dit steeds as nie-bedreigend beleef en dat hy emosioneel ondersteun word. Die navorser is van mening dat die stel van hierdie grense die kind in staat gestel om te weet wat van hom verwag word.
- Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers binne die terapeutiese verhouding genoeg geleentheid aan die pleegkind moet bied om enige *onvoltooidhede* oor die pleegsorgplasing wat hy mag ervaar, te verwerk. Deur gepaste emosionele ondersteuning aan die kind te bied, sal hy ervaar dat hy in staat is om aan 'n onvoltooidheid te werk.
- Die statutêre optrede wat nodig was om die kind uit sy ouers se sorg te verwyder en in pleegsorg te plaas, is 'n besluit wat namens die kind geneem word. Dit is belangrik dat maatskaplike werkers die pleegkind deurlopend bewus moet maak van die rede tot sodanige optrede. Hierdie bewusmaking kan tydens terapie met die kind plaasvind waar die kind begelei word om sy situasie te aanvaar en *verantwoordelike keuses* te maak.
- Elke kind moet as uniek beskou word en die nodige erkenning moet aan hul positiewe eienskappe gegee word. Dit is verder belangrik dat die maatskaplike werkers 'n opregte belangstelling in die kind toon. Deur emosionele ondersteuning aan die kind te bied, moet die maatskaplike werker ook binne die *terapeutiese verhouding* op die kind se emosies, gevoelens en reaksies fokus vir die bevordering van 'n goeie selfbeeld.

- Die navorser is van mening dat, om enige sinvolle emosionele ondersteuning aan die pleegkind te kan lewer, daar *dialog* tussen die maatskaplike werker en die pleegkind moet plaasvind. Deur gebruik te maak van dialoog sal die maatskaplike werker die vertrouensverhouding met die kind versterk en die kind sal die vrymoedigheid hê om met die maatskaplike werker te kommunikeer.
- Die pleegkind ervaar baie onsekerhede oor die pleegsorgplasing en dit kan tot 'n swak selfbeeld by die kind lei. Hierdie onsekerhede kan ook daartoe lei dat die kind nie weet hoe om die emosies wat hy ervaar, uit te druk nie. Om hierdie aspek aan te spreek, is dit belangrik dat maatskaplike werkers aan die kind die nodige erkenning sal gee.
- Daar word aanbeveel dat die maatskaplike werker tydens terapeutiese intervensie met die pleegkind van *projeksies* gebruik maak. Sodoende word emosionele ondersteuning aan die kind gebied aangesien hy geleentheid kry om binne 'n nie-bedreigende omgewing sy situasie uit te speel. Daar word op die kind se vlak beweeg en die nodige bemagtiging kan ook aan die kind gegee word sodat sy selfbeeld en selfvertroue kan groei en ontwikkel.
- Dit is die mening van die navorser dat maatskaplike werkers slegs 'n sterk *terapeutiese verhouding* met die pleegkind kan opbou indien hulle van die verskeie *mediums* van spel gebruik maak. Kommunikasie tussen die maatskaplike werker en die kind sal plaasvind op 'n vlak wat vir die kind nie-bedreigend is en hy word in staat gestel om homself daarin uit te leef.
- Daar word aanbeveel dat maatskaplike werkers opleiding ontvang oor die hantering van die verskeie mediums van spel en tegnieke wat benut kan word wanneer terapie aan hierdie kinders gegee word. Dit sal aan die maatskaplike werkers die nodige selfvertroue gee om emosionele ondersteuning aan die kind te bied.

5.5.2 Aanbevelings oor die navorsingsproses en verdere navorsing

Vervolgens maak die navorser aanbevelings oor die moontlike verbetering van die uitgevoerde studie. Daar word terselfdertyd ook aanbevelings gemaak oor die moontlikheid om die studie uit te brei vir verdere navorsingsdoeleindes.

- Dit was vir die navorser 'n uitdaging om deelnemers vir die studie te kry as gevolg van die spesifieke kriteria. Die navorser is van mening dat pleegkinders uit dieselfde ouderdomsgroep wat vir 'n tydperk van langer as twee jaar in pleegsorg verkeer ook by die studie ingesluit kan word. Die kinders wat by hierdie studie ingesluit is, was duidelik in die sogenaamde wittebroodfase van pleegsorgplasing. Kinders wat vir 'n langer tydperk in pleegsorg verkeer, sou moontlik meer emosionele probleme openbaar en dus ondersteuning benodig. 'n Vergelyking tussen die twee groepe sal ook aanpassings van die riglyne vir maatskaplike werkers tot gevolg hê.
- Enige kind wat in pleegsorg geplaas word, ervaar hierdie gebeure as traumaties. Hoewel maatskaplike werkers oor die vaardigheid beskik om die statutêre vereistes oor die beveiliging van sodanige kind tot uitvoering te bring, hanteer hulle die kind en sy beleving van die pleegsorgplasing nie reg nie. Dit is die navorser se mening dat alle maatskaplike werkers wat pleegsorgplasings hanteer, verplig moet word om op 'n praktiese wyse indiensopleiding te ontvang oor hoe om emosionele ondersteuning aan pleegkinders te bied.
- Die navorser, wat self as 'n maatskaplike werker binne BADISA praktiseer, beskou hierdie studie as waardevol om te gebruik om aan ander maatskaplike werkers die nodige opleiding te gee om 'n pleegkind te kan hanteer, en meer spesifiek om emosionele ondersteuning aan sodanige kind te bied. Die riglyne wat vasgestel is, word ook op só 'n wyse geskryf dat dit maklik deur die maatskaplike werkers geïmplementeer kan word.
- Die klem van hierdie studie val op die pleegkind in sy middelkinderjare wat emosionele ondersteuning benodig. Dit is moontlik dat toekomstige studies op die kind in sy middelkinderjare en die adolescent wat vir langer as twee jaar in pleegsorg verkeer, kan fokus. 'n Ander moontlike studieveld is om ondersoek in te stel oor hoe maatskaplike werkers wat die voorgestelde riglyne gevolg het, dit in die praktyk ervaar het. Daar kan dan bepaal word of die emosionele ondersteuning wat maatskaplike werkers aan die pleegkind gebied het, die kind positief of negatief beïnvloed het.

5.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n samevatting gegee van die studie wat gedoen is. Die fokus was of die doelstelling en die onderskeie doelwitte wel bereik is. Dit blyk dat die navorser die doelstelling bereik het. Die navorsingsvraag is ook beantwoord aangesien spesifieke riglyne vir maatskaplike werkers vasgestel kon word sodat emosionele ondersteuning aan die kind in pleegsorg gebied kan word. Daar is ook gevolgtrekkings uit die literatuurstudie sowel as die empiriese ondersoek gemaak. Aan die einde van die hoofstuk is verskeie aanbevelings gemaak.

Die kind wat in pleegsorg geplaas word, en meer spesifiek die pleegind in sy middelkinderjare, kan die pleegsorgplasing as traumaties ervaar. Dit gee daartoe aanleiding dat hulle emosionele ondersteuning benodig sodat hulle insig in die optrede kan verkry en in staat gestel kan word om hul veranderde situasie te kan aanvaar. Die maatskaplike werker wat die nodige dienste aan sodanige kind lewer, kan deur die gebruik van die riglyne wat in hierdie studie daargestel is, 'n terapeutiese verhouding met die kind opbou sodat die kind kan ervaar dat hy emosioneel ondersteun word en sodat daar aanvaarding vir sy situasie kan plaasvind.

BRONNELYS

Aronstam, M. 1992. Gestaltterapie. In Louw, D.A. *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers (Edms.)Bpk.

BADISA. 2003. Handleiding: Beleid en Prosedure ten opsigte van pleegsorgdienste. Bellville: BADISA Hoofkantoor.

BADISA. 2005. Handleiding: Opleiding vir Pleeg- en Veiligheidsouers. Bellville: BADISA-Hoofkantoor.

BADISA. 2007. Omsendbriefnr. 15 van 2007. Statistiek 2006/2007. Oktober 2007. Bellville: BADISA-Hoofkantoor.

Berk, L. 2002.5th ed.. *Child Development*. Boston: Allyn and Bacon.

Carpenter, D. 2000. *Ethical Considerations in working with Religious Clients: A Chronicle of the Developing application of Gestalt Principles*. Vol.1 (2), 1997. Published by Gestalt Global Corporation.

Carroll, F. & Oaklander, V. 1997. Gestalt Play Therapy. In O'Conner, K.J. & Braverman, L.M. *Play Therapy Theory and Practice. A comparative Presentation*. Canada: John Wiley & Son, Inc.

Cattanach, A. 1993. *Play Therapy with Abused Children*. London: Jessica Kingsley Publishers Ltd.

Cattanach, A. 2001. *Play therapy, Where the Sky meets the Underworld*. 3rd ed. Great Britain: Atheneam Press.

Clarkson, P. 2002. *Gestalt Counselling in Action*. 2de uitgawe. London: Sage Publications Ltd.

Clarkson, P. 2004. *Gestalt Counselling in Action*. 3de uitgawe. London: Sage Publications Ltd.

CMR. 2000. Handleiding vir pleegouers. Bellville: CMR-Hoofkantoor

De Vos, A.S. Qualitative dat analysis and interpretation. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L 2005. 3de uitgawe. *Research as Grass Roots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouche, C,B. & Delpont, C.S.L. 2005. 3^{de} uitgawe. *Research at Grassroots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. Qualitative research designs. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L 2005. 3de uitgawe. *Research as Grass Roots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. Introduction to the research process. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L 2005. 3de uitgawe. *Research as Grass Roots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & De Vos, A.S. Problem formulating. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. 3de uitgawe. *Research as Grass Roots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

George, R.L. & Christiani, T.L. 1995. *Counselling: Theory and Practice*. 4de uitgawe. Massachusetts: Allyn and Bacon.

Greeff, M. Information collection: Interviewing. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. 3de uitgawe. *Research as Grass Roots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Kaplan, P.S. 2000. *A Child's Odyssey: Child & Adolescent Development*. 3de uitgawe. USA: Wadsworth.

Lampert, R. 2003. *A Child's Eye View, Gestalt Therapy with Children, Adolescents and their families*. New York: The Gestalt Journal Press, Inc.

Louw, D.A. 1992. *Suid-Afrikaanse Handboek van Abnormale Gedrag*. Halfweghuis: Southern Boekuitgewers.

Louw, D.A. 1998. 5de uitgawe. *Menslike ontwikkeling*. Pretoria: HAUM-Tersiêr.

Mackewn, J. 2003. *Developing Gestalt Counselling*. 5de uitgawe. London: SAGE.

Meyer, W.F. 1990. Die Egosielkundige teorie van Erikson. In Meyer, W.F., Moore, C & Viljoen, H.G. *Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl*. Isando: Lexicon Uitgewers (Edms.)Bpk.

Meyer, W.F., Moore, C & Viljoen, H.G. 1990. *Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl*. Isando: Lexicon Uitgewers (Edms.)Bpk.

Moore, C. 1990. Die selfaktualiseringsteorie van Abraham Maslow. In Meyer, W.F., Moore, C & Viljoen, H.G. *Persoonlikheidsteorieë van Freud tot Frankl*. Isando: Lexicon Uitgewers (Edms.)Bpk.

Mwamwenda, T.S. 1996. *Educational Psychology: An African Perspective*. 2de uitgawe. Durban: Butterworths.

Nelson-Jones, R. 2000. *Six Key approaches to Counselling & Therapy*. London: Continuum.

Oaklander, V. 1988. *Windows to Our Children*. 3de uitgawe. New York: The Gestalt Journal Press.

Oaklander, V. Gestalt Play Therapy. In Scheafer, C.E. 2003. *Foundations of Play Therapy*. New Jersey: John Wiley & Sons Inc.

Odendal, F.F & Gouws, R.H. 2000. 4de uitgawe. *Verklarende Handwoorde-boek van die Afrikaanse Taal*. Halfweghuis: Perskor Uitgewers.

Orton, G. 1997. *Strategies for Counselling with Children and Their Parents*. Pacific Grove: Brookes/Cole Publishing Company.

Plug, C., Meyer, W.F., Louw, D.A. & Gouws, L.A. 1987. 2de uitgawe. *Psigologie-woordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

RSA. *Child Care Amendment Act 96 of 1996*. Pretoria: Government Printer.

RSA. Wet op Kindersorg, Wet 74 van 1983. Pretoria: Government Printer.

RSA DEPARTMENT OF WELFARE. 1998. Information guide for social workers on the practical application of the Child Care Act 74 of 1983, as amended and regulations. Kaapstad: CTP Book Printers (Pty) Ltd.

Schaefer, C.E. (red). 2003. *Foundations of Play Therapy*. New Jersey: John Wiley & Sons Inc.

Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Schoeman, J.P. 2004a. Speltherapie: Die onontbeerlike vaardigheid in terapie met die kind. Gansbaai: Sentrum vir Speltherapie.

Schoeman, J.P. 2004b. Advanced course in Play therapy. Gansbaai: Sentrum vir Speltherapie.

Schultz, R. 2003. Besluitneming oor kinders in die Statutêre Proses: 'n Teoretiese verwysingsraamwerk. In BADISA: *Beleid en Prosedure ten opsigte van pleegsorgdienste*.

Slavin, R.E. 1997. *Educational Psychology: Theory and Practice*. 5de uitgawe. Boston: Allyn and Bacon.

Smit, G.J. 1993. *Navorsing. Riglyne vir Beplanning en Dokumentasie*. Pretoria: Southern Boekuitgewers.

South African National Council for Child and Family Welfare. 2000. *A Guide to Foster Care Practice in South Africa*. Durban: The Natal Witness(Pty) Ltd.

Strydom, H. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, c.s.l. 2005. 3de uitgawe. *Research as Grass Roots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. Ethical aspects of research in the social science and human service professions. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. 3de uitgawe. *Research as Grass Roots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. Information collection: Document study and secondary analysis. In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2005. 3de uitgawe. *Research as Grass Roots for the social science and human service professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Swanepoel, H.M., Wessels, P.J. 1992. *'N Praktiese benadering tot die Wet op Kindersorg*. Pretoria: Digma.

Thomson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. 5de uitgawe. *Counseling children*. Pacific Grove California: Books/Cole Publishing Company.

Triseliotis, J. Sellick, C. & Short, R. 1995. *Foster Care. Theory and Practice*. London: B.T. Batsford Ltd.

Van der Merwe, M. Biblio-play. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world. A play therapy approach*. Pretoria: Kagiso Publishers.

Van Niekerk, H.J. 1998. *Child Welfare Legislation and Practice*. Durbanville: Van Gent Publishers.

Wheal, A. 1995. *The Foster Carer's Handbook*. Dorset: Russell House Publishing Limited.

Yontef, G.M. 1993. *Awareness, dialogue and process: essays on Gestalt Therapy*. New York: The Gestalt Journal Press.

BADISA

Maatskaplike Dienste, Villiersdorp

'n Program van BADISA

"n Gesamentlike bedieningsaksie van die NG Kerk (Wes-en Suid-Kaap) en VGKSA Kaapland

Geregistreerde Organisasie Sonder Winsoogmerk

(Registrasienommer: 011- 891)

Alle Korrespondensie aan	: Posbus 53	Kantoor: Malherbestraat	Tel: 028 840 1700
	VILLIERSDORP	VILLIERSDORP	Faks: 028 840 1700
	6848	6848	

TOESTEMMING TOT SPELTERAPIE

Hiermee verleen ek as kliënt toestemming om by spelterapië in te skakel wat deur me. Inge Schreve, maatskaplike werker by BADISA-Villiersdorp aangebied sal word. Ek is in kennis gestel dat die dienste wat me. Schreve aanbied deel uitmaak van die praktiese vereistes vir haar studies by Hugenote Kollege, Wellington en om 'n navorsingstudie te kan voltooi. Die titel van die verhandeling is: **Riglyne aan maatskaplike werkers om emosionele ondersteuning aan kinders in pleegsorg te bied**. Ek verleen toestemming dat die terapeutiese sessies:

- op video geneem mag word en dat die maatskaplike werker dit vir studie- en eksamendoeleindes gebruik. Die video's mag met die studieleier by Hugenate Kollege en supervisor van BADISA bespreek word; en dat
- die kliënt bewus dat hy/sy by ongeveer 6 terapisessies sal inskakel soos ooreengekom met me. Schreve. Die terapie is vrywillig en die kliënt mag enige tyd besluit om terapie te staak.

As terapeut/maatskaplike werker onderneem ek om alle inligting as vertroulik te hanteer.

Geteken te **op**

OUER/VERSORGER:

KLIËNT:

MAATSKAPLIKE WERKER: